

5C
DIE ONTWIKKELING VAN HANDEL AAN DIE KAAP

TUSSEN DIE JARE 1795 en 1806.

'n Dissertasie vir die verkryging van
die M.A.-graad in Ekonomie.

Deur

H.L.G. Swart. B. Com.

I N H O U D.

Hoofstuk 1. Handel in Kaapstad. pp 1 - 35.

- (1) Algemene beskrywing van handel in die stad.
- (2) Losieshuise.
- (3) Slagtersbedryf.
- (4) Bakkersbedryf.
- (5) Kapitaliste.
- (6) Wynhuise.
- (7) Venters.
- (8) Skuite in Tafelbaai.
- (9) Slawe in die handel.
- (10) Karweiers, houtverkopers, koetsiers.
- (11) Chinese bannelinge en hul rol in die handel.
- (12) Publieke Vandisies.
- (13) Posvaart.
- (14) Rol van die offisiële koerant in die handel.
- (15) Rol van die private handelaars om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien.
- (16) Prys-gemaakte goedere.
- (17) Konklusie.

Hoofstuk 2. Die Binnelandse Handel. pp 35 - 65.

- (1) Die Kaap as 'n landboukolonie.
- (2) Verspreiding van die boere in die kolonie.
- (3) Graanboere.
- (4) Wynboere.
- (5) Veeboere.
- (6) Belastinge op die produkte wat na die mark gebring word.
- (7) Hinderlike faktore.
- (8) Produkte wat na die Kaapse mark gebring word.
- (9) Bemaking van produkte.
- (10) Private handelaars en die pryse van boerderygereedskappe.
- (11) Konklusie.

Hoofstuk 3. A. Bemaking van Koring. pp. 65-89.

- (1) Craig voer koring uit.
- (2) Handel in koring word beheer.
- (3) Monopolie in koringhandel.
- (4) Besuinigingsmetodes.
- (5) Pogings om graan van die boere te kry.
- (6) Pogings om graan elders te kry.

B. Bemaking van Gars en Perdevoer.

C. Wynhandel.

D. Die uitvoerhandel in wyn.

E. Die wolmark.

Hoofstuk 4. Kusvaart en Binnelandse Kommunikasie. pp 89 - 102.

A. Beskrywing van Baai en hawens.

B. Reëlins omtrent die Kusvaart.

C. Visserye.

D. Binnelandse Kommunikasie.

Hoofstuk 5. Buitelandse Handel. pp 102 - 132.

A. Kort beskrywing van die Kompanjie se beleid.

B. Merkantiele stelsel aan die Kaap: Invoere.

(1) Engelse Bestuur 1795 tot 1803.

(2) Bataafse Bestuur 1803 tot 1806.

C. Invoerhandel.

(1) Met die Ooste.

(2) Met Europa en Elders.

D. Uitvoerhandel.

(1) Onder die Engelse Bewind.

(2) Onder die Bataafse bewind.

(3) Uitvoerprodukte.

(4) Die uitvoer van bestaansmiddele.

(5) Konklusie.

Hoofstuk 6. Die invoerhandel in slawe. pp 132 - 148.

(a) Onder die bestuur van die Kompanjie.

(b) Die Britse tydperk.

(c) Onder die Bataafse bestuur.

Hoofstuk 7. Handel met die Inboorlinge aan die Kaap pp.148-160.

(a) Hottentotte en ander stamme.

(b) Kaffers.

(c) Boesmans.

Hoofstuk 8. A. Kort oorsig van die finansiële beleid. pp.160 - 177.

(1) Onder die Bestuur van die Kompanjie.

(2) Britse Bewind.

(3) Bataafse regering.

B. Die Lenings - of Lombardbank.

C. Invloed van geld op die handel.

Hoofstuk 9. Kritiese Analise van die toestand aan die Kaap.
pp.177 - 182.

BYLAES:

No.A: Regulasies vir gelisensieerde slagters
Vleiskontrak met die Regering.

No.B: Regulasies op die huurpryse van waens, rytule,
ryperde ens.

No.C. Regulasies van die verskillende soorte pagte nl.
Kaapse wyn, Kaapse Brandewyn, uitheemse bier en
wyn en moutbier.

No. D: Opname van artikels wat jaarliks uit China, Surat,
Bengal, Ceylon en ander plekke in die Ooste aan
die Kaap ingevoer word.

No.E: Pryse wat die Indiese produkte aan die Kaap behaal.

No.F: Skepe wat die Kaapse hawe aangedoen het, met 'n
ontleding vanwaar en die vragte, aan boord.

No.G::Geldeenhede.

No.H: Vergelykende prystabel.

BIBLIOGRAFIE.

KAART VAN SUID-afrika

KAART VAN DIE WÊRELD

HANDEL IN KAAPSTAD.

Handel was 'n vername, indien nie die vernaamste bron van inkomste van die burgers wat in Kaapstad en in die omstreke van die hoofstad woonagtig was. "Poets are said to be born so, but the Dutch here, and indeed all over the East-Indies, may be said to be born merchants, for in case the father does not trade, but carries on some handicraft business, his wife, daughter, or son must: and this is always done in a particular way of their own, and often without any regular system." ^{1.} Ons sal later sien dat behalwe die verskillende ambagte wat deur die burgers beoefen was, daar geen gespesialiseerde handelondernemings was nie.

Die meerderheid van die koloniste in Kaapstad was handelaars - handelaars in alle denkbare handelsartikels, ons sal byvoorbeeld 'n handelaar vind wat klere, kruideniersware en boerderygereedskap alles deurmekaar in sy winkel te koop aanbied.

Selfs het hulle deur middel van skeepsoffisiere en regstreekse korrespondensie bestellings in Europa en Batavië uitgevoer gekry - wat hulle dan weer by die verderaf wonende burgers aan die man kon bring, en aan die vreemde skepe het hulle allerlei produkte van die land verkoop. ^{2.} Lichtenstein deel ons mee: "The intercourse of foreign commerce, and the marine, open various sources of support to numbers of persons" ^{3.} Behalwe hierdie vragbriewe word ook die gewenste artikels van die kapteins of matrose van besoekende skepe gekoop. ^{4.} Hierdie spekulateurs koop en verkoop by die grootmaat alleen. Die Hollandse offisiere met skeepsladings vanaf Europa het o.a. wyn, bier, kaas, tabakpype, ysterware ens. hier verkoop terwyl die netoervlote uit die Ooste, katoen, rys, tee, ens., hier van die hand gesit het. As die offisiere nie die handelware aan die Kaapse handelaars kon verkoop nie word dit dan per publieke

-
1. Thunberg's Travels Vol.1. p.117
 2. C.Beyers: Die Kaapse Patriotte. p.107.
Mentzel: Description of the Cape. p.79, 95.
 3. Lichtenstein: Travels in South Africa. Vol.2. p129.
 4. Mentzel: Description of the Cape. p.95.

5. 2.
 veiling verkoop. Op dieselfde wyse is die boere se produkte ook
 verkoop as die skepe dit nie wou of kon absorbeer nie. "Such sales
 by auction, are frequently held also in the spring and winter months
 on the company's account, and government generally takes the
 precaution not to allow of the auctions of individuals till the
 company has disposed of its merchandize first." 6. Die Engelse en
 Deense skepe was die bedrywigste van al die nasies aan die Kaap, die
 handelware van die Engelse het hoofsaaklik uit fyn en growwe
 ysterware soos messe, skere, ens., bestaan terwyl die Dene, bier,
 teer en Bengaalse sis te koop aanbied. Die Sweedse offisiere verkoop
 meestal tee, Nankin en chinese sy, koper, hout, growwe grys kleding-
 stowwe, yster, grawe, teer, houtskool en harings. 7.

"In view of the circumstances prevailing, not a week passes without
 serious fluctuations in prices in some article of merchandise or
 another. The man who possess a natural bent for business can always
 make a living here, but he must be wide-awake and well-acquainted
 with shipping men and matters. The times when fleets are expected,
 the likelihood of their bringing any particular kind of goods, the
 period of their stay in Table Bay - all such matters are important
 in determining prices Buyer and seller must seek each other
 indirectly. The buffets and wine shops are the common rendezvous
 for such people. There, one will find them talking business,

8.
 negotiating, bargaining, and clinching matters." Dit is duidelik
 dat die inkomste van hierdie soort handelaar maar baie wisselvallig
 moes gewees het, want skepe met handelsartikels vir die Kaapkolonie
 kon maklik skipbreuk ly. As gevolg van die onsekerheid van voorrade
 wat aan kom is kan ons natuurlik verwag dat die pryse van buitelandse
 handelsartikels en die koloniale produkte geweldig baie sal skommel.
 Skepe het die kolonie nie gereeld besoek nie en dit sou niks buiten-
 gewoon gewees het as dieselfde artikel binne een maand met 50% in

5. Thunberg's Travels. Vol.1. p.260.

6. Thunberg's Travels. Vol.1. p.260

7. Thunberg's Travels. Vol.1. p.261, Rec. Vol.3, p.94 - 100

8. Mentzel: Description of the Cape. p.99.

waarde gestyg het nie. Dit is voor die hand liggend dat dit net die koloniste was wat in die nabyheid van Kaapstad gewoon het wat in hierdie buitelandse handel kon deel. Ons konkludeer dus dat hierdie handelaars uiters wisselvallige profyte uit die handels-transaksies met skeepsbevelvoerders en matrose gemaak het.

"The married servant of the Company is seldom content with his pay and emoluments and always tries to add a little to his income by private trading"^{9.} Hierdie amptenare kon nie handelsvoorrade aanhou nie want die handel het afgehang van die artikels wat hy van die skepe koop. Gevolglik het hy sy goedere van skepe direk uit Holland gekoop of sy voorrade by publieke veilings aangevul. "Voyagers to and from the East Indies are sometimes badly 'stung' in their dealings with rascally sailors and in their annoyance are apt to classify all Cape inhabitants as 'schmousen' or even rogues".^{10.} 'n Faktuur wat die belangrikheid van die Kaapse handel bevorder het was die gretigheid waarmee die Kompanjie toestemming aan sy offisiere gegee het om goedere uit Holland in te voer; maar wat die handel met die Ooste betref is daar nie so liberaal te werk gegaan nie. Wanneer ons die veranderinge van die Kommissaris-generaal kortliks nagaan sal ons vind dat hulle die onwettige handel deur die amptenare stop gesit het. Nederburgh en Frykenius het die invoer van enige goedere deur vreemde skepe verbied.

Volgens Mentzel se beskrywing moes feitlik die hele handels-bedrywigheid aan die Kaap onwettig gewees het.^{11.} Handelaars is nie toegelaat om winkels of pakhuise aan te hou nie want "all public trading is a strict monopoly of the Company". Die logiese konklusie waartoe ons kom is dat die Kompanjie alle handel aan die Kaap gemonopoliseer het en dat dit aanleiding tot grootskaalse smokkelhandel gegee het. "The trading regulations of the Company as regards

9. Mentzel: Description of the Cape p.75, 79.

10. Mentzel: Description of the Cape.p.75.

11. Mentzel: Description of the Cape.p.79.

the importation and distribution of spices are very clearly and strictly defined. According to law no one may trade in cinnamon, cloves, mace and nutmegs unless he purchase them from the Company stores in single pounds at the fixed price of one Dukaton per pound; he may then retail in small quantities at his own price even so, smuggling goes on and it is a fact that it is possible to purchase spices at the Cape, secretly, at a price lower than that charged by the Company."^{12.} Die bewerings van Mentzel is dus ietwat teenstrydig.

Wat hy blykbaar bedoel het met die stelling "civilian traders (and) the official traffickers are not permitted to keep shops or stores" en dat die Kompanjie alle publieke handel monopoliseer, is dat die handelare die goedere alleen van die Kompanjie mag koop en dan teen hul eie pryse mag distribueer. Dit moes die geval gewees het want Lady Anne Barnard skryf dat die winkels baie te koop aanbied.^{13.}

'n Ander vorm van handel was die losieshuise in die stad waar matrose en soldate uitrus en waar die boer tee, koffie, tabak, kaas en ou klere vir sy slawe kan bekom.^{14.} "On the arrival of the ships the people looked forward to lodging and boarding the officers, visitors and seamen, for no one, whatever station in life he was, considered it a discredit to keep a lodging house."^{15.} Die hoof van die huis sal gewoonlik sy slawe met briefies na die kaptein van die skip stuur en 'n uitnodiging aan hom rig om by hom te kom loseer. Selfs W.S. van Ryneveld het hom verwonder oor die "handelsgeest" wat onder die bewoners van Kaapstad heers. Almal is daar handelaars en wel handelaars in alles. Lady Anne Barnard het seker vergroot toe sy beweer het dat al die private woonhuise, behalwe ses, losieshuise was.^{16.} Nietemin gee dit ons 'n idee dat die Kaapse kolonis alle moontlike geleenthede aangegryp het om te sien of hy nie sy inkomste

12. Mentzel: Description of the Cape. p.82.

13. Lady Anne Barnard: South Africa a century ago. p. 199.(sien ook Mentzel: Description of the Cape. p.87 vir drankwinkels)

14. Mentzel: Description of the Cape. p.80.

15. C. Graham Botha: Social life in the Cape Colony in the 18th century p.33.

16. Lady Anne Barnard: South Africa a century ago. 10 Julie 1797 p.49.

kan vergroot nie. 'n Koontlike ander rede waarom losieshuise op so 'n grootskaal aangehou is mag wees dat die koloniste graag die buitelandse nuus van hul vreemde loseerders te hore wil kom.

Dan kry ons ook die agente wat losies aan boere verskaf wanneer die boere hulle produkte na die mark bring. Die boere koop en verkoop ook deur middel van hierdie agente. Omtrent hulle sê Barrow:

"These men are a sort of Jew brokers, who live entirely by defrauding the simple boers in disposing of their produce, and purchasing for them necessaries in return. A boer in the Cape can do nothing for himself." Voor 1795 was die losiesgold 2 rds per dag; maar in 1798 het dit tot 3 rds per dag gestyg; maar aan die anderkant het die lewenskoste ook gestyg.

Die Bakkers en Slagters het 'n goeie Bestaan gemaak. "Everyone can be a butcher by slaughtering a sheep or an ox and selling at so much per pound." ^{17.} Die gemiddelde prys van 'n skaap was 78 stuivers

en een pond skaapvleis het 2 stuivers gekos. Met die koms van die Engelse en later ook die Bataafse troepe het die prys van slagtersvleis natuurlik gestyg maar nie soveel soos die prys van ander

produkte nie. ^{18.} Die slagters en bakkers wat regeringskontrakte aangegaan het om die troepe van vleis en brood te voorsien was in 'n gunstiger posisie as die ander slagters wat die publiek moes voorsien; maar albei bedrywe het goed gevaar sowel onder die Engelse as onder die Bataafse bewind.

In die maande November en Desember 1803 is tussen 150 en 200,000 lb. gescoute vleis na Batavië gestuur. ^{19.} Verder is dit interessant om daarop te let dat die Bataafse outricite op 10 Maart 1805 bepaal het dat in die toekoms alle nuwe slaghuise aan die buitekant van Kaapstad opgerig moet word want as die slagvee deur die strate na die slaghuise geja word, word die strate daardeur verniel. ^{20.}

17. Barrow: Travels Vol. 2. p.97,98.

Mentzel: Description of the Cape. p. 83.

18. Rec. Vol. 2. p. 237 - 238.

19. B.R. 135, p.172. Sien ook B.R. 6. p. 1460 - 1, 1070.

20. B.R. 11. 10 Maart 1805, p. 931.

Onder die bestuur van die Kompanjie was die slagters verplig:

- (1) om een jaar met die besigheid vol te hou
- (2) die vleis nooit hoër as 2 stuivers per lb. te verkoop nie.
- (3) om hul slagtery vanuit hul huise of slaghuise te dryf sonder om ander plekke te gebruik
- (4) om 6,000 rds sekuriteit te gee om as waarborg te dien vir die koloniste van wie hulle vee koop.

Die slagters is ook nie toegelaat om vleis aan enige skip te verkoop nie; alleenlik die gekontrakteerde slagters van die Kompanjie kon dit doen.
21.

As gevolg van die toenemende verbruik aan die Kaap en die toenemende rowerye van die Boesmans asook droogtes het slagtersvleis skaars geword; "Butchers meat in this country may be considered as an article of the first necessity, at the surrender of the Colony, the price of a sheep purchased in the country was from 10 to 12 sk. and the price of an ox 8 rds, at that time the inhabitants of Cape Town could buy from 4 to 5 lbs of meat for 1 sk. and were privileged by the regulations of the market to demand 3 lbs at least for one skilling, since the surrender however the price of butcher's meat in the town, as well as cattle in the country, has progressively increased.
22.

'n Skaap het van 18 tot 19 skellings gekos terwyl beeste ook dieselfde prys behaal het; dit het die prys van slagtersvleis laat styg nl. 2½ lb vir 1 sk.
23.

Die slagters is beskuldig vir die hoë pryse en streng maatreëls is getref om die slagters te beheer. Die pryse van slagvee is vasgestel nl. skape 2 rds, osse 8 rds en 3 lb. vleis vir 1 sk.
24.
25.

Die boere moes elke jaar presiese opgawes aan die veldwagmeesters maak van die skape in hul besit (skape van 1, 2 of 3 jaar oud) en elke

-
21. B.O. 6, p. 21. (B.R. 8, p.2590-2,2598-9.)
 22. B.O. 62, p.140 - 141, 2 Okt. 1798; B.O. 30, p.241 - 2, 24 Aug.,
 23. B.O. 34, p. 286 - 293, 299; B.O.27, p.611. 1796.
 24. B.O. 5, p.426. B.O.27, p.610, 1 Sept. 1798.
 25. B.O. 62, p.134 - 135, 2 Okt. 1798; B.O. 5, p.674, 15 Aug.1800;
 Rec.Vol.lv. p.2.
 26. B.O. 62, p 141, B.O. 34, p.298.

boer moet ook stipuleer die getal slagvee wat hy aan die slagters
27.
verkoop het.

28
Yonge pas egter strenger beheer oor die slagters toe, die
slagter mag nie sy besigheid voor 12 maande nadat hy begin het,
toemaak nie, die slagter is nie toegelaat om meer slagvee te koop as
wat hy nodig het nie; die slagter mag ook nie die slagvee van die
mark weghou om sodoende die prys van vleis te laat styg nie.
Elke maand moes die slagters aan die Burgersenaat verslag doen oor
die hoeveelheid vee wat gekry is gedurende die maand en die getal wat
hulle nog besit. Die maksimum pryse van vleis is ook op die 23 Junie
1800 vasgestel nl. 2 lb skaapvleis teen $\frac{1}{2}$ sk. en $2\frac{1}{2}$ lb beesvleis teen
1 sk. 2 lb beste beesvleis vir 1 sk. 29.
Mnr. J.F. Veyl wat 'n vleis-
30.
kontrak vir die garrisoen het moes 3 lb vleis vir 1 sk lewer.

Die Engelse goewerneurs het neergelê dat net gelisensieerde
31.
slagters die vleisbehoefte moet voorsien en hierdie slagtersbedryf
kan deur enigeen aangedurf word mits hy 'n lisensie het en aan die
vereistes van die Burgersenaat voldoen. Hierdie slagters het van
32.
agente gebruik gemaak om die slagvee van boere op te koop aangesien
die grensboere wat veeboere was dit onmoontlik gevind het om die
slagvee na die Kaapse mark te bring. In Mei 1803 het De Mist
gelos, " dat voortaan de slagters aan hunne knechts, die voor hun
rekening by die Kaapsche Landlieden slagt Vee zullen inkopen, na de
binnen landen zullen meede geeven een instructie of orde brieft,
als mede in Blanco geteekende slagters skuldbrieven, en een lyst van
slagt vhee, in blanco, door den knecht en zelve by elk aankoop aan
33.
te vullen."

Volgens Janssens word die trek en slagvee al hoe slegter:
"Hamels worden geslagt die met helft van het gewigt hebben dat eens
zoude kurnen krygen - Jonge ossen word ter slagtbank gebrag, terwyl

27. B.O. 62, p.142 - 143, 2 Okt.1798.
28. B.O. 62, p.321, 324, 23 Junie 1800.
29. B.O. 62, p.321 - 324, 23 Junie 1800; Rec Vol 111.p.194 - 195.
30. B.R. 4, p.2213, 4 Nov.1803.
31. Rec.Vol. IV, p.2
32. B.O. 5, p.673 - 674; B.O. 62, p.130, 133.
33. B.R. 2, p.496 - 497, Mei 1803.

34.
 die genoegzaame middelen van vervoer ontbreken." Die gevolg hiervan is dat die prys van trekvee vir die landman geweldig hoog styg. Die boere van die Hantam en die Onder-Bokkeveld kla dat hulle hul vee teen lae pryse aan slagters moet verkoop terwyl hulle self ten 35.
 duurste vir hulle benodighede moet betaal.

Vleis het altyd 'n noodsaaklikheid gebly en soos die bevolking gegroei en onder faktore invloed op die ekonomiese lewe aan die Kaap uitgeoefen het, het die aanvraag na vleis steeds gestyg. Tussen 36.
 1796 en 1805 het 1386 skepe die Kaapse hawers oorgedoen en hierdie skepe moet van vleis voorsien word behalwe die skepe moes die koloniste self van vleis voorsien word. Die verbruik in die Kaapse 37.
 distrik in 1797 was as volg:

Garrisoen		4,562	Beeste.	22,812	Skafe.
Vloot		1,810	"	9,044	"
Koloniste		<u>5,000</u>	"	<u>130,000</u>	"
		<u>11,372</u>	"	<u>161,856</u>	"

Die opgawe van vee in 1797 in die Kaapse distrik het 20,957 38.
 beeste en 61,575 skape en bokke aangegee: dit is dan ook die rede waarom die slagters agente in die binneland gestuur het om die slagvee op te koop; daar was genoeg beeste om in die behoeftes te voorsien en uit die tabel is dit duidelik dat meestal skape in die binneland opgekoop sal word. In elke geval, die leër en vloot het 39.
 'n stabiele en winsgewende mark vir die slagters gebied - hulle het 'n goeie bestaan gemaak. (Vir die regulasies van gelisensieerde slagters en vleiskontrak met die regering sien bylae No.A.)

Aangaande die bakkers; "Only the best grade white wheat is used for grinding into flour The baker specialises in confectionery, cakes, pastries and so forth, provided the harvest is good and corn 40.
 plentiful." Die prys van meel word ook gekontraleer en die beste

-
34. B.R. 8, p.2591 - 2600, 22 Aug. 1804.
 35. B.O. 34, p.285 - 297, 297 - 300, 301 - 310, 311 - 318;
 B.R.8, p. 2593, 22 Aug.1804.
 36. B.O. 72, Barrow Travels, Vol.2, p.202; Kaapsche Covrant.
 37. Barrow: Travels Vol 2, p.50.
 38. Barrow: Travels Vol.2, p.49.
 39. B.R.142, B.R.141, B.R.121, p. 1, 45, 179.
 40. Mentzel: Description of the Cape, p.84.

graad word teen 3 stuiwers per lb. verkoop.

41.

Onder die bestuur van die Kompanjie was die bakker verplig:

- (1) om een jaar brood te bak
- (2) en hul koring uit die magasyn van die kommissaris en Raad van Justisie te neem
- (3) om die brood teen vasgestelde pryse te verkoop
- (4) om daeliks goeie brood "uit hunne woning" te lewer
- (5) die koring mag ook net by die kolonie se meule gemaal word
- (6) niemand anders as die geprivilegieerde bakkers kan brood aan die koloniste verkoop nie
- (7) hy het ook die alleenreg gehad om brood en beskuit aan die skepe te verskaf
- (8) die bakker mag ook fyn koringmeel aan die skepe verkoop mits hy nie meer as 2 stuiwers per lb meel vir die koloniste vra nie.

Ek sou nie wil beweer dat die bakkers so 'n goeie bestaan soos die slagters gedurende 1795 en 1806 gemaak het nie. Die rede is dat die bakkersbedryf in 'n onafskeidbare verband met die graanproduksie gestaan het en aangesien die periode deur swak oeste en skaarste aan koring gekenmerk was moes die bakkers noodwendig getref word d.w.s. die bakkersbedryf het gedurig onder beheer van regeringsmaatreëls gestaan .

Die geprivilegieerde bakkers onder die bewind van die Kompanjie het plek gemaak vir gelisensieerde bakkers toe die Engelse die Kaap oorgeneem het.^{42.}

Nadat Craig die flater begaan het om 'n groot gedeelte van die koringvoorraad na Engeland te stuur en die swak oes wat daarop gevolg het, het die beheer maatreëls te voorskyn gekom; die uitvoer van

41. B.O. 6, p.120.

42. B.O.5, p.509, 23 Junie 1799; B.O. 3, p.57, 237.

43. Rec.Vol.12, N.64. p. 319, 328, 374.

44. Rec. Vol. 2. p. 64.

koring, meel of beskuit is verbied; geen gemmerkoekies of wit brood mag gebak word nie.^{45.} Die bakkers kan alleen direk koring van die boere koop. Die oeste van 1797/8 was betreklik mooi en die brood is teen die volgende pryse verkoop: $2\frac{1}{2}$ lb growwe brood teen 2 stuiwers en sewe agstes van 'n lb. wit brood teen 2 stuiwers.^{46.}

Om 'n romp te vermy het Yonge besluit om elke jaar koring te bewaar en op die 4 Des. 1800 het hy geproklameer:

- (1) dat al die geprivilegieerde bakkers in Kaapstad en Simonstad verbied word om koring of meel van enigeen te koop dat alleen van die Kommissie
- (2) die bakkers kan die koring vir $45\frac{1}{2}$ rds per 10 mud van die Kommissie koop
- (3) die bakkers moet elke Saterdag skriftelike opnames van hul verkope gedurende die week aan die fiskaal stuur.^{47.}

Streng beheer is vroeg in 1801 ingestel toe die bakkers verbied is om koring direk van die boer te koop, terwyl die prys van koring op 40 rds vir 10 mud vasgestel is.^{48.} Die prys van brood is vasgestel want die pryse het begin styg; die vasgestelde pryse was as volg:^{49.}

- (1) Alle fyn brood kos 2 stuiwers vir $1\frac{1}{2}$ lb en
- (2) brood gebak van gesifte meel waaruit al die semels gehaal is kos 2 stuiwers vir 14 onse.

Die bakkers is gewaarsku om nie brood onder die gewig te verkoop nie en elke bakker moet die brood met sy naam merk. Twee amptenare is aangestel om weekliks die bakhuise te inspekteer vir die gewig en gehalte van die brood.

50.

Later is strenger opgetree, vanaf die 15de Feb., 1801 mag net een soort brood gebak word wat teen 2 St. vir $1\frac{1}{2}$ lb. verkoop kon word; witbrood kon slegs met spesiale verlof gebak word vir bejaardes en siekes; geen koek "or other articles of confectionery or pastry made from flour", mag verkoop word nie; die prys van brood is op

45. Rec.Vol.2, p. 48 - 50, 55 - 58, 60, 73; Rec.11, p.386, 13 Maart
 46. B.O. 5, p.401, 402, 19 Feb.1798. 1799.
 47. Rec.Vol. 3, p.364; B.R.143, Okt.1804; Kaapsche Covrant, 22 Sept. 1804, No.38.
 48. Rec.Vol.3, p.362 - 367.
 49. Rec.Vol.3, p.409 - 410, 24 Jan.1801.
 50. Rec.Vol.3, p.422 - 423, 11 Feb.1801.

1½ lb. vir 2 stuiwers vasgestel; geen bakker mag sonder lisensie van die Burgersenaat meel aan enige persoon verkoop nie en niemand mag die meel sif of witbrood bak sonder die Burgersenaat se toestemming nie; net brood en beskuit moet van die koring gebak word wat aan die bakkers gelewer is.

Op die 26 Feb. 1801 het Yonge 'n spesiale Kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die "economical expenditure and distribution of bread - corn during the continuance of scarcity (and) to deliberate upon and to cause to be put into execution, all such measures of precaution as they think proper or necessary" ^{51.}
 Die gewig brood is nou 1½ lb tot 1 lb vir 2 stuiwers verlaag. ^{52.} Die profyte wat hieruit gemaak word sal gebruik word om die boere te vergoed wat alreeds hul voorrade na die mark gebring het.

In 1801 was die weeklikse verbruik van koring in Kaapstad 166,090 pond; deur die regulasies van die kommissie is dit tot 158,236 lb per week op die 2 Feb. 1801 verminder en in die eerste week in Maart het dit tot 124,866 lb per week gedaal. ^{53.}

Op die 10 Maart 1801 het 'n kaartstelsel in werking gekom en ^{54.} 8 lyste met name is vir die 8 bakkers opgestel. Die bakker mag net brood verskaf aan die persone wat op hulle lyste verskyn of aan die persoon wat gestuur word terwyl die kaartjie daeliks getoon moet word. Op die kaartjie het die volgende gestaan:-

- (1) die naam van die persoon wat brood koop
- (2) die letter en nommer waaronder hy op die
lys van die bakker verskyn
- (3) en die naam van die bakker wat hom van brood
voorsien.

Die doel van die kaartstelsel was om 'n eksakte distribusie van brood vir elke individu te verseker en om so ver moontlik die gebruik

51. Rec.Vol.IV, p.6, 65, 142 - 146, 149 - 216, 153.

52. Rec.Vol.IV, p. 157 - 159, Rec.Vol IV, p.453, 20 Maart 1801.

53. Rec.Vol.IV, p.160.

54. Rec.Vol.IV, p.162.

daarvan te bespaar. Die koloniste was heeltemal tevrede om hulle by die regulasie te berus. Op die 20 Maart was die rantsoen 1 lb. brood per dag.^{55.}

Op die 5de April 1801 is die rantsoen van sekere klasse tot 'n half pond brood verminder en inplaas van brood sal voortaan op Donderdae en Sondaie 1 lb. rys gegee word.^{56.} Die toestand het so akuut geword dat die bakkers toegelaat was om gars by die koring te meng en daarvan brood te bak.^{57.} Aangesien sommige persone witbrood op 'n skelm manier probeer kry het, is lyste vir witbrood elke Saterdag opgestel.^{58.}

Die toestand het gaandeweg verbeter as gevolg van die invoer van voorrade koring en rys, en op die 12de Desember 1801 kon die Kommissie aankondig dat elke persoon weer 1 lb brood kon kry behalwe op Sondaie wanneer rys uitgegee sal word.^{59.}^{60.}

Die Bataafse autoriteite het al die regulasies van die Engelse bewindhebbers oorgeneem en ook dieselfde beleid toegepas want gedurende hulle bewind het die koringskaarste voortgeduur. In November 1804 is egter nog by bepaal dat die bak van bolletjies en "dergelyk klein goed" verbied word maar dat botterbeskuitjies en soetkoekies wel gebak mag word.^{61.} Die geprivilegieerde bakkers mag net 4 dae van die week brood verkoop.^{62.}^{63.}

In die algemeen kan ons konkludeer dat die bakkers 'n stabiele mark gehad het. Hulle het 'n goeie bestaan gemaak veral toe die troepe - en vlootmagte van die Engelse die mark vergroot het.^{64.} Slegs omstandighede buite die beheer van die bakkers het verhinder dat hulle die volste gebruik van hul kanse gemaak het.^{65.}

'n Onontbeerlike groep wat later deels deur die Lombard leningsbank vervang is, was die kapitaliste "who derive their income from lending money on interest upon most advantageous conditions."^{66.}

-
55. Rec.Vol.3, p.453, 21 Maart 1801.
 56. Rec.Vol.IV, p.174 - 176; B.R. 9, p.3368, 24 Okt.1804.
 57. Rec.Vol.IV, p.181, 20 April.1801. (58.)Rec.Vol.IV,p.189.
 59. Rec.Vol.IV, p.53,114,215,446.
 60. Rec.Vol.IV, p.212.
 61. Kaapsche Covrant, 10 Des.1803.
 62. Kaapsche Covrant, 10 Nov. 1804, No.45.
 63. Kaapsche Covrant, 14 Sept.1805, No.37; B.R. 9, p.3368.
 64. B.R.141,B.R.14,p.3424;B.O.9,p.305;B.R.121,p.17,29,85,187,373,
 B.R.122,p.403,413,425,B.O.6,p.439.
 65. B.R. 11, p. 1271.
 66. Mentzel: Description of the Cape, p. 85.

Boere wat in die moeilikheid gekom het meens droogte of insekteplae moes noodgedwonge hul toevlug tot hierdie kapitaliste neem wat geld teen 6% rente voorgeskiets het. Tot 1793 toe die leningsbank gestig was was die boer vir leningstransaksies alleenlik afhanklik van hierdie private geldskietters en die weeskamer.⁶⁷ Die bank het 5% rente op sy lenings gevra en die kapitaliste gedwing om hul rentekoers van 6% na 5% te verlaag.⁶⁸ Ons kan dus aanneem dat hierdie private geldskietters tot voor 1793 hul invloed kon laat geld het alhoewel hulle maar min in getal was.

"Among the most profitable businesses is a licensed mineshop,"⁶⁹ aldus Mentzel. Na elke perseel (daar was 4 persele) kon die huurder 4 wynhuise aanhou en die getrouste besoekers was die soldate, matrose en slawe. "A more reputable place, frequented by non-commissioned officers and men of similar standing, retails the same wine in pint bottles at 6 stuiver per bottle."⁷⁰ Other men who draw their livelihood from the wine trade are the so-called wholesale dealers or engrossers. These are not lease-holders but permit holders, whereby, upon the payment of a stipulated fee, they are allowed to bring into the town 12 leaguers of wine"⁷¹ Die prys wat hy vra is die helfte van die pagter se prys en hy mag ook nie minder as 'n halfaam op 'n slag verkoop nie. Wyn kon selfs direk van die boer gekoop word. Ons konkludeer dus dat die monopolie van die wynhandel onder die bestuur van die Kompanjie 'n monopolie in die kleinhandel was. Ingrypende verandering was deur die Britse en Bataafse autoriteite voorgestel maar albei het dit gerade geag (en ook winsgewend) om maar die stelsel van die Kompanjie oor te neem.

Sommige inwoners van Kaapstad het 'n bestaan gemaak uit die groente - en vrugtetuine wat hulle buite die stad aangehou het.

"Alle, die koeijen hebben, verkoopen melk, die tuinen hebben, groentes,

- 67. P.K.Louw: Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie 1795-1806, p.17.
- 68. E.H.D. Arndt: Banking and Currency Development in S.A. p.168.
- 69. Mentzel: Description of the Cape, p.85.
- 70. Mentzel: Description of the Cape. p.86.
- 71. Mentzel: Description of the Cape. p.87.

14.
72.
geen huis is er bijna of men vindt er iets te koop" Die eienaars het dan gewoonlik die slawe met mandjies groente en vrugte na gereelde klante in die stad gestuur of andersins het die slawe die produkte langs die strate verkoop.

Die burgers het ook skuite besit, dit vol voedsel en drank gelaai en dan na die skepe in die baai gevaar om die voorrade aan die matrose aan boord te verkoop. Wyn, bier, vrugte en ander eetware was baie deur die bemanning gesog na 'n lang seereis. Aangesien die burgers "bovenmatige pryzen" aan huurders van die skuite gevra het het die goewerneur besluit "een billyk tarif van zodanige pryzen als door de verhuurder van jollen en ander vaartuigen naar den aart der omstandigheeden zullen mogen worden gevorderd."

Slawe-eienaars het hul slawe soms verhuur en daar is beweer dat sommige huisgesinne uitsluitlik van die slawe afhanklik was. Die huurder betaal die eenaar 4 rds per maand en voorsien die slaaf van kos en tabak maar nie van klere nie. Die huurgeld van slawe per dag het van 2 rds 3 sk. voor 1795 tot 4 of 6 sk. in 1798

gedaal. Maar Mnr. P.J.Viljoen het tot die gevolgtrekking gekom dat om te beweer dat hulle en hul huisgesin en slawe kan onderhou en hul belastings betaal uitsluitlik uit die lone van hul slawe, is pure onsin. Skoenmakers, kleremakers, skrynerkers, messelaars ens., het almal van goedkoop slawe-arbeid gebruik gemaak; 'n slaaf bak brood vir die bakker, doen naaiwerk vir die kleremaker en doen die messel - of houtwerk vir die bouer. In 'n proklamasie op die 23 Julie 1800 is slawe verbied om 'n eie besigheid te dryf. Vroeër het ons gesien dat slawe ook as venters gebruik is. Alles het natuurlik nie so maklik geskied nie want heel gou is ontdek hoe gerieflik en maklik dit is om gesteelde goedere deur middel van slawe van die hand te sit. Om diefstalle te voorkom is op 23 Nov.1804

72. De Jong: Reize Vol.1. p.156.

73. Mentzel: Description of the Cape, p.88.

74. Thunberg's Travels Vol.1.p.99, B.R.10,p.775,27 Feb.1805:
Sien ook Kaapsche Covrant, 10 Nov.1804, No.45.

75. Mentzel: Description of the Cape, p.89-90.

76. Rec.Vol.2, p.237 - 238.

77. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste,p.54.

78. C.Graham Botha: Social life in the Cape Colony in the 18th Century, p.34.

79. Rec.Vol.3, p.199, 23 Julie 1800.

geproklameer dat:

- (1) niemand goedere van slawe mag koop nie
- (2) as gesteelde goedere van 'n slaaf benede sy waarde gekoop word dit gekonfiskeer en straf toegedien sal word.
- (3) geen goedere wat deur slawe op straat te koop aangebied word, gekoop mag word nie.

80.

Op die 6 Feb., 1805 is daar 'n verandering oorgebring "om de vryheid van een ieders eerlyk bestaan door geene andere bepaalingen, dan die het heil der Volkplanting gebied, te belermeren, goedgevonden hebben te verklaaren", dat dit die inwoners van die stede vry staan om allerhande koopware, waarvan die handel nie spesiaal verbode is nie, wat deur die slawe langs die strate verkoop word, te koop mits die volgende regulasies nagekom word:

- (1) die slaaf of slavin wat verkoop moet geregistreer wees.
- (2) Elke slaaf moet dan 'n sertifikaat van die President van die Gemeenteraad kry.
- (3) Hierdie sertifikaat kos 4 skellings en is net vir 3 maande geldig.
- (4) die slaaf moet 'n bordjie hê waarop die nommer van die sertifikaat asook die naam van die eienaar in swart letters op 'n wit agtergrond verskyn.
- (5) die slaaf moet 'n lys van die goedere met die pryse daarby besit en moet deur die eienaar onderteken word.
- (6) Die geregsdienaars het die reg voorbehou om slawe aan te hou vir ondersoek.

(7) Wanneer bevind word dat die slaaf oortree het,

word die goedere gekonfiskeer en die eienaar

81.

met 50 rds beboet.

"A building activity is always proceeding in and around the town, brick and lime burning are profitable occupations. A Licence from the governor is required for the construction of a brick or a lime - kiln."

82.

Die koms van die Engelse en die Hollanders in 1795

en 1803 het die boubedryf 'n groot stoot vorentoe gegee want nuwe

magasyns moes gebou word; gevangenis moes herstel word; militêre-

geboue by Muizenberg en Simonstad moes reggemaak word; afgebrande

83.

meulers moes herstel word ens., Dit het tot 'n gevolg gehad dat die

aanvraag na timmerhout geweldig gestyg het. Hoewel daar 'n groot

verskeidenheid van houtsoorte in die kolonie aanwesig was was die

84.

regerings tog genoodsaak om telkemale timmerhout in te voer.

Eienaars van karre en perde maak geld as koetsiers, karweiers

85.

of houtverkopers. Hierdie werk is ook deur die slawe gedoen. Die

houtryers moes 'n lisensie van 5 rds uitneem en as hulle die hout

86.

self kap nog 12 stuivers. Sommige burgers verhuur hul waens en

87.

88.

perde en die tariewe is vasgestel. Op die 19 Feb. 1799 is 'n

proklamasie deur Yonge uitgevaardig wat die huur van waens vaslê.

89.

Tot dusver kon enige bedrag gevra word en in die toekoms kan die

Burgersenaat die huurpryse elke maand vasstel. (Vir die regulasies op

die huurpryse van waens, rytuie en ryperde ens., sien bylae No.B.)

Die Chinese bannelinge in die kolonie het ook hulle plek in die

handel volgestaan. Hulle was hoofsaaklik bannelinge van Batavia wat

'n spesiale belasting betaal het in stede van om harde arbeid te

verrig. Hulle was goeie koks, "and are the only candlemakers at the

Cape, for though the home-made farm candle is serviceable, it cannot

81. B.R.10, p.406 - 408, 6 Feb.1805.(sien ook Kaapsche Covrant 16 Feb.,1805, No.7.)

82. Mentzel: Description of the Cape, p.90.

83. B.R.12, p.1741, 1841, 2068, 2254, 2305, 2393, 2091 - 2098, 3 Jul.1805

B.R.11, p.997, B.R.14, p.3946, B.R.8, p.2448, B.R.11, p.1305,

B.R.13, p.3034.

84. B.O.9, 13 Maart 1798; B.R.10, p.773, 27 Feb.1805; B.R.2, p.381, 437, 449, 12 Mei 1803; Barrow: Travels in South Africa Vol 2 p.298.

85. Mentzel: Description of the Cape, p.91.

86. African Almanac 1802.

87. B.O.5, p.93 - 94.

88. B.O. 5, p.717 - 720, 14 April 1801.

89. Rec. Vol. 2, p.45, 46.

be compared in appearance with the handiwork of the Chinamen" Hierdie
 90.
 chinese het ook klein eethuise bestuur waar tee en koffie verkry
 91.
 kon word; "they specialise in the making of kerri-kerri." "Some
 time after the Cape fell into our hands, a few coffee - houses and
 taverns were established by persons who came from England for that
 92.
 purpose."

Die Publieke veilinge het 'n baie belangrike rol in die handel
 aan die Kaap gespeel. Nie 'n dag gaan verby voordat publieke veilinge
 voor of na die ete gehou is nie; "and it is no uncommon thing to see
 the same identical article exposed at two different sales on the
 93.
 same day" aldus Barrow. Dit was 'n soort van 'n lotery; 'n mens
 koop goedere in die oggend en verkoop dit weer in die middag met
 die doel om 'n wins te maak. Bykoms al die verkopings moes in die
 openbaar plaasgevind het. Vrywillige of verpligtende (in geval van
 insolvensie) opveilinge word deeglik geadverteer 'n paar weke voor
 die veiling plaasvind. Volle besonderhede oor die datum, aard en
 94.
 voorwaardes van die verkoping word gegee. Alle verkopings begin
 om 9 uur "and on the morning of the sale the auctioneers man goes
 round the town between the hours of 8 and 9 armed with a metal disk
 and mallet. This gong is beaten at all the cross-roads and for
 greater publicity the messenger makes frequent audible refence to
 the sale." By die verkoop van vasgoed word 8 tot 12 dukatons aan die
 hoogste bieder as "arrha" gegee en die partye word gebind om die
 kontrak ten uitvoer te bring mits daar nie 'n voordeliger aanbod
 gemaak word nie. Die veiling word be-eindig wanneer die bieder die
 afslaer se offer beklank deur "myne?" uit te roep. Die afslaer kry
 95.
 sy kommissie op die verkopings nl. $\frac{3}{4}\%$ op vasgoed en $1\frac{1}{2}\%$ op losgoed,
 (onder die Kompanjie se bestuur het die afslaer 4% op alle verkopings
 gekry.) Soms is die verkopings aan die huise van die koloniste

-
90. Mentzel: Description of the Cape, p.92.
 91. Mentzel: Description of the Cape, p.92.
 92. Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.175-192, 243.
 93. Barrow: Travels vol.2, p.97.
 94. Mentzel: Description of the Cape, p.93 - 97.
 95. Rec.Vol.1, p.214 (Vendusie gelde van $3\frac{1}{4}\%$ op die verkoop van
 roerende eiendom en $1\frac{1}{2}\%$ op vasgoed is geëis.)

gehou want byna elke kolonis was 'n handelaar " geen huis is er bijna of men vindt er iets te koop: bij dezen hoeden, batisten en hammen; bij genen garers, schoenen en suiker; hier lakens, gazen en schoensmeer; dáár houssen, pomade en thee" ^{96.} Verreweg die meeste publieke veilings het geskied aan die pakhuis op die stadhuis-plein ^{97.} byv. op 6 Sept., 1805 was die volgende goedere uit Europa afkomstig aan ^{98.} pakhuis No.3. op die stadhuis-plein te koop aangebied.: fyne casimieren van blauwe, swarte en andere couleuren; - dito laken, van dito couleuren; - grof blaauw laken; - en eene quantiteit fyne Eng. ronde hoeden; - aardewerk van zeer fraaye maakfels; - tafel servies van chinasche patronen, in groote verscheidenheden; - Kopjes en schotel-tjes dito:- Kommetjies; - Thee potten; - melk en suikerpotjes van blaauwe Chinasche Couleuren; - vergulde pletty Knoopen, van de nieuwste smaak; - snyders schaaren; - vingerhoeden en naalden; - Kammen van yvoor en schilpad; - kleder - , schoen - en tanden - borstels; - naalden en spelden by't pond en in pakkies; - pletty en kopere kandelaars: - tafel -, thee - en soup lepels; - zegel lak; - potlood; - en ouwels. Alsmede eere groote verscheidenheid van gemaakte messe - waaren, bestaande in fyne penne - messen; - tafel-messen en vorken; - scheer-messen; - schaaren; - ordinaire knip messen groote hoeveelheid verlakte waaren, als Broodbolsjes, koffy - en thee - potten:, - thee-keetels, presenteer - bladen, kopere keetels; - ham - en visch-keetels & c. Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van 'n publieke veiling wat by 'n pakhuis geskied. Uit die opbrings van die veiling moes 2½% op die verkoop van vasgoed en 5% op die verkoop van losgoed ^{99.} aan die regering betaal word. Die onderstaande tabel gee ons 'n denkbeeld van die inkomste wat die regering van publieke veilings gekry het:

-
96. De Jong: Reize Vol.1.p.156,
 97. Kaapsche Covrant 28 Aug. 1804 no.34;
 98. Kaapsche Covrant 31 Aug.1805, No.35.
 99. Rec.Vol.1. p.132 - 133.

Sept.1793-Aug.1794	1794-1795	1795-1796	1798-1799	1800-1801	1803	1804
10,832 rds.	10,544	12,375	61,214	85,886	31,356	62,009.

(die inkomste vir 1803 is slegs vir 9 maande bereken terwyl die inkomste van 1804 vir 15 maande bereken is.)

Die oud - fiskaal, W.S. van Ryneveld, in sy kommentaar oor die finansies aan die Kaap, sê dat daar is geen rekening van die landsinkomste wat so belangrik soos hierdie is nie en sal stellig met die vermeerdering van handel en industrie toeneem. Uit die tabel is dit

duidelik dat sedert die Engelse die bewind in 1795 oorgeneem het die inkomste uit publieke veilings geweldig begin styg het. Prys-gemaakte of gekonfiskeerde goedere is natuurlik ook deur middel van publieke veilings van die hand gesit maar hulle het 'n afsonderlike bron van inkomste gevorm.

Wanneer 'n plaas verkoop word dan moet die koper 'n fees vir al die aanwesiges verskaf. 'n Tipiese voorbeeld van die materiaal wat op plattelandse vandisies verkoop word is: slawe, waens, huismeubels, bougereedskap, ryperde, "Springhengsten" Engelse en Spaanse rasse, aanteelperde en -skape, hamels, bokke, aanteelbeeste, trekosse en muile.

Verkopings in kleiner handelware is meestal vir spekulatiewe doeleindes gekoop. Klein verkopings word 'n dag voor die opveiling bekend gemaak en "neighbours usually associate in the holding of such sales and avail themselves of the opportunity of disposing of oddments of furniture, or any other superfluous object." Sommige inwoners het besigheidskorrespondente in Holland en Batavië gehad aan wie hulle geld gestuur het om artikels te koop wat vir die Kaapse mark geskik is. Hierdie handelaar koop en verkoop by die

100. Rec.Vol.1.p.132-133; Rec.Vol.5,p.409;W.S.v.Ryneveld: A.Z. Dl 1X 1832, p.376-378. Tydschrift.
 101. W.S.van Ryneveld: Z.A.Tydschrift Dl.1X,1832,p.376-378.
 102. Rec.Vol.111,p.35-39, 3 Feb.1800.
 103. Rec.Vol.V, p.409.
 104. Mentzel: Description of the Cape,p.94.Lichtenstein:Reize Vol 3 (p.99.)
 105. Kaapsche Covrant 2 Feb.1805,No.5.
 106. Mentzel: Description of the Cape, p.94.

grootmaat. Die Kompanjie was nie erg daarop gesteld dat goedere uit Holland aan die Kaap ingesmokkel word nie maar het veral daarop gekonsentreer om oosterse goedere wat na Holland gesmokkel word te voorkom. By hierdie verkopings kon soms goeie winste gemaak word.^{107.}

Om die prentjie van die vandisie af te rond is dit nodig om een en ander omtrent die vandisiemeester te vertel. Die Kompanjie het vroeër sy eie vandisiemeester aangestel en het die eksklusiewe reg besit om alle eiendom by 'n publieke veiling te verkoop of laat verkoop; en die vandisiemeester was direk aan die Kompanjie verantwoordelik vir die persentasie was hy aan die regering moet betaal. Dus aan die begin van die 18de eeu was daar geen gelisensieerde vandisiemeesters aan die Kaap nie. Die reg om publieke veilings te hou het by die sekretaris van die Politieke Raad berus maar die sekretarisse van die Weeskamer en hooggeregshof kon verkopings hou as die eiendomme op hul respektiewe aktiwiteite betrekking het. In 1795 het Clarke en Elphinstone hierdie eksklusiewe reg vernietig verklaar en 'n algemene permissie aan enige persoon gegee om daardie pos te vul, mits hy die vereiste sekuriteit kon gee en die lisensie van 50 rds per jaar betaal. Hierdie regulasie het van krag gebly tot 1 Junie 1808 toe net een vandisiemeester weer aangestel is.^{108.} Hier volg die voorwaardes waaronder 'n lisensie vir 'n voornemende vandisiemeester uitgereik kan word:^{109.}

(1) Hy moet 'n jaarlikse lisensie van 50 rds uitneem.

(2) Hy moet goeie sekuriteit van 2 persone kry nl.

12,000 rds moet as sekuriteit vir die publiek in geval van insolvensie dien en die 8,000 rds moet gereed gehou word "to answer any demand which may be against him on the part of the revenue."

(3) Die vandisiemeester moet die opbrengs van die verkope

107. Mentzel: Description of the Cape. p.96 - 97.

108. African Almanac 1802; Rec.Vol.1.p.214 - 215.

109. Rec.Vol.VII, p.181 - 182.

110. B.O. 7, p.19 - 20, 26 Okt.1795; Rec.Vol.1, p.214 - 215, 30 Okt.1795. B.R.12, p.1941 - 1945, 12 Junie 1805.

aan die persone wat hom aangestel het betaal nadat die regeringsbelasting en sy kommissie afgetrek is. As die vandisie in Kaapstad of binne 'n omtrek van 2 uur vanaf Kaapstad plaasvind kry hy 3 maande tyd om te betaal; in alle ander gevalle is die betalingstydperk 6 maande nadat die goed verkoop is.

- (4) Die belasting op publieke veilings is $3\frac{1}{2}\%$ op ^{111.} losgoed en $1\frac{3}{4}\%$ op grond en huise (heelwaarskynlik was daar ander regulasies vir geboue) en dit moet deur die vandisiemeester aan die Ontvanger-generaal binne 3 of 6 maande soos die geval mag wees, betaal word.
- (5) Binne 48 uur nadat die verkoping plaasgevind het moet hy 'n Verkoopstaat aan die Ontvanger van belastings "not depending on land," stuur. Hierin moet die naam van die persoon wie se goed verkoop is verskyn; ook die bedrag wat behaal is moet gestipuleer word. As daar enige onreëlmatigheid in die aangestipte bedrag gevind word, moet die vandisiemeester 'n boete van 10 maal die weggelate som betaal.
- (6) Die boeke kon op aanvraag deur die regering, die Raad van Inkomste en Ontvanger van Inkomste ondersoek word; as die boeke nie binne 12 uur na aanvraag verstrekkend word nie word 'n boete van 500 rds opgelê.
- (7) Die vandisie-staat (Auction Bill) moet op verseëlde papier geskryf word; maar wanneer die bedrag minder

as 100 rds is kan dit op onverseelde papier
geskryf word.

- (8) Die vandisies moet in die mees publieke manier
gehou word nadat toestemming verkry is. Al die
artiekels wat deur dieselfde persoon op verskeie
dae van die vandisie gekoop word moet op die
Verkoopstaat verskyn. As daar in gebreke gebly
word om dit te doen is die vandisiemeester aan
500 rds boete onderhewig; en wanneer die afslaer
die verkope in klompies deel om sodoende die
seëlbelasting te ontduik moet hy ook dieselfde
boete betaal.
- (9) Aangesien die vandisiemeester vir die opbrengs
van die verkope verantwoordelik is sal hy die
reg van parate executio besit waar dit nodig is
en sal binne 1 jaar die eerste aanspraak op die
goedere hê wat hy verkoop het.

Die nuwigheid wat die Britse regering aangebring het was die
instelling van 'n hele paar vandisiemeesters mits hulle aan die
vereistes kon voldoen. Die Bataafse bewind het gesien dat verdere
veranderings nodig was; tot dusver het die vendu-afslaers self die
geld ingesamel maar dit het moeilik geword weens sy ander pligte wat
hy ook moet vervul en deels ook "dat de door hun gedane aanmaningen
door eenige menschen zyn worden ontkend" Om alle ongerief
uit te skakel is 'n publieke Comptoir (prokureur Jan Daniel Alders)
aangestel "tot den ontvangst van alle vendupenningen en paaybrieven .."
Geen "aanmaaning of incasseering" mag deur die vandisie-afslaers
gedoen word nie "maar dat een iegelyk, die sedert den eersten July
jongst. en voortaan op de publieke vendutien te handen, onder de

112. Kaapsche Covrant, 3 Aug.1805, No.31.

directie van den ondergetekende vendumeester (Hercules Sondeberg) zal koomen te koop, verplicht zullen zyn, hunne vendubrieven ten 113. comptoire van gemelden Alders tegens betaling te gaan aflossing"

'n ander nuwigheid van die Bataafse regering aan die Kaap was die instelling van die Desolate Boedelkamer: Vroeër het die sekretaris van die Raad van Justisie alle insolvente boedels en eksekusies 114. behartig. Die taak was egter te veel en dit het 'n nadelige invloed op die samelewing gehad; die mense het geweet dat die "sequester" ver agter was met die uitvoering van die aantal vonnisse en sodoende koop hulle alle roerende en onroerende goedere ver bo die waarde in die versekering dat hulle 3 jaar of langer besitter van die goedere kan bly voordat hulle deur wanbetaling aan die beurt kom om "ge-executeerd" 115. te word.

Die gevolg was dat borge baie maklik te verkry was. Nadat De Mist eers informasie versamel het is die Desolate Boedelkamer in 116. die lewe geroep om alle insolvente boedels so gou moontlik af te handel. Die boedelkamer sou 4% van alle verkopings kry en 2% in gevalle waar direkte skikkinge tussen krediteure en debiteure getref is. Gedurende die eerste jaar van die bestaan van die kollege is nie minder as 538 vonnisse gevel waardeur die land uit die 4% 7932 rds en 117. uit die likwidasië teen 2% 4182 rds 6 sk. 2 st. ontvang het. In 1808 was die bedrag wat in die tesourie betaal is 11,578 rds 2 sk 1 st 118. beloop.

Daar het tog onreelmatigheide op vandisies plaasgevind. Die goedere wat te koop aangebied is word dikwels deur die eienaar self of sy agent tot so 'n hoë prys gebie wat ver bo die werklike waarde van die artikel is; as hierdie taktiek nie slaag nie word dit per private transaksie vir minder verkoop "whereby the fair trader is injured and 119. the Public Revenue defrauded of the vendue Duty. In Mei 1806 het Baird as volg bepaal dat:-

-
- 113. Kaapsche Covrant, 3 Aug. 1805 no. 31.
 - 114. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek. p. 86.
 - 115. B.R. 109. p. 221 - 222, 13 April 1803.
 - 116. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek. p. 86.
 - 117. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek. p. 88.
 - 118. Rec. Vol. VII, p. 190.
 - 119. Rec. Vol. V, p. 411, 2 Mei 1806.

- (1) die vandisiemeester 'n aparte rekening van al die goedere moet hou wat te koop aangebied is en gekoop is deur die eienaar daarvan
- (2) Slegs die helfte van die huidige belastings gehef kan word
- (3) vaste-eiendomme van hierdie regulasie vrygestel is. As die vaste eiendom per private transaksie deur die hand gesit word, 6 weke nadat dit op die publieke veiling te koop aangebied was, moet die gewone belasting gehef word asof dit op gewone publieke veiling geskied het
- (4) enige poging om die skatkis te beroof sal tot gevolg hê dat die goed gekonfiskeer word benewens 120. die boetes.

Op die 19 Feb. 1799 het Yonge 'n proklamasie uitgevaardig wat op 121. kruiers betrekking gehad het. Elke persoon wat die goedere van vreemdelinge en koloniste wil dra moet 'n lisensie te dien effekte van die fiskaal kry. Dit was meestal koelies wat as kruiers diens gedoen het.

Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk aangestip was daar aan byna elke private woning handel gedryf byv. by die huis van F. Korsten op die hoek van Keizenstraat No. 4. sou die volgende artikels op Maandag 28 Jan. 1805 verkoop word: blou linne, rooi en blou sakdoeke, 122. 123. 100 lb. Bengaalse rys ens., Besigheid het Sondae voortgeduur maar handelaars is nie toegelaat om handel te dryf terwyl die godsdiens- 124. oefeninge aan die gang was nie. Werknemers het ook langer rustyd gekry nl. vanaf 1 uur tot 3 uur die middag het die Kaapse handelaars 125. gewoonlik 'n bietjie geslaap. In die woorde van W.S. Van Ryneveld heers daar 'n "handelsgeest" onder die bewoners van Kaapstad wat sy

-
120. Rec.Vol.V, p.411, 2 Mei, 1806.
 121. Rec.Vol.III, p.45 - 6, 19 Feb.1799.
 122. Kaapsche Covrant, 26 Jan.1805, No.4.
 123. Kaapsche Covrant, 9 Feb.1805 No.6, 16 Feb.1805, No.7.
 124. Kaapsche Covrant, 30 Junie 1804, No.26.
 125. G.M.G.Theal: History & Ethnography of South Africa before p.301.

bewondering afdwing. Almal is handelaars. Selfs 'n ambagsman as hy 'n slaaf kan bekostig dan neem die slaaf sy ambag waar "hy koopt terstond negotiegoederen, hy hangt terstond zyne vensters vol monsters van negotiegoederen, en weldra ziet men hom of zyne vrouw, of een krecht, welken hy daartoe expres aanhuurt, achter de toonbank staan."

126.

Hierdie handel het hoofsaaklik onder die Engelse bewind gebloei. Hierdie handelaars was "algemene handelaars" soos die term vandag heet; "die in zyde stoffe, in boter, in kaas handelen - handelen ook te gelyk

127.

even zoo in lakens, in yzer, in smekolen en dergelyk" Die hoofsaak was om die handel te monopoliseer. Lady Anne Barnard skilder ons 'n mooi prentjie van hoe sake gestaan het: ".... nor is ther one house in Cape Town where any article may not be bought in a clandestine manner if a tempting price is paid. But the master pretends to know nothing of the matter, as there is a great degree of false pride amongst them, no one choosing to confess he does the thing which all

128.

do, and all know are done." In 1795 toe die Engelse die Kaap oorgeneem

129.

het is alle restriksies op handel en monopolies afgeskaf, maar die

130.

handelondernemings sou deur die Burgersenaat beheer word. Ondernemings soos bakkerye, slagterye en wynhandel moet streng beheer word

131.

maar sekere burgerlike bedrywe kon soos vroeër voortgaan. Die fiskaal

132.

het ook die nuwe beleid gesteun.

Die handelsmetode het dieselfde gebly ook onder die Bataafse regering byv. slagters, bakkers en wynpagters. Die plig van die Burgersenaat sover die handel aan betrek was om te kyk na die paaie, mate en gewigte; hulle stel pryse van brood vas; doen ondersoek na die toestand van oeste en tref maatreëls teen 'n tekort aan koring "They are directed to take particular care that the tradesmen of the town, and more especially the smiths and cartwrights, impose not on the country boers in the prices of utensils necessary for carrying on

126. W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift 1831, p 376.

127. W.S.v.Ryneveld: A.Z.Tydschrift 1831, p. 381.

128. Lady Anne Barnard: South Africa a Century ago p.52, 10 Jul.1797. (Die kommissaris-generaal het hierdie sluikhandel vernietig: De Jong - Reize Vol.1, p.150 - 157.)

129. B.O.61, p.5 - 6p 17 - 22, 18 Sept.1795.

130. B.O.65, p.15, 31 Jan.1796 art.15.

131. B.O.5, p.61 - 68, 8 Julie 1796.

132. B.O.7, p.120 - 134.

133.

the business of agriculture." Ons kan natuurlik verwag dat wanneer belangrike pligte byv. regmaak van paaie, deur die Burgersenaat gedoen moet word dat hulle ook aan hul eie ook sal dink; en dus het hulle gewoonlik hul swakste gereedskap gestuur om publieke werk te verrig.

Wanneer ek die handel in Kaapstad bespreek kan ek nie nalaat om melding van die posvaart te maak nie. In Maart 1798 is die eerste ^{134.} poskantoor in die kolonie gestig. Tevore is briewe vir private burgers as 'n guns afgelewer en is aan persone op besoekende skepe gegee. Hierdie kantoor was hoofsaaklik vir die buitelandse korrespondensie bedoel aangesien daar nie sprake van 'n posdiens vir die binneland was nie. Die koste per brief was 1/- per reeling en op boeke en pakkette 4/- per pond. Mnr. John Holland is as posmeester-generaal aangestel met sy kantoor in die kasteel. Die handelaars in Kaapstad sal natuurlik van hierdie buitelandse posvaart gebruik maak om handelsbetrekkinge met die buitelandse markte aan te knoop. Dit is nie iets nuuts nie maar die nuwigheid is dat buitelandse posverkeer 'n publieke instelling in 1798 geword het.

In Oktober 1805 is 'n gereelde posverkeer tussen Kaapstad en Stellenbosch ingestel en pakkies kon ook versend word teen betaling ^{135.} van 1 stuiver per pond gewig. Reeds in Julie 1803 is "een klein

corps ligte veldruiters" in die lewe geroep om korrespondensie ^{136.} tussen die hoofplaas en die grense te behartig. Die opbrengs van posgeld was as volg: 1797 - 8, 642½ rds, 1798 - 9, 950 rds; 1799 - 1800, 1112 rds; 1800 - 1, 1397 rds; 1803, 540 rds. 1804, 251 rds; ^{137.} 1808, 4694 rds. Ons merk dadelik dat toe die Hollanders die Kaap

in 1803 oorgeneem het die inkomste van posgeld begin daal het. Die rede hiervoor is dat posverkeer met die buiteland feitlik tot stilstand gekom het weens die oorlog wat kort na hul bewindaan-

133. Barrow: Travels in South Africa Vol. 2, p.106 - 107.

134. G.Mc Theal: History of South Africa, p.35.

135. Kaapsche Covrant 26 Okt.1805, No.43: B.R.13, p.3303 - 3305; B.R.11, p.894, 1284, 1414.

136. Kaapsche Covrant, 23 Julie, 1803.

137. Rec.Vol.V.p.409; W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift D1 IX, 1832, p.366 - 390; Rec.Vol.VII, p.189.

vaarding uitgebreek het. Die instelling van 'n beter posverkeer in die binneland was van onskatbare waarde vir die boer; hy kon op hoogte van sake bly wat die heersende markpryse van sy produkte is en daarvolgens beplan.

Baie nou verwant aan die posvaart is die druk van 'n offisiële koerant op die 16 Augustus 1800. Die monopolie is aan twee Kaapse handelaars Robertson en Walker gegee. Die koerant het nie alleen proklamasies bekend gemaak nie maar ook handelsadvertensies geplaas: "... nor shall any public order, vendue or mercantile notices, bills of sale or advertisements be published but by the said printers" Die koerant kon egter nie van baie nut vir die binnelandse boer gewees het nie. Weers die moeilike verkeer het die veldkornette langs die Olifantsrivier die koerant nie voor 3 of 4 maande gekry nie "zodat een ieder onkundig is van 's Gouvernements publication en ook van het geen er wezentlijk in die Hoofdplaats omgaat" De Mist het ook die wenslikheid gesien om 'n drukkerij aan die Kaap te stig. Die boekhandel wat hiermee in verband staan was destyds nie belangrik genoeg om meer as een sinnetjie daaroor te skryf nie.

Gefabriseerde goedere was baie skaars aan die Kaap want die monopolistiese beleid van die Kompanjie het die handel en die oprigting van industrië gestrem. "The company had consistently opposed all branches of industry involving special processes in preparing the raw material or in manufacturing the finished article. Not even the roughest fabrics were permitted to be made at the Cape from the raw wool obtainable." Die fiskale was altyd baie sterk gekant teen enige voorstel om fabrieke op te rig en om toestemming te gee aan die belangrikste ambagte op grond van die feit dat dit nadelig vir die fabrieke in Holland sal wees - 'n prinsiep wat geassosieer was met die merkantilistiese koloniale beleid van die lande in daardie tyd. Toe 'n

138. Rec.Vol.111, p.198.

139. B.O.32, p.479; Rec.Vol.111, p.198.

140. Rec.Vol.111, p.198.

141. G.Mc Theal: Bel. Hist. Dok Vol.111, p.425 - 428.

142. Memorandum D. 50.

143. B.R.7, p.1807.

144. M.H.de Kock: Economic Development of South Africa, p.15.

paar koloniste" "wolle, carsaayen en pylaaken en grove dekens wou vervaardig, was die fiskaal Boers daarteen want dan sal dit tot die nadeel van "de Vaderlandsche Fabricquen en Trafficquen" wees.¹⁴⁵

Ons sal in die volgende hoofstukke sien dat die beleid van die Engelse en die Tweede bewind van die Hollanders baie meer liberaal in hierdie opsig was. 'n Voorstel is deur F.A. Heyneman gemaak om 'n fabriek op te rig om lakens te vervaardig en sy versoek is toegestaan; selfs grond is spesiaal aan hom vir daardie doel afgestaan.¹⁴⁶

'n Vraag wat ons nou moet beantwoord is in hoe verre die private handelaars in Kaapstad daarin geslaag het om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Onder die bewind van die Kompanjie het die private handelaars maar baie min beweeg kans gekry want die beleid van die Kompanjie was om na sy eie sak te kyk en alle ander elemente te veronagsaam. Toe die Engelse die Kaap in 1795 oorneem het die hoop van die private handelaars herlewe toe die volgende proklamasie op 7 Okt., 1795 verskyn: " and whereas during the late government of the Dutch East India Company a variety of monopolies and restrictions calculated for the profit and benefit of the Company, but oppressive on the inhabitants and destructive to all industry have existed, we, (Craig, Elphinstone and Clarke) do make known that in obedience to His Majesty's Instructions it is our intention to abolish all such, and altho' we have not yet had time to enter into a full consideration of this subject we nevertheless think it expedient to declare that in future all restrictions on the internal trade of the colony shall be taken off, all Commodities the produce of the Colony may be brought to publick Market and may be sold as best suits the interest of the owner.

We also desire that all persons so disposed are at liberty to exercise their several trades as best suits their inclinations, all persons desirous of so doing may set up a Brewery or any other

145. Kaapse Argiefstukken 1782 Deel 1, p.59,-61.

146. B.R.13, p.2570, 21 Aug.1805.

manufacture not under a general prohibition, may process boats, may fish or may trade from any harbour of the Colony to another. The whole Fishery wheather at sea or in a Harbour of the Coast is open to all" ^{147.}

Dit was maai beloftes; hoe jammer tog dat dit in die meeste gevalle nie in die praktyk gebring is nie. Die koloniste was nie in 'n veel beter posisie onder die bewind van die Engelse nie.

Dit was veral die boere wat gely het want die handelaars het duur pryse vir die boerderygereedskap gevra. Dit is neergelê dat die boere hul slagvee aan die slagters teen lae pryse moet verkoop, dog die boere van die Hontam en Bokkeveld het teen die hoë pryse van artikels geremonstreer. ^{148.}

Die slagters, koring - en wynboer probeer mekaar by die publieke veilings uitbie en verhoog sodoende die prys van 'n span van 10 osse tot 300 en 400 rds. Die slagters koop osse wat reeds deeglik werk verrig het vir 18 tot 20 rds en verkoop dit dan weer teen 25 of 30 rds. ^{148.}

Die handelaars koop die boerderygereedskappe by publieke veilings op " and afterwards sell them for an exorbitant price to people that live in a remote part and that can not embrace the moment the auctions are held." ^{149.} Die Namakwalandse hoefsmede vra net sulke buitensponige pryse. ^{150.} Die boere van Namakwaland het ook min of meer dieselfde klagtes teen die handelaars geloods. ^{151.}

Die Namakwalanders het beskerming teen gewetenlose spekulateurs gevra en wou die nodige artikels teen 'n "civil price" bekom. "Tho those goods are sold once a month by publick vendue, the merchants not only buy the same in very great quantities but that moreover they retail them at a most inconceivable high price,(and) that the poor cultivator, living at a great distance and coming after a long journey to the Cape, is obliged to pay them what they charge, which is the same case with the smiths, wheelwrights etc." ^{152.} Die gevolg van dit

-
147. B.O.34, p.285 - 293, Nov.1798.
 148. B.O.5, p.709; B.O.34, p.286, Nov.1798.
 149. B.O.34, p.291, Nov.1798.
 150. B.O.34, p.291, 293, Nov.1798.
 151. B.O.34, p.301 - 310, 20 Nov.1798.
 152. B.O.34, p.304, 305.
 153. B.O.5, p.709,

alles is dat die boer die lydende party is.

In Desember 1800 het die Burgersenaat Yonge teen die toestand gewaarsku.
153.

Die Burgersenaat was beveel om die pryse van al die produkte wat na die mark gestuur word vas te stel; maar nadat hulle die toestand deeglik ondersoek het, het hulle Yonge die volgende booskap gegee: "We cannot answer this question but in the negative." Waar die boere eers 150 rds vir 'n slaaf betaal het betaal hulle nou 500 tot 800 rds; grawe het nou 1 rds tot 3 rds gestyg; waens wat vantevore 200 rds gekos het kos nou 300 rds en meer. "Being thus unable to see the necessities of the farmers reduced to a reasonable price, we respectfully request your Excellency will, therefore excuse us from the present commission."

Die graanbou gaan jaarliks agteruit en die landman sowel as die regering hang van die volstrekke willekeur van die partikuliere af. In die kolonie waar die handel maar nog in sy beginstadium is "kan men niet anders, als voor de gevolgen beven."
154.

Dit sal absurd wees om die private handelaars alleen vir die hoë pryse te beskuldig: daar was ander faktore soos byv. die vermeerdering in papiergeld, wat 'n belangrike rol gespeel het - maar hieroor later.

Die Bataafse autoriteite het ook aandag aan die saak geskenk. Op 28 Desember 1804 skryf Janssens aan De Mist: "Het Gouvernement behoord geen handel te dryven, om den handel van particulieren welken het moet beschermen, niet te onderdrukken."
155. Nieteenstaande die "teedere zorgen van ~~haare~~ Bestuurders" en die weldadigate inrigtings van die Moederland het die kolonie "nog die kragt niet verkreegen om haar eigen bestaan te kunnen verzorgen; haar handel heeft nog geene veerkragt, haar industrie heeft nog ondersteuning noodig om door eigen exertien eenigen graad van zelf bestaan te kunnen bereiken."
156. Volgens hom is die volksplanting nog "in hoone kindsheid." Die vernaamste buitelandse handel van die kolonie het bestaan uit

153. B.O.5, p.709, 710, 8 Des.1800.

154. W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift, 1831, p.382.

155. G.Mc Theal: Belangryke Historiseke Dok.Vol.111, p.275.

156. G.Mc Theal: Belangryke (B.R.12,p.1900-1907,10 Jun.1805.) Historische Dok. 111, p.275.

"volumineuse articulen" soos hout, yster, smeekele, touwerk, ens., Uit hoofde van die hoë vervoerkooste word dit nie deur die partikuliere onderneem nie. Aangesien die handel nog nie tot sy rypheid gekom het nie en daar nog geen gekonsolideerde maatskappy ten dienste van die land was waardeur die eenvoudigste artikels verkry kon word nie, moes die regering self inspring om in die noodsaaklike behoeftes te voorsien, In Ander rede waarom die regering self ingryp was dat in die geval van noodsaaklike artikels soos yster, pik, teer, klere vir slawe, growwe lakens ens., die pryse geweldig styg as die aanvraag groter as die aanbod is en die lydende party is altyd die landman. Sommige handelaars het dikwels artikels van die publiek teruggehou en gewag totdat die prys hoog genoeg na hul sin gestyg het voordat hulle verkoop. Hierdie praktyk sal in die Republiek 'n geoorloofde merkantiele spekulاسie genoem kan word: "maar hier, daar nog geene mededingers in den handel zyn, drukt het die ingezeetenen op eene zeer gevoelige wijze, en belet den wasdom van deeze opgroeiende volkplanting. Dit kwaad kan alleen door het gouvernement worden weggenomen" ^{157.} om die handelsartikels uit regeringsmagasynen te voorsien. Graan het spesiale aandag geniet want die Bataafse autoriteite het baie van hul voorganger geleer. Janssens het ook laat verstaan dat solank as wat daar nog geen bepaalde voorraad koring is ^{158.} nie die regering geen partikuliere handel in graan kan gedoog nie.

Volgens W.S.Van Ryneveld: "De handel, wy erkennen het, wordt hier gedreven op de alleronregelmattigste wyze; - er is geen behoorlyk systkema van handel - een ieder loept maar op de eene of andere voorkomende omstandigheid, om, zoo als men het noemt, een coup te ^{159.} doen - een temporair buitengewoon voordeel te behaalen." Die handel is die oppervlakkige spekulاسie van menigeen aan die Kaap. Hoewel private ondernemings tot voordeel van die land is moet die

157. G.Mc Theal: Belangrijke Historische Dokumenten 111, p.277.

158. " " " " " 111, p.279.

159. W.S.V. Ryneveld: Z.A. Tydschrift, 1831, p.380.

regering die voortou in die geval van die landman neem.

"Het Gouvernement, ik erken het, behoort met te handel; - dit is, wanneer men den handel aan particulieren overlaat, op zich zelve een wys systkema; geen particulier kan tegen het gouvernement dingen. Zou het Gouvernement hier eigenlyk handel dryft, wordt het de eenige monopolist, en het onderdrukt de particuliere handelaren. Wysselyk laat men dus de levendigheid van den handel, hier aan particulieren over; dit wekt nyverheid en industrie op, - dit doet een ieder speculeren en bevordert zeer het algemeene welzyn." 160. Noodsaaklike artikels moet in die regering se magasyn teen "matige winst" te koop wees.

Dus, aangesien die partikuliere nie by magte was om die noodsaaklike artikels te lewer nie het die regeringsmagasyn dadelik prominensie gekry in die handel aan die Kaap. Artikels soos boontjies, ertjies, botter, meel vaatwerk, brood, suiker, koffie, peper, curcuma, rotting, indigo, arak, linne, kaneel, sago, kamfer, katoengare, sonly, spianter, tamarinde, sappan-hout, tee, rys, goingsakke, Radix (china), vleis, speke en skryfbehoeftes en ander belangrike boerderygereedskappe. 161.

Koringmagasyn is herstel maar weens omstangighede is in Maart 1805 besluit om in die volgende winterseisoen 'n begin te maak met die konstruering van die geprojekteerde graanmagasyn. Aangesien 163.

partikuliere maar selde die skepe van die nodige kan voorsien weens die heersende oorlogsomstandighede is in Junie 1805 bepaal dat in sulke gevalle die skepe uit die land se magasyn voorsien kan word. 164.

Ten laaste is dit nodig om iets omtrent die verkoop van prysgemaakte goedere aan die Kaap te sê. Baie regulasies ten opsigte van die verkoop van prysgemaakte goedere is gemaak maar die proklamasie van Yonge op die 3 Feb. 1800 is myns insiens die omvattendste: 165.

(1) hierdie goedere kan afgelaai en gestoor

-
160. W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift 1831 p.383.
 161. B.R.143, 31 Jan.1805; B.R. 3, p.1324,1387,1843,1857.
 162. B.R.2, p.954,480,Jun.1803; B.R.8,p.2448; B.R.135,p.381; B.R.11,p.1084. B.R.12,p.1901, Junie 1805.
 163. B.R.11,p.1084,20 Maart,1805; B.R.135,p.381.
 164. B.R.12,p.1800-1907, 10 Junie 1805.
 165. Rec.Vol.111,p.35 - 39.

word onderhewig aan die regulasies van die
doeane.

- (2) van die opbrengs moet 5% as koloniale
belasting beskou word.
- (3) as die goedere verkoop word met die doel om
weer na Engeland uitgevoer te word sal hierdie
5% koloniale belasting nie geldig wees nie
- (4) hierdie goedere is nie aan invoerregte onder-
hewig nie
- (5) die prysgemaakte goedere moet per publieke
veiling verkoop word
- (6) as die goedere weer uitgevoer word sal 5%
op die waarde van die goedere soos per
publieke veiling bepaal, gehef word.
- (7) as die goedere maklik verderfbaar is mag die
verkoop word onderhewig van 'n 10% invoer-
tarief bereken op die verkoopprys daarvan per
publieke veiling.
- (8) as die goedere deur die regering self benodig
word byv. hout vir skepe, dan moet die toe-
stemming eers van die goewerneur verkry word
voordat dit verkoop kon word.

Hierdie reëlings van Yonge het die ontevredenheid van Pringle
(agent van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap) veroor-
saak aangesien hy geen seggenskap gehad het om te beslis watter
artikels vir die gebruik van die koloniste verkoop mag word nie.

"The navy on the other hand are much incensed at not being allowed
to dispose of their prizes in the way most advantageous to the
captors, many articles being unsaleable for exportation, which would

fetch a good price did no prohibition exist."^{166.} (prysgemaakte goedere het gewoonlik uit artikels bestaan wat in die kolonie is uit wêrelddele afkomstig wat vir die Kaapkolonie verbode was om mee handel te dryf). Die reëls wat op prysgemaakte goedere van toepassing was is dikwels veronagsaam in gevalle waar nood die kolonie bedreig het.^{167.}

As ons nou 'n algemene konklusie omtrent die handel van koloniste in Kaapstad moet maak kan ons net sê dat die monopolistiese beleid van die Kompanjie het plek gemaak vir die meer liberale en progressiewe beleid van die veroweraars. Die koloniste het 'n nuwe mark in die toenemende aantal besoekende skepe en die aanwesige troepe gevind. Die faktore was dus aanwesig om die handel in Kaapstad te laat floreer en selfs tot so 'n mate dat Barrow hieroor kommentaar gelewer het dat die toestand syms insiens hoogs artfisieël is en mits die troepe van die Engelse deur netso 'n groot bevolking vervang gaan word, die ekonomiesestelsel van die kolonie in duie sal stort.^{168.} In Junie 1801 was die magte as volg:- troepe 4,600; vloot 3,000. Ons weet natuurlik dat die Bataafse tragie deels die leemte aangevul het.

"The tradesfolk and merchants of Cape Town enjoyed a period of unparalled prosperity; but the situation was highly artificial. An impoverished colony with almost negligible export was called upon to support a heavy superstructure out of the profits of a temporary war boom."^{169.}

166. Rec.Vol.111,p.85, 27 Maart 1800.

167. Rec.Vol.111,p.11,

168. Rec.Vol.1V, p.187.

169. C.H.B.E. p.181.

DIE BINNELANDSE HANDEL.

1. Die Kaap as 'n landboukolonie:

Die Kaap was by uitstek 'n landboukolonie. "Het land is een regtlĳrig vierkant of parallellogram bijeentrekkende, formeerd het eene uitgestrektheid van omtrend 520 mylen in lengte en 250 in breedte insluitende 130,000 vierkant mijlen of 83,200,000 Engelsche morgen." ^{170.}

Daar was in 1798 ongeveer 20,000 blanke mense aan die Kaap en omtrent 6,000 alleen het in Kaapstad en sy distrik gewoon. Maar as ons na 'n afsetgebied vir die boer se produkte soek moet ons al die rasse aan die Kaap in aanmerking neem.

171.

<u>Populasie</u>	<u>Kaap</u>	<u>Stellenbosch</u>	<u>Swellendam</u>	<u>Graaff-Reinet</u>	<u>Totaal.</u>
Christene	6,261	7,256	3,667	4,126	21,310
Slawe	11,891	10,703	2,196	964	25,754
Hottentot Basters	-	5,000	800	9,083	14,883
Totaal	18,152	22,959	6,663	14,173	61,947

Onder die Engelse bewind was die afsetgebied vir die koloniale produkte gunstiger as wat die geval onder die Kompanjie was want 'n aansienlike vloot - en troepemag was ook aanwesig. Onder die Kompanjie was die sterkte maar 400 man. ^{172.} In Junie 1801 was die getalle as volg: ^{173.} troepe 4,600, Vloot 3,000.

Selfs toe die Kaap weer aan die Hollanders in 1803 oorgegee is was toestande nie so hopeloos toe die Engelse hul vloot - en troepemagte terugtrek nie. Weliswaar was die Bataafse troepemag (3,000) nie so groot as dié van die Engelse nie maar weens die heersende oorlogsomstandighede en die toegestane vryhandel was die toestand van die landman in die Kolonie nie so haglik as wat 'n mens sou dink nie.

170. V.C.104, p.2,

171. V.C.105, 11, p.111 - opgawe in 1798.

172. V.C.74, p.25.

173. Rec.Vol.IV, p.187.

Hy kon egter nie sy produkte na Europa uitvoer nie weens die hoë vervoerkoste, die oorlog wat weer in 1803 in Europa uitgebreek het en die verbod wat Engeland op handel met die Kaap geplaas het. Maar aan die anderkant het reeds toenemende getalle neutrale skepe die kolonie se hawers aangedoen en die Bataafse autoriteite was baie liberaal in hierdie opsig.

Die "generaal bedrogen van de opgaaf van de vier districten, zynde een nauwkeurige staat, van de voortbrengzelen van de gehele Colonie / de Engelsche land en zeemagt daaronder niet begrepen, zo als die waren in het begin van het jaar 1798" 174.

Produkte	Kaap	Stellenbosch	Swellendam	Graaff-Reinet	Totaal.
X perde	8,334	22,661	4,049	7,392	47,436
rundvee	20,957	59,567	52,376	118,306	251,206
skape, bokke	61,573	451,695	154,992	780,274	1,448,534
varke	758	-	-	-	758
wynstokke	1,560,109	-	-	-	1,560,109
leëre wyn	768½	791½	220½	187½ ^{5/16}	9,108½ ^{5/16}
mud koring	32,962	77,063	16,720	11,283½	138,028½
mud gars	18,819	32,872	10,554	5,193½	67,438½
mud rog	529	5,053	-	-	2,582

x perde van die kavallerie is nie hieronder ingesluit nie.

Behalwe die produkte soos in die tabel aangegee was daar ook ertjies, 175.
boontjies, vrugte en soorte groente op groot skaal geproduseer. Ganse, kalkoene, hoenders, eende het ook deel uitgemaak van die boere se aanbod. 176.
Die produkte is uit die binneland na die Kaapse mark oor 177.
baie swak paaie per ossewa gebring. Kaapstad was omring van vlaktes, en swaarsand en was verder van die binneland deur hoë en byna

174. V.C.105, 11, p.111.

175. V.C.104, 1, p.42, 49.

176. G.Mc Theal: Belangrijke Hooriorische Dok. Vol.111, p.54.

177. P.J.v d Merve: Die Trekboer in Die Geskiedenis van die Kaap p.195 - 197, J.Barrow: Travels in South Africa Vol.11, p.284.

178.
 onoorkomelike berge en riviere afgesluit. Volgens Barrow: ".... the
 badness of the roads, and the weak state of the cattle, will always
 operate against an extended cultivation." 179.
 Hoe hierdie swak
 binnelandse kommunikasie die landman geaffekteer het sal in alle
 besonderhede in die hoofstuk oor Kusvaart en Binnelandse Kommunikasie
 bespreek word. Ten laaste dien dit nog te vermeld dat veeteelt die
 boer onafhanklik van die onbestendige mark gemaak het. 180.

Aangesien die Kaap by uitstek 'n landboukolonie was sal ons
 natuurlik verwag dat die meeste aandag daarvan gegee sal word om
 produksie vir uitvoer te verbeter en sodoende die ongustige handels-
 balans in die kolonie se guns te probeer kry. Die Engelse was dit
 eens toe hulle W.Duckitt 'n landboukundige uit Engeland laat bring het
 om die landboumetodes aan die Kaap te verbeter en later het die
 Bataafse autoriteite met noeske ywer die taak aangepak. In 'n prokla-
 masie in Mei 1805 het Janssens dit ook gestel dat die verbetering van
 landbou die eerste aandag moet geniet en vernaamlik die produkte wat
 vir die uitvoergeskik is en hy het hom voorgeneem om die nodige middele
 daar te stel om die doel te bereik. 182.

2. Verspreiding van die boere in die kolonie. 183.

Die meeste van die koloniste was boere en die vernaamste vertak-
 kinge van boerdery was wynbou, graanbou en later het veeteelt 'n
 prominente plek ingeneem. Die meer intensiewe wynbou, sowel as vrugte -
 en groenteboerdery, tref ons naby die Kaap, Stellenbosch en Paarl aan.
 Die meer ekstensiewe graanboerdery tref ons by Malmesbury en Caledon
 aan. Die uitgestrekte veeboerdery nog verder in die binneland en in die
 Oostelike provinsie. Hierdie verdeling van die boerdery stem ooreen met
 wat in die meeste jong lande plaasgevind het nl. dat naby 'n groot stad
 op verbruiksentrum die boerdery baie intensief is en dat dit meer
 ekstensief word hoe verder van die sentrale mark verwyder. 184.

-
178. Sparman: Reize Vol.1.p.151.
 179. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.11. p.284.
 180. C.Beyers: Die Kaapse Patriotte p.89,107,121;
 G.Mc Theal: Bel.Hist. Dok.Vol.111, p.82.
 181. Rec.Vol.11, p.441, Rec.Vol.111, 78,178,330,380,388,430.
 182. Kaapsche Covrant 19 Mei 1804 no.20.
 183. D.G.van Reenen se Joernaal V.R.S.no.18,p.260 - 279.
 184. C.G.W.Schumann: Die Ekonomiese posisie van Die Afrikaner
 p.17.

(1) Tafelbaai tot aan die Steenberg

In hierdie streek tref ons wyn, vrugte en groente aan en vervoer na die Kaapse mark geskied deur middel van die perd. Daar word net genoeg gars en hawer vir die perde gesaai.

(2) Die Kaapse Vlakte

Hierdie gebied bestaan uit sonderigegrond en word as weiveld gebruik en vernameelik deur die slagters wat die Kaapse inwoners van vleis voorsien.

(3) Kaapse Duine.

Die houtryers maak hoofsaaklik van hierdie deel gebruik.

(4) Distrik van Groenekloof (Swartland)

Die Kommissie van Landbou en Veeteelt het hierdie deel gebruik vir die teel van goeie woldraende skape en Nederlandse Vriesbeeste. Die res word elke 3 of 5 jaar aan die regering se vleiskontrakteur oorgelaat.

(5) Bergrivier en Saldanhabaai

Twee of drie koloniste het plase langs die Bergrivier besit. Beeste aard baie goed daar maar anders is dit in die geval van skape.

(6) Piketberg en Olifantsrivier

Lemoene, naartjies, peulvrugte word Kaapwaarts gevoer. Soms word botter ook hier gemaak.

(7) Hottentots-Holland, Eersterivier, Stellenbosch,

Paarl, Drakenstein, Franshoek, Wagenmakersvallei en Moddergat - almal hierdie distrikte is hoofsaaklik vir wynbou geskik

(8) Tygerberg, Koeberg, Pardeberg, Riebeeks Kasteel,

Swartland, Roodezand en Vier-en-twintig Rivieren is almal vir koringbou geskik.

"If the residents of this area did not lack the means, and if they could acquire sufficient slaves, the production of corn could be

extended considerably." 185.

(9) Palmietrivier, Boontjies Kraal, Zwarteberg,

Steenboksrivier, Quartelrivier, Potteberg, Zoutrivier.

Baie koring word hier geproduseer maar die moeilike vervoer oor die Hottentots-Hollandberge maak produksie baie duur; die boerde is ook genoodsaak om groot getalle osse, elke jaar te koop. Die boerre by Langkloof (in die Swartberge) bring vrugte, beeste, botter, seep en huide na die mark. 186.

Die wyn wat in die omtrek van die Swartberge word gemaak is van so 'n goeie gehalte "that it pays well the long transport" 187
'n Sekere Mnr. Nielsen het in goeie jare 12 tot 15 skepe "vol wyn gelaai." 188.

(10) Sonder-end-rivier tot by Breërivier.

Die koloniste hier maak 'n bestaan deur hout te kap langs die Zonder-end Rivier en in Grootvadersbos. Die hout word in die Kaapse mark verkoop.

(11) Swellendam, Buffeljagtarivier, Vetrivier,

Mosselbaai, Gousrivier, Duivenhoksrivier

en Kafferskuilrivier.

"als volgens en verder kan men daarmede geen vel winnen, en het leverd ook niets op." 189.

(12) Kromrivier, Zeekoeirivier, Von Stadensrivier,

Swartkopsrivier, Sondagarivier, Boesmansrivier,

Klein Visrivier, Suurveld, Zwagershoek, Ventershoek,

Bruintjieshoogte, Baviaansrivier en Groot Visrivier:

Rundvee en skape word hier in groot getalle aangetrek dog dit is ook die streke wat deur verwoesterd kaffer - en Hottentotrooftogte verniel word.

(13) Warm Bokkeveld, Koue Bokkeveld, Touwsrivierstreek

en Heksriverivallei:

-
185. D.G.van Reenen se Joernaal V.R.S.no.18,p.271.
 186. Lichtenstein: Travels in South Africa Vol.1,p.257,Vol.11,p.86.
 187. " " " " " Vol.11,p.86.
 188. " " " " " Vol.11,p.86.
 189. D.G.van Reenen se Joernaal V.R.S. No.18. p.274.

Die hoeveelheid koring wat elke boer na die mark bring varieër
194.
van 100 tot 1,000 mud en hang natuurlik van die gehalte van die grond
en die ywer van die boer af.

195.
Sommige koringboere het ook hul eie vee op ander plase aangehou.
Die koringboere het ook soms die veeboere en wynboere van koring
voorsien. Hierdie koring wat in die binneland verkoop word is nie aan
die tiende of belasting onderhewig nie; maar 'n tiende moet slegs
196.
betaal word wanneer dit na die Kaapse mark gebring word.

Daar was sommige landbouers wat deur die ver afstand van die mark
en die hoë vervoerkoste net genoeg koring vir hul eie behoeftes gesaai
het. Om hierdie boere tegemoet te kom en om die handel in graan te
bevorder het die Bataafse autoriteite skepies na Saldanhabaai gestuur
om die graan daar te gaan afhaal en sodoende die hoë vervoerkoste oor
197.
land uit te skakel.

Die kaf en kort strooi van gars word verkoop of andersins as
voedsel vir die perde gebruik. Koring was die belangrikste graansoort
wat in die kolonie gekweek is: byv., in 1797 is 138,028½ mud koring,
198.
67,438½ mud gars en 2,582 mud rog geproduseer.

<u>Produk</u>	<u>Kaap</u>	<u>Stellenbosch</u>	<u>Swellendam</u>	<u>Graaff-Reinet</u>	<u>Totaal</u>
Koring	32,962	77,063	16,720	11,283½	138,028½
Gars	18,819	32,872	10,554	5,193½	67,438½
Rog	529	2,053	-	-	2,582

199.
Barrow gee ons 'n ekonomiese uiteensetting van so 'n graanboer.

Oorspronklike uitgawes:

- | | |
|--------------------------------------|------------|
| (a) prys van opstal op die leenplaas | 7,000 rds. |
| (b) 50 koeie teen 8 rds elk | 400 " |
| (c) 50 osse teen 15 rds elk | 750 " |

194. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.11,p.114.
195. G.Mc Theal: History and Ethnography of South Africa.p.298.
196. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.11,p.115.
197. Kaapsche Covrant, 8 Junie 1805, No.23.
198. V.C.105, 11, p.111.
199. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.2, p.116 - 117.

(d) 12 perde teen 40 rds elk	480 rds.
(e) 6 slawe teen 300 " "	1,800 "
(f) 2 waens	800 "
(g) meubels	1,000 "
(h) boerdery gereedskap	<u>500 "</u>
	12,730 rds.

Lopende Uitgawes:

(a) rente	763 rds - 6 sk.
(b) klere vir slawe	90 "
(c) tee en suiker	100 "
(d) belastinge	170 "
(e) diverse uitgawes	<u>150 "</u>
	1,423 rds - 6 sk.

Inkomste:

(a) 300 mud koring teen 4 rds per mud	1,200 rds
(b) 100 mud gars teen 3 rds per mud	300 "
(c) 6 vragte kaf teen 32 rds per vrag	192 "
(d) 1,000 lb. botter teen $1\frac{1}{2}$ sk. per lb.	250 "
(e) 5 perde wat jaarliks teen 40 rds verkoop word	<u>200 "</u>
	2,142 rds.

Dit laat die boer dan 'n gunstige balans van 718 rds 2 sk of £143.13.0.

Barrow se prys van 4 rds vir 'n mud koring was te hoog; volgens

McCarty se pryslys in 1798 was die prys 3 rds - 2 sk per mud; netso
198.

ook moes die prys van gars 2 rds - 2 sk gewees het. Maar aan die
anderkant was sy prys van botter te laag - dit moes 3 sk gewees het.

Ek kan geen rede vind waarom Barrow sy boer se perde vir 40 rds stuk
verkoop as hy 150 rds daarvoor kon kry nie, heelwaarskynlik was die
jong perde. Die graanboer se posisie is dus heelwat beter as wat hy
aangetoon het. Die belastinge wat die graanboer moes betaal kan as

korrek aangeneem word. Barrow het egter nie rekening met die hoë vervoerkoste na die Kaapse mark gehou nie. Die boer kan alleen met moeite van sy produkte ontslae raak. Alle koringboere neem drie dae vir die heen en terug reis na die mark. Die Kaapse boer het vir 'n beperkte mark geproduseer.

4. Wynboere:

Die meer intensiewe wynbou, sowel as vrugte - en groenteboerdery, tref ons naby die Kaap, Stellenbosch en Paarl aan. Volgens Barrow is hulle die gelukkige mense.

200.
201.
Opgawe van wingerdstokke in 1804:

Kaapstad	339,800
Kaapse distrik	2,007,433
Stellenbosch	17,510,074
Swellendam	1,860,254
Graaff-Reinet	324,399

Die opgaaflyste moet nie as noukeurig opgeneem word nie. Die rede hiervoor is dat die lyste hoofsaaklik vir belastingsdoeleindes opgestel is en as sulks sou die kolonie ook meer voortgebring het as wat die lyste aangee. Nietemin gee dit ons darem 'n idee waar die produkte verbou is.

Hierdie boere koop gewoonlik hul koring met klinkende munt of ruil daarvoor met wyn. Die skape vir vleis moet hulle ook koop maar sommige het leenplase besit waar hulle vee aangehou het en koring gegroei het.

202.
203.
204.
Die wynboere het hul wyn tussen September en Maart na die Kaapse mark gebring maar "the deep sandy roads over the Cape isthmus require fourteen or sixteen oxen to draw two leggers of wine, whose weight is not 2½ tons"

Netsoos in die geval van die graanboere moet die wynboere slegs 3 rds vir elke lêer wyn betaal wat na die mark gebring

-
199. W.S.v Ryneveld: Z.A.Tydskrift 1831, p.291-293; B.O.32,p.115; B.O.34, p.304-305.
200. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.2, p.110.
201. J.P.v d Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.297.
202. J.Barrow: Travels in South Africa Vol.2, p.111.
203. " " " " " Vol.2, p.111.
204. " " " " " Vol.2, p.111.

word - verkopings in die binneland word nie belas nie.

Dit is egter moeilik om te bepaal hoeveel boere hulle hoofsaaklik op die wynbou toegelê het, want in die distrikte van die Kaap en Stellenbosch was daar ook baie graan - en veeboere.

In 1795 was daar 7,000,000 wynstokke wat 912,000 gellings wyn opgelewer het.

In 1797 het die kolonie 9,1084½ leërs wyn opgelewer - in Stellenbosch alleen 7914 leërs. In 1805 was in Stellenbosch alleen 13,777,760 wynstokke.

Die wynboere het hul grootste inkomste uit hul wingerde gehaal; elkeen het ook 'n groentetuintjie gehad en 'n paar melkkoeie en 'n klompie pluimvee aangehou; maar dit lyk nie of die wynboere 'n vername bron van inkomste in die vrugteboorde gevind het nie.

Wynboere was nie van die koring - of veeboere afhanklik vir hul koring en vleis nie want hulle het self plase besit maar hulle nie aangehou of koring gesaai het. So byv. het die volgende Stellenbosch se wynboere, Hendrik de Leeuw, Jacob de Leeuw, Heemraad Cornelis Ponty en Pieter du Toit, wat net eiendomsgrond besit het, respektiewelik 66,98,479 en 150 skape aangehou.

Barrow skilder ons die ekonomiese posisie van "the most respectable wine boor."

Oorspronklike uitgawes:

(a) kosprys van plaas	15,000 rds
(b) 15 slawe teen 300 rds elk	4,500 "
(c) 80 wynleërs teen 12 rds	960 "
(d) gereedskap vir distillering en vir pars	500 "
(e) 3 spanne osse	500 "
(f) 2 waens	800 "
(g) perde wa en 'n span perde	900 "
(h) meubels en ander benodighede	2,000 "
	25,160 "

-
205. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste, p.63.
 206. M.H.de Kock: Economic History of South Africa p.199.
 207. V.C.105, 11, p.111.
 208. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste, p.65 - 66.
 209. " " " " " " " " p.66.
 210. " " " " " " " " p.67.
 211. J.Barrow: Travels in South Africa, Vol.2, p.112 - 113.

Lopende uitgawes:

(a) rente (6%)	1,509 rds - 5 sk.
(b) 3 skape per week vir eie gebruik	
d.w.s. 156 per jaar teen 2½ rds	390 "
(c) klere vir 15 slawe teen 15 rds elk	225 "
(d) koring vir brood: 36 mud teen 3 rds	108 "
(e) tee, koffie en suiker	150 "
(f) klere vir familie	350 "
(g) belasting op 120 lêers wyn	360 "
(h) diverse uitgawes	<u>120</u> "
	3,212 rds - 5 sk.

Inkomste:

(a) 100 lêers wyn teen 30 rds per lêer	3,000 rds
(b) 2 " brandewyn 50 " " "	<u>1,000</u> "
	4,000 "

Dit laat die wynboer met 'n gunstige balans van 787 rds of £157.8.3.

Dan voeg hy daarby: "The wine and brandy sold to the country boers, with the fruit and poultry brought to the Cape market, are more than sufficient to balance every other contingent and extraordinary
212.
expenditure." Gewoonlik betaal die boer een derde van die plaas kontant en die res in 2 jaar se tyd. Op die laaste twee derdes word geen rente bereken nie. Selfs die eerste paaiement kan van die regering deur middel van die leningsbank verkry word mits hy 'n verbond op sy plaas met twee sekuriteite gee.
213.
Die gevolg was dat baie groot eiendomme wat min geld gekoop kon word. Ons kan egter nie baie op sy berekening peil trek nie want hy het self erken dat ^{dit} 'n bemiddelde boer se posisie is; bowendien het die meeste wynboere hul eie vleis en koring voorsien.
214.

Gedurende 1795 tot 1803 was daar 'n groot aantal Engelse troepe aan die Kaap en die boere het in die algemeen goeie pryse vir hulle

212. J. Barrow: Travels in South Africa Vol. 2, p. 112 - 113.

213. " " " " " Vol. 2, p. 114.

214. Rec. Vol. IV, p. 180.

produkte gekry. Die wynboere is indirek deur die invoerregte getref - veral op die landbougereedskap en kledingstowwe. In vergelyking met hulle inkomste kan die lewenskoste van die wynboer nie as besonder hoog gereken word nie; eetware wat gekoop moes word was nie baie nie - hy het min aan klerasie spandeer. Die vervoerkoste na die mark was wel hoog maar aan die anderkant het hy 'n goeie prys en 'n stabiele mark vir sy produkte gehad.

5. Veeboere.

Die uitgestrekte veeboerdery vind ons nog verder in die binneland en in die Oostelike provinsie en vernaamlik in die distrikte van Graaff-Reinet, Swellendam en die grootste deel van die uitgestrekte Stellenbosse distrik.

Die veeboere het nie alleenlik skape besit nie maar ook bokke, grootvee en perde; die bokke en perde is egter van minder belang. Volgens die opgaaf van 1798 was die vee as volg versprei.

<u>Produk</u>	<u>Kaap</u>	<u>Stellenbosch</u>	<u>Swellendam</u>	<u>Graaff-Reinett</u>	<u>Totaal</u>
perde	8,334	22,661	4,049	7,392	47,436
rundvee	20,957	59,567	52,376	118,306	251,206
Skape, Bokke	61,573	451,695	780,274	780,274	1448,534

Volgens die opgaaflys van Graaff-Reinet vir die jaar 1800 was daar wel 780,239 skape en 81,240 beeste. Die opgaaflyste moet nie as nou-keurig opgeneem word nie. Die rede hiervoor is dat die opgaaflyste hoofsaaklik vir belastingsdoeleindes opgestel is en as sulks sou die kolonie ook meer voortgebring het as wat die lyste aangee. "Het district van Uitenhage was wel de voornaame spyskamer wat het Hoornvhee betreft." aldus Janssens.

Hierdie boere het feitlik alles self vervaardig wat hul nodig

215. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste. p.89.
 216. V.C.105, p.111, Barrow: Travels Vol.2, p.83.
 217. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste, p.89.
 218. B.R.8, p.2954 22 Aug.1804.

219. gehad het. Die vrouens het kerse en seep gemaak om op die Kaapse
 220. mark te verkoop. Die produksie van veeboer is nie aan 'n koloniale
 221. belasting onderhewig nie.

Slagters stuur agente na die binneland om skape en beeste te
 versamel en gee die boere "notes upon his master" wat betaal word as
 hulle na die Kaap kom. Die slagter koop beeste teen 10 tot 20 rds en
 skape 2 tot 2½ rds van die boere. Tog sê Janssens in Aug. 1824 dat die
 slagvee "slagt en ligt is en die osse onaansienlik klein en swak is."
 222. Al belasting wat die boer moet betaal is 16d vir elke 100 skape en
 223. 1d. vir elke os of koei.

'n Boer kan maklik die volgende verkoop:

15 beeste teen 12 rds	180 rds.
220 skape teen 2 rds	440 "
'n wavrag botter en seep van 1,200	
1b teen 1/- per lb.	<u>300</u> /
	920 rds.

Sy uitgawes as volg:-

(a) 2 ossewaens - 800 rds: Rente	48 rds.
(b) Klere vir 8 mense teen 15 rds	120 "
(c) tee, suiker, tabak, brandewyn	150 "
(d) ammunisie en wapens	20 "
(e) Huur aan regering verskuldig	25 "
(f) belasting	8 "
(g) diverse uitgawes: beeste aan Hottentotte	<u>80</u> "
	451 rds

Dit laat hom 'n gunstig balans van 46s rds of £93.16.0. Ons kan dit
 as 'n juiste weergawe van die veeboer se posisie aanneem.

Waar die grond geskik en water beskikbaar was, is daar tuinery,
 graanlande en groentetuine aangelê. So byv. is daar in 1800 in

-
219. J. Barrow: Travels in South Africa Vol. 2, p. 118, 124.
 220. " " " " " Vol. 2, p. 119.
 221. J. Barrow: Travels in South Africa Vol. 2, p. 121.
 222. B.R.S. p. 2591 - 2600 22 Aug. 1804.
 223. J. Barrow: Travels in South Africa Vol. 2, p. 121.

Graaff-Reinet 9807 mud koring en 4521 mud gars ge-oos en 133½ lëer
224. wyn gepars.

Meestal is hierdie dinge net vir eie gebruik gekweek want die lang afstand na Kaapstad het bemerking onbetalend gemaak.

Die groot en gevaarlike afstande na die mark was dan ook die rede waarom die boer nie self sy vee na die mark geneem het nie maar is

225. deur slagtersagente gemaal. Om die toedrag van sake te verbeter het Janssens be-oog om op verskeie plase veemarkte te hou om te kyk

226. "of dit geen voordeeliger negotie voor de Colonie zoude kunnen geven"

Die boer kom een keer per jaar na Kaapstad om koffie, tee, suiker, klerasie en ammunisie te koop. By hierdie geleentheid neem hy botter,

227. seep, kerse, velle en ander tuisgemaakte artikels saam na die mark.

"Soap is manufactured by almost every farmer in the country, and, in some of the districts, furnishes a considerable part of their surplus revenue, which is appropriated to the purchase of clothing and other necessities at their annual visit to Cape Town." 228.

Aangesien seep gewoonlik saam met botter van die veraf distrikte soos Graaff-Reinet na die Kaapse mark gebring word, het die prys daarvan gestyg of gedaal na gelang van die hoeveelheid op die mark en die aanvraag daarvoor. Die groot afstand na die mark het die hoeveelheid beperk, maar die materiaal was nie die kwessie nie. As die boere met een of twee vragte seep of botter na die mark kan gaan waar hy dit dan ruil vir klere, brandewyn, koffie, tee, suiker en 'n paar weelde artikels, dan is hy hoogs tevrede. Die boer onderneem nie die reis om 'n wins te maak nie - dit is buite die kwessie. As 'n boer in die Sneeu-berg woon sal dit hom ten minste 60 dae neem om weer by die huis te kom. Wanneer hy met een ossewa trek is 24 osse en nog 2 persone nodig om met die skape en bokke te help en om te lei. 'n Groot vrag sal 1,500 lb. botter en seep bevat wat dan gewoonlik aan die Kaapse handelaars teen 6d. per pond verkoop word. Die hele vrag bring hom

224. P.J.Viljoen: Barrow en die Kaapse Koloniste p.92.

225. Stavorinus: Voyages to the East Indies Vol.111, p.447.

226. D.G.van Reenen se Joernaal 1803 p.214;

G.Mc Theal: Bel.Hist. Dok.Vol.111, p.245.

227. Sparman: Reize 1, p.282; P.J.v d Merwe: Die trekboer in die Geskiedenis van die Kaap, p.195 - 198.

228. Barrow: Travels Vol.2, p.330.

dan £37.10.0. in die sak waaruit al sy benodighede en onkoste betaal moet word. Dit was te gevaarlik om kerse na die mark te bring - heelwaarskynlik omdat dit so maklik kan breek. Haar groot green koeke was is soms na die mark gebring waar dit vir 1/- tot 1/3 per lb. verkoop is. Ons kan konkludeer dat die lewenskoste van die veeboer betreklik laag was en dat hy 'n goeie bestaan kan maak.

6. Belastinge op produkte wat na die mark gebring word.

Die Kompanjie het 'n tiende op alle koring, rog en gars wat na die Kaapse mark gebring word gehê.^{229.} Benewens dit is 3 rds vatgeld op elke lêer wyn en brandewyn ook opgelê. Vendusiëgelde van 3½% op die verkoop van roerende eiendom en 1½% op vasgoed is ge-eis; 'n oordragsbelasting van 4% op vasgoed en 2½% op opstalle van leningsplase was ook betaalbaar.^{230.} Tolgeld moes betaal word vir die gebruik van paaië bergpasse en ponte.^{131.} In die distrikte van Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet is 1 stuiwer vir elke bees en 16 stuiwers vir elke 100 skape betaalbaar.^{232.} Sommige boere betaal die 24 rds rekognisiegeld in munt dog ander wat ver van die mark bly en wat behoefdig is betaal dit in vee.^{233.} Die boer betaal ook 4 rds vir waskers per jaar en 1 stuiwer vir elke perd.^{234.} Dan was daar ook nog 'n klein hoofbelasting om die paaië in Kaapstad en elders in orde te hou.^{235.}

Die tiendes wat 'n graanboer op sy produkte by die Kaapse mark moet betaal is as volg:^{236.}

10 mud torwe van 1,800 lb	2 rds 6 sk 4 st.
10 " gars " " "	1 " 2 " 4 "
10 " ertjies van " "	4 "
10 " boontjies	5 "

Toe die Engelse die Kaap in 1795 oorneem is belowe dat geen nuwe belastinge gehê sal word nie.^{237.} Baie gou is ook beswaar gemaak teen die oneweredigheid van die belastinge.^{238.} Die wynboere kla oor die

-
229. M.H. de Kock: Economic History of South Africa p.81.
 230. " " " " " " " " p.80,81,83;
 B.R.136 Junie 1803.
 231. Thunberg's Travels Vol.11, p.173; Stavorinus: Voyages Vol.111. p.460.
 232. J.Barrow: Travels in South Africa, Vol.2, p.121.
 233. Stavorinus: Voyages to the East Indies Vol.111, p.460.
 234. " " " " " " Vol.111,p.460.
 235. V.C.105, 11, p.114.
 236. V.C.105, 11, p.121.(In Jun.1803 was tiendes as volg:Koring 3 rds; Rog, 2 rds, 2 sk, 4 st. Boontjies 4 rds: B.R.136.
 237. B.O. 88, Artikel 9, Rec.vol. 2, p. 2-3, Rec.Vol. 1, p.18, 225.
 238. B.O. 21, p.747-78, 3 Des. 1795.

del

10 mud hawer	1 rds
10 " rog	2 rds 2 sk 4 rds
10 " boontjies	4 rds
10 " ertjies	5 rds.

Die volgende toriewe is deur die Burgersenaat opgelê op produkte wat na die mark gebring word.

100 lb. better	4 stuiwers.		
100 " Kaas	12 "		
100 " Seep	4 "		
100 " Was	12 "		
100 " Harde Vet	4 "		
100 " Wasbessies	6 "		
100 " Aloë	4 "		
100 " Tabak	12 "		
100 " Rys	2 "		
100 " Gansvere	24 "		
100 " Rosyntjies	2 "		
100 " Droë Appelkose	3 "		
100 " plat pere	3 "		
enige ander droë vrugte	2 "		
<i>Kastajings. (100 lb)</i>			
1 mud neute (chestnut)	6 "	1,000 Soet Lemoene	6 st.
		1,000 Suur "	4 "
		1,000 Klein "	4 "
1 mud aartappels, uie, ertjies, boontjies, rog, lensies, shelots.	2 "	Enige ander wals vrugte (1,000)	2 "
1 mud of 12,000 amandels	6 "		
1,000 okkerneute	2 "		
1 kalkoen of gens	1 "		
12 eende	6 "		
12 hoenders	4 "		
'n wyvaatjie, lemoen sap	4 "		

4 lb. Heuning	1 stuiwer
5 lbs. tuin saad	1 "
100 stukke beesvleis van 'n os	2 "
1 rou beesvel	1 "
4 bokvelle	1 "
1 vel van wilde beeste, leeus, tiers, luiperds	4 "
'n "fleece" van 'n volstruis	4 "
volstruisvere van 1 rds	1 "
elke bees	4 "
elke bok, skaap, lam.	

Enige soort vee wat vir die slagters na die stad gebring word, word vrygestel.

Ten laaste is dit nodig om die belasting op die uitvoer van die boer se produkte te weergee.^{250.}

1 mud koring, gars, ertjies, boontjies	16 stuiwers.
1 mud semels	12 "
100 lb. meel, botter, harde vet, aloë skaapvet.	16 "
100 lbs. kerse	36 "
100 " beskuit	12 "
100 " gesoute bees of varkvleis	20 "
100 " gebreide skaapvelle	1 rds
100 " olifantstande	1 rds 32 st.
1 osvel	3½ stuiwers.
1 lêer wyn	5 rds
1 " brandewyn	5 "
1 kaas	6 stuiwers.

7. Hinderlike faktore:

".... the great distance from Cape Town, the only market in the

Colony, and the badness of the roads, will always operate against a supply of the natural products of the country being had there at any reasonable rate." ^{251.}

'n Ander saak wat die boere baie gedruk het was dat hy die ²⁵² tiendes van sy graanproduksie op eie onkooste na die mark moet neem. As een of twee osse langs die pad vrek of die wa breek dan is al die boer se koop om die produkte te verkoop verydel.

Swak oestehet baie te voorskyn tussen 1795 en 1806 gekom. ^{253.}

Daarvenewens het vee op grootskaal gevrek. ^{254.} Onluste in Graaff-Reinet wat eers aan die einde van 1796 gedemp is moes die boere nadelig ^{255.} beïnvloed het. Die orrestasie van Van Jaarsveld en die verwoesterde kafferinvallie van 1799 - 1802 het almal hul stremmende invloede op ^{256.} die landman gehad.

8. Produkte wat na die mark gebring is:

In sy memorandum skryf de Mist as volg: "de Cochsche producten stoot in zulk een onafscheidbaar verband met de Commerce, in handteering der ingezeteren aldoor, dat men deeze pointen met afzonderlyk beschouwen mag welk een binnelandsche scheepvaart moet daaruit met gebooren worden, wanneer men die maar ongedwongen toelaat? en deze zo nuttige Traficq verdient des, alle aan- ^{257.} moediging van het Gouvernement"

1. Wyn:

Die boere was egter onkundig wat die deeglike bereiding van wyn betref ofskoon hulle baie van die Hugenate geleer het. "Men leeft heerlijke soorten van wijnen aan de Kaap, maar zij word te jong, vervolscht, en bedorven en gedronken verkogt, hetwelk haar een kwaade reputatie heeft aangebragt, en belet dat zij met veel buiten 's lands ^{258.} gezogt of gebruikt word." Die swak wyne aan die Kaap was veral die ^{259.} Caabsche Mallaga, Maag wyn, Steenwyn, Vintint. ^{260.} Slegs die Constantia

251. J. Barrow: Travels in South Africa, Vol. 1, p. 43; B.O. 34, p. 304 - 305, Kaapsche Covrant, 2 Maart 1805, no. 9.
252. Stavorinus: Voyages to the East Indies p. 447. (Vol. 3)
253. Rec. Vol. 1, p. 493; Rec. Vol. 11, p. 61, 418 27 Feb. 1797; Rec. Vol. 111, p. 426, Rec. Vol. 1V, p. 8, 53, 114, 446. Rec. Vol. V, p. 277; Rec. Vol. V, p. 278, 312, 350, 371, 448, 1806.
254. G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. Vol. 111, p. 371; Lichtenstein: Reize Vol. 11 p. 6, 159.
255. S. F. N. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, p. 66-70.
256. " " " " " " p. 76-86.
257. De Mist: Memorandum p. 98-103. ^{258.} G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. Vol. 3, p. 49; W. S. V. Ryneveld: 3.9. Tydscheif 1831, p. 44; Barrow: Travels Vol. 2, p. 311.
259. De Mist: Memorandum p. 52. ^{260.} B.O. 85, p. 62; Barrow: Travels Vol. 2, p. 318, 321. Tussen 1802 en 1803 is 438 halfman uitgewo

261.
wyn het 'n goeie reputasie gehad. Die Kaapse Madeira was ook in groot hoeveelheid uitgevoer.

Opbrengs van wyn wat na die Kaapse mark gebring is:

	<u>Lêers wyn.</u>
1799	6,953 $\frac{5}{8}$
1800	5,199 $\frac{7}{8}$
1801	54, 63 $\frac{1}{8}$
1802	<u>4,031 $\frac{1}{8}$</u>
	21,649 $\frac{1}{2}$ lêers wyn vir 4 jaar.

In 1804:- 4,954 $\frac{1}{2}$ lêers

262.
(2) Brandewyn is gestook van doppe, stingels en wyn en is hoofsaaklik vir die vloot en troepe in die wes-Indiese eilande gebruik.

263.
Opbrengs van brandewyn na die Kaapse mark.

	<u>Lêers brandewyn.</u>
1799	598 $\frac{1}{2}$
1800	472 $\frac{3}{4}$
1801	320 $\frac{1}{3}$
1802	<u>273 $\frac{1}{8}$</u>
	1,665 $\frac{1}{4}$ lêers brandewyn vir 4 jaar.

In 1804:- 94 $\frac{1}{8}$ lêers.

(3) Asyn was taamlik volop en is gestook van wyn, bier en rosyntjies.

(4) Bier wat van gars gebrou was was van 'n swak gehalte en daar was geen kompetisie nie.

(5) Koring is soms onder die bestuur van die Kompanjie uitgevoer as die oes goed is maar tussen 1795 en 1806 moes koring noodgedwonge ingevoer word. Koring was die belangrikste graansoort van die koringboere.
264.
Opbrengs van Koring na Kaapse mark.

-
261. B.O.85, p.64; Barrow: Travels vol.11,p.318,321; B.R.61,p.2212-3.
262. B.O.85,p.65; B.R.143 2 Mei 1804; B.R.61,p.2212-3
263. Barrow: Travels in South Africa Vol.11,p.321.
264. B.O.85, p.57,61; J.Barrow: Travels in S.A.Vol.11,p.311,
B.R.61,p.2212-2213.

1799 - 3,495½ mud; 1800 - 35,685; 1801 - 32,322½

1802 - 28,402½ mud; Totaal vir 4 jaar 131,361½ mud.

In 1804 :- 37,287 mud.

(6) Gars was volop aan die Kaap. ^{265.}

Opbrengs van gars na Kaapse mark.

1799 - 17,130 mud; 1800 - 25,641½; 1801 - 21,054.

1802 - 21,084 Mud; Totaal vir 4 jaar 84,909½ mud.

In 1804:- 24,980 mud.

(7) Rog was maar min gekweek omdat meestal koring vir die brood gesaai is.

Opbrengs van rog na Kaapse mark. ^{266.}

1799 - 184 mud; 1800 - 444; 1801 - 835½; 1802 - 441½

Totaal vir 4 jaar 1905 mud.

In 1804:- 393 mud.

(8) Hawer: aangesien daar oorgenoeg gewone voer en gars vir die perde was het die boere hulle nie juis veel bemoei om hawer te saai nie:- hawer is tog na die mark gebring want die Bataafse regering het 'n tiende daarvan ge-eis. ^{267.}

(9) Ertjies en Boontjies en Hiellies: die boere het hulle veral hierop toegelê want hulle het hoë pryse vir ertjies gekry wat die hoë vervoerkoste vergoed. ^{268.}

Opbrengs van ertjies en boontjies na die Kaapse mark.

	<u>Ertjies</u>	<u>Boontjies.</u>
1799	435	344
1800	366	326
1801	808½	471
1802	<u>168</u>	<u>216</u>
Vir 4 Jaar	1,777½ mud	1,358 mud.

In 1804:- 883½ mud ertjies en 676½ mud boontjies.

265. G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111,p.51,Barrow Vol.11,p.314; B.R.61,p.2212-2213.

266. J.Barrow: Travels Vl.2, p.314; B.R.61,p.2212-2213.

267. Kaapsche Covrant 18 Junie 1803; B.R.2, p.475,690 31 Mei 1803

268. G. Mc Theal: Bel.Hist.Dok. Vol.111,p.51.

Barrow Vol.11,p.314; B.R.61,p.2212-3.

(10) Bokke word meestal vir hul velle aangehou.

(11) Skape word geteel vir hul vleis, vet, velle en 'n energieke
269.
270
burger het 'n fabriek opgerig om hoes uit die horige wol te maak.

Die Engelse en Bataafse autoriteite het baie aandag aan wol gegee soveel
so dat 'n laken uit minstens wat na Amsterdam gestuur is vervaardig is.

(12) Beeste was meestal in die binneland versprei en is groterdeels
271.
deur die koloniste self verorber en die res is, ingesout om aan skepe
272.
te verkoop. Die slagtersagente gaan haal die vee in die binneland.

(13) Perde: Engelse en Amerikaanse perde is ingevoer om 'n beter
ras te teel maar behalwe so nou en dan na St. Helena of Maurituis, is
273.
hulle nie ingevoer nie.

(14) Varke, Kalkoene, Eende, Ganse, Hoenders.
274.

(15) Botter en Kaas. Dit was meestal die veeboere in die binneland wat
botter na die mark gebring het. Die hoeveelheid botter wat die boere
Kaap-toe gebring het, het min of meer dieselfde gebly nieteenstaande
'n groter aanloop van skepe of toevallige verblyf van troepe. Die rede
hiervoor is: dat as daar meer botter gelower word sal die prys te
laag daal om na aftrek van die ontsaglike vervoerkooste nog 'n wins oor
te hou; die boere staak dan die toevoer van botter sodra die Kompanjie
genoeg vir Indië het en die koloniste in hul behoeftes voorsien is;
van die oorgebleene botter word seep gemaak wat langer kan hou en ook
duurder is. As gevolg van die lang reis wat onderneem moet word was
die botter baie gesout en nie van 'n goeie gehalte nie.

Sommige boere maak soms 1,500 tot 3,000 lb. botter elke jaar wat dan
elke 6 maande na die Kaap gestuur word. Die boer kry tussen 4d. en 6d.
per lb. van die Kaapse handelaar wat dit dan weer vir dubbel die prys
van die hand elt. As die koeie ophou melk gee stuur die boer hulle na
die Kaapse slagters.

275.

(16) Seep, die gehalte was swak en nie genoeg vir die behoeftes nie.

269. H.B.Thom: Die Geskiedenis van die Skoepboerdery, p.162;
B.R.143 2 Mei.1904.

270. G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111,p.62.B.R.85, p.67,73;
Barrow: Vol.11,p.322.

271. Barrow: Travels Vol.11,p.329.

272. B.O.85, p.70.

273. G.Mc.Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111,p.49-68; B.O.85, p.73.

274. Boucherroder: Beknopt Benigt p.114, Barrow: Travels Vol.11,p.330.

275. J.Barrow: Travels Vol.11,p.330.

en seep is derhalwe ingevoer.

(17) Velle: die velle van skape, bokke word meestal self in die kolonie gebruik vir die maak van broeke, skoene; maar die velle van beeste en kalwers word gedroog en tesame met die velle van elande, koedoes en wilde perde word dit aan vreemde skepe verkoop en in besonder die beesvelle aan die Amerikaners.^{276.}

(18) Scut van die panne afkomstig was gewoonlik met die ossewaens na die stad gebring maar dit was dikwels nie genoeg vir die behoeftes van die koloniste nie.

(19) Aloë "groeijde in zulk een meenigte langs de Oostkust, vooral omstreeks de Mosselbaaij, dat men zonde kunnen voorzien in die behoefte van gantsch Europa, indien er maar gelegenheid was tot afzetting van zoodanige grote kwantiteit."^{277.} Die handel in aloë was baie winsgewend. Die boere in die streke van Mosselbaai het dit winsgewender gevind om 'n vrag aloë in plaas van 'n vrag koring na die mark te bring. Dit het 'n groot aanvraag in London gekry en die Engelse handelaars het dit opgekoop en na London gestuur.

<u>Jare.</u>	<u>Gewig in Ponde.</u>	<u>Rds.</u>	<u>Sk.</u>
1799	126,684	9,361	- 1
1800	71,843	5,217	
1801	52,181	4,258	- 3
<u>1802</u>	<u>91,219</u>	<u>6,809</u>	
Totaal vir 4 jaar.	341,927	25,665	- 4

(20) Was van bye afkomstig was gering maar daar is ook was van die "Buyberry Bush" gemaak.^{278.}

(21) Vrugte was volop en daar was 'n groot verskeidenheid. Groot hoeveelhede appels, pere, vye, appelkose, perskes, druiwe, amandels ons., is uitgedroog en aan skepe verkoop of na Maurituis, Bourbon, St.Helena en ander plekke gestuur.^{279.} Die vrugteboere digby die Kaap

276. B.O.85, p.73; Barrow: Travels Vol.11, p.323.

277. G.Mc Theal: Bel.Hist. Dok.Vol.111, p.56.

278. Bouchenroder: Reize: 1, p.53; G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.111,p.57. /

279. G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.(J.Barrow: Travels in S.A.Vol.11 p.133. 111, p.57, B.O.85, P.67.

Lady Anne Barnard: S.A. a century ago p.101, 24 Sept.1797; Barrow: Vol.11,p.327, 328.

het ook al vroeg op 'n klein skaal 'n soort uitvoerhandel met die buiteland gedryf deur vers vrugte te verkoop aan skepe wat Tafelbaai binne loop.^{280.} Weens gebrek aan goeie verkeersweë was die gebied wat hiervan voordeel getrek het uiters klein.

(22) Groente word nie in sulke groot hoeveelhede soos die vrugte aangetref nie en die meeste groente behaal duur pryse; groente is ook ingemaak om aan skepe te verkoop.^{281.}

(23) Olifante,²⁸² Seekoeie en Gestreepte wilde esels mag nie sonder spesiale verlof van die Kompanjie geskiet word nie en dan alleen op voorwaarde dat die ivoor teen vasgestelde pryse aan die Kompanjie verkoop moet word. Dit het nie veel gehelp nie want daar was 'n smokkelhandel in ivoor met die Hottentotte en dit is dan teen hoë pryse aan skepe verkoop. Die spek van die seekoeie was "smakelijk".

(24) Leeuws, Tiers, Volwe, Luiperds. Die velle van hierdie gediertes is deur die burgers verkoop. Jakkalsvelle, muishondvelle ens., is aan vreemde skepe verkoop en nie in die kolonie self gebruik nie behalwe "de tigger en pantervelle, die de burger cavallerie nodig had tot schabrokken voor hare paarden."^{283.}

(25) Volstruise: Die Kolonie het self van die vere gebruik gemaak terwyl die orige vere en eierdoppe na Europa verskeep is.^{284.}

(26) Hennep: "The quantities hitherto raised at the Cape, have been inconsiderable, but the low lands would yield of a good quality."^{285.}
^{286.}

Ook, vlas en katoen.

(27) Tabak is hoofsaaklik vir die inboorlinge gekweek.^{287.} "As alle male persons, old and young, smoke in the Cape, from the highest to the lowest, and as American tobacco generally bears a high price, the consumption of that of native growth is considerable. The inferior sort is used by slaves and Hottentots."

Daar is natuurlik nog ander produkte wat die boer na die Kaapse

280. S.P. van Wyk: Die uitvoer van S.A. Somervrugte, p.5.

281. Barrow: Travels Vol.11, p.32.

282. Bouchenroder: Beknopt Berigt p.85; B.R.9, p.4035 - 4036 12 Des.1804; J.Barrow: Travels in South Africa, Vol.11, p.335.

283. G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok Vol.111, p.60.

284. " " " " " Vol.111, p.133; Percival: On account of the cape of Good Hope, p.167.

285. B.O.85, p.69.

286. Bouchenroder: Reize p. 103 - 104.

287. B.O.85, p.76; J.Barrow: Travels in South Africa, Vol.11, p.335.

mark kon neem maar ek dink dat die bostaande soorte die belangrikste was.

9. Bemaking van produkte.

Voor die Engelse die Kaap oorgeneem het het die boere vir 'n beperkte mark geproduseer. Die landman was aan baie restriksies onderhewig en hul hoop vir 'n vry binnelandse handel het herlewe in 1795 met die koms van die Engelse; dog hulle is egter gou ontnugter.

Op 18 September 1795 het Craig algehele binnelandse vryhandel^{288.} geproklameer en alle monopolies afgeskap. Dit was dan ook 'n voorwaarde van die kapitulasie. Die handelsondernemings sou egter deur^{289.} die Burgersenaat beheer word.

Die bemaking van gars het nie volle vryheid geniet nie want die^{290.} goewerment eis jaarliks 'n deel teen vasgestelde pryse. Dieselfde het^{291.} vir perdevoer gegeld. Koring het so 'n belangrike rol gespeel dat^{292.} ek hom 'n aparte hoofstuk behandel.

Afgesien van kontrakte moes die produkte na Boerenplein in die^{293.} stad gebring en daar op 'n publieke veiling verkoop word. Dit is ingestel aangesien sommige persone die boerewaens met produkte by^{294.} Soutrivier tegemoet. gegaan het en die produkte opgekoop het.^{295.} Streng maatreëls is getref en produkte soos lensies, aartappels, uie, droë vrugte, amandels, hoenders en ander produkte moes na Boerenplein gebring word en daar op publieke veiling verkoop word. "We have excepted wheat and other grain, barley, chaff, straw and also wine and Brandy, as there, being principal produces of the country, are less subject to irregularities and consequences alluded to, and, moreover, being brought to Town regularly at certain periods, such a number of waggons come then everyday into town, that the larger square here²⁹⁶ would not be capable of containing them." Aldus die Burgersenaat. Hierdie praktyk om die produkte op te koop voordat die waens by die

288. B.O.61, p.5,6, 17 - 22; B.O.5, p.361.

289. B.O.65, p.15; B.O.5, p.61,62,66,67, Julie 1796; B.O.6, p.17 -22 7 Okt.1795.

290. B.O.52, p.142,173 - 175 8 Junie 1799; Rec Vol.11,p.48,53,55, 58,59,74.

291. B.O.23, p.121-135, 1801; Rec.Vol.1, p.494 2 Des.1796.

292. B.O.61, p.233-238, B.O.62, p.241-3; B.R.9, p.3377.

293. B.O.5, p.197-198 25 Julie 1797; Kaapsche Covrant 8 Sept.1804 No.36 & 4 Junie 1803.

294. B.O.61, p.397-8.

295. B.O.61, p.397-400, 3 Aug.1797.

296. B.O.5, p.197-198 25 Julie 1797.

mark kom was tot die nadeel van die Publiek "and tending not only to increase the prices of all kinds of provisions, but also depriving the industrious unwary peasant of the just remand of his labour." Enige persoon wat oortree word beboet. Die genoemde produkte mag nie voor 7 uur in die môre in die winter en 6 uur in die somer verkoop word nie en geen boer wat sy produkte by Boerenplein te koop aangebied het mag dit in die straat verkoop nie.²⁹⁷^{298.}

Op 18 Augustus 1797 is markopsigters ook aangestel, om teen enige onreëlmatigheid te waak, en 'n ligte belasting is op die produkte gehef wat na die mark gebring word.^{299.}

Op 8 Desember 1800 wou Yonge die pryse van die produkte en lewendehawe vasstel maar die Burgersenaat was daarteengekant. Die boere het hul graan op vasgestelde tye na die mark gebring " and then send their draught oxen to remote pastures, so that they are not able to convey any grain, poultry or other articles to market at the report of any arrival of ships; neither is any person but the licensed Bakers and His Majestys Contractors allowed to purchase meat." Die boere het maar selde skape en beeste na die mark gebring en aangesien hulle te ver bly kan hulle dit nie doen as daar verslag kom dat skepe gearriveer het nie. Die wyn en brandewyn het sulke lae pryse behaal dat die boere nie kon bestaan nie. Die algemene gevolgtrekking is dat die pryse van die produkte nie vasgestel kon word nie want waar 'n boer vroeër 150 rds vir 'n slaaf betaal het hy nou 500 tot 800 rds.^{300.}^{301.}

10. Private handelaars en pryse van boerderijgerredskappe.

Handelaars vra duur pryse en die landman is die lydende party. Dit is neergelê dat die boere hul slagvee aan die slagters teen lae pryse moet verkoop; maar die boere van die Hantam en Bokkeveld het sterk beswaar teen die hoë pryse van artikels gemaak. Die handelaar koop die landbougeraedschap teen lae pryse by die publieke veilinge op en

297. B.O.5, p.306.

298. B.O.61, p.397-400 3 Aug.1797; B.O.5, p.253.

299. B.O.5, p.254, 18 Aug.1797.

300. B.O.5, p.705-713, 8 Des.1800.

301. B.O.5, p.707.

302. B.O.34, p.225 - 293 Nov.1798. J.P. v d Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.301.

sit dit dan duur van die hand aan die landman. Die boere kon nie altyd bekostig om so 'n publieke veiling by te woon nie; sommige woon te ver en dit is soms gevaarlik om die plaas alleen te laat net om 'n veiling te gaan bywoon.

Die slagters, koring - en wynboere kan 'n span osse (10) teen 12,14 of 16 rds by die veeboere opkoop maar dat hierdie mense "both at public and private sales, outbid each other merely from covetuous ^{303.} whim, and raise the price of a team of oxen to 3 a 400 rds." Die boere van Namakwaland het ook dieselfde klagtes gehad. ^{304.} In besonder het hulle beskerming teen gewetenlose spekulateurs gevra. Toe Yonge die pryse van al die produkte wat na die mark gestuur word wou vasstel het die ^{305.} Burgersenaat geweier om enigiets daarmee te doen wil hê. Aangesien die private handelaars nie in die behoefte van die landman kon voorsien nie ^{306.} het die Bataafse autoriteite die verantwoordelikheid op hulle geneem. Die graanboere moes hul graan teen vasgestelde pryse lewer; aan die anderkant was die maksimum pryse van hul benodighede soos slawe, klere, yster en gereedskap nie vasgestel nie. Janssens wou nie 'n matige prysstelling vas lê nie daar dit syndinsiens aan 'n verbod van die artikels sou gelykstaan omdat geen partikulier dit dan sou invoer nie. Die regering het self die landboubenodighede ingevoer wat nie deur die partikuliere ontbied sou word nie.

Op 31 Maart 1803 bring Van Rhee de van Oudshoorn verslag oor die onontbeerlikste goedere wat vir die landbou nodig is en die regering ^{307.} hestel toe: 300,000 lb ijzer, naar model, 200 hoeden smeekele in 3 modellen; 1,000 stuks platpikken, 2,000 graven met stelen, 2,000 koornsikkels, 1,000 koornschoppen volgens model, 50 scheepels Amsterdamsche beslaagen, 30 stuks koornharpen, niet al te dicht van draat, 16 moolensteen, 50,000 grauwe moppen, 600,000 geele klinkers en 30

303. B.O.34, p.287.

304. B.O.34, p.301-310, 20 Nov.1798.

305. B.O. 5, p.705 8 Des.1800.

306. W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift 1831, p.381.

307. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.301-302

vaten cement.

11. Konklusie.

Die afsetgebied vir die koloniale produkte is gunstiger sedert 1795 want aan die Kaap was 'n aansienlike troepe - en vlootmag. ^{308.}

In 1797 was die volgende verbruik: ^{309.}

Beeste.	Skape.	Wyn.	Koring	Gars.
11,372	161,856	6,000	32,900	29,460.

terwyl onder die bestuur van die Kompanjie die gemiddelde jaarlikse verbruik as volg was:

Beeste.	Skape.	Wyn.	Koring.	Gars.
5,000	130,000	5,000	50,000	10,000

Dus was daar 'n aansienlike toename in aanvraag na die boere se produkte. ^{310.} Swak oeste en moeilike verkeer het wel verhinder dat die boere die volste gebruik van hul kanse kon gemaak het maar aan die anderkant het hulle 'n stabiele mark vir hul produkte gehad. Nie alleen was die afset van die landman groter nie maar hy het ook beter pryse vir sy produkte gekry. Hierdie prysstyging was voordelig vir die boer maar nie vir die stedeling nie. Aan die anderkant het die pryse van kledingstowwe en boerderygereedskap ook gestyg d.w.s. die inkomste het saam met die uitgawe gestyg en het dus sodoende mekaar min of meer gebalanseer. Aangesien die pryse van produkte geweldig baie geskommel het kan die boer se posisie nie as onwrikbaar beskou word nie. Die volgende tabel sal aantoon hoe die pryse in 1799 geskommel het. ^{311.}

1799	10 Mud koring	10 Mud gars	100 lb meel	1 lb. botter	100 lb vet	100 lb kerse	1 leër wyn	1 leër brandewyn
Jan.	35	30	5	10-12 s	8	20	30 r	100 rds.
Feb.	44	40	5½	10	9	24	"	90
Maar.	46	40	6½	12	10	24	"	80
Apr.	56	50	7½	12-24	12	28	"	80

308. Rec.Vol.IV, p.187; V.C.74, p.25; B.R.89, p.33,41.

309. Barrow: Travels Vol.2, p.50.

310. Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.259.

311. B.O.5, p.588-589.

<u>1799</u>	<u>koring</u>	<u>gars</u>	<u>meel</u>	<u>botter</u>	<u>vet</u>	<u>kerse</u>	<u>wyn</u>	<u>brandewyn.</u>
Mei.	56	55	8	10	13	28	30 r.	90.
Jun.	58	60	8	14	13	28	"	85.
Jul.	60	60	8	18	14	28	"	90
Aug.	56	55	8	16	12	24	"	90
Sept.	56	45	8	18	12	24	"	90
Okt.	58	35	8	18	12	24	20	70
Nov.	57	30	8	10	12	24	20	60
Des.	57	30	8	10	12	24	20	50

<u>1799.</u>	<u>vir 6 st.</u> <u>Beesvleis</u>	<u>vir 6 st.</u> <u>varkvleis</u>	<u>1 lb</u> <u>aloe</u>	<u>1</u> <u>Huid</u>
Jan.	3 lb	8 st.	3 st	48 st.
Feb.	3	8	3½	36
Maart.	3	8	3½	36
April.	3½	8	4	1 rds
Mei.	2½	8	3	1
June.	2½	8	3	1
July.	2½	8	3	1
Aug.	2½	8	3	1
Sept.	2½	8	3	1
Okt.	2½	8	4	1
Nov.	2½	6	4	1
Des.	2½	6	4	1

Die boer kan dus nooit seker weet wat die prys vir sy produkte gaan wees nie. Die prys van slawe, perde het meer as verdubbel in 1798. ^{312.}

Daar is egter positiewe pogings aangewend om die boere te help om hul produktiwiteit te verhoog en sodoende die uitvoerhandel te verbeter. ^{313.}
Ons dink byv. aan W. Duckitt met sy nuwe boerderymetodes en die poging

Rec.Vol.11, p.237-238.

312.

313. B.R.13, p.2938, 2947, 18 Sept.1805; B.O.20.

om die gehalte van die wyn te verbeter. Selfs is uitspanplase vir die boere beskerm, en die Bataafse autoriteite het oorweeg om binnelandse 314. veemarkte te stig om die handel te bevorder. Spontaan dink ons ook aan die Kommissie oor Landbou en Veeteelt en sy werksaamhede om 'n beter soort wol te kweek en om die gehalte van die koeie te verbeter deur 315. hulle met 'n "Vaderlandsche vas" te verbaster. Ons kan ook nie nalaat om melding van die posvaart te ^{maak} 316. nie. Deur middel van die pos kon die boere op hoogte van sake bly wat die jongste gebeure op die mark was en daarvolgens beplan.

Een van De Mist se verbeterings wat hy hom voorgeneem het om te doen was "dat daar een ruimer toetestaare mye vaart, en communicatie te water, tusschen die districten en de Caabstad, den aanvoer van hum (boere) vee, huiden, pelte-eiën, elephantstanden enz., enz., gemaklyker en minder kostbaar gemaakt worde. Welke vaart aan dezelve te gelyk, 317. allerlei levensnoodwendigheden met minder kosten zol kunnen aanbrengen" Ons kan egter nie te veel van die landbouers verwag nie want soos die Bataafse autoriteite self gesê het was die kolonie nog maar in haar "kindsheid" en het die handel nog nie tot "rypheid" gekom nie.

-
314. G. Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111, p.245; D.G. van Reenen se Joernaal 1803, p.214; Barrow: Travels Vol.2, p.157; Rec.Vol. 11, p.3, 22 Aug.1804.
 315. Kaapsche Covrant, 30 Junie 1804, No.26; B.R.8, p.2591-2600.
 316. Kaapsche Covrant, 26 Okt.1805, No.43; B.R.11, p.844, 1284, 1414; B.R.13, p.3303-5.
 317. De Mist: Memorandum, p.58.

REMARKING VAN KORING? GARS EN PERDEVOER, WYN EN DIE UITVOER-HANDEL IN WYN, DIE WOLMARK.A. Koring:

Soos reeds vroëër bewys was koring die belangrikste graansoort wat in die kolonie verbou is.

(1) Craig vernietig die reserwe voorraad.

Toe die Engelse in 1795 die bevel aan die Kaap oorgeneem het, het hulle nagevoeg 36,166 mud koring in die Kompanjie se graanmagasyn gevind:

".... the farmers will be ruined from the richness of their produce, grain will almost be given away to those who will take it unless some market is pointed out to which it may be sent." Die oes van daardie

jaar was dan ook uitstekend. Eers was groot hoeveelhede na Batavië en Holland uitgevoer dog hierdie handel is vir hulle gesluit en die boere weet nie wat om met die surplus aan te vang nie. Aangesien daar 'n tekort aan koring in Engeland was, het Craig besluit om koring na

Engeland te verskeep want "we have above 100,000 bushels in store -" dit is dan ook gedoen. Die oes van 1796 was egter 'n swak een. Op die

30 Januarie 1797 skryf Craig: "The information, which I have received relative to the past harvest of corn, have led me to apprehend, that it would be requisite to adopt timely measures to prevent a want of that necessary article of life." Dadelik het hy beheer maatreëls toe-

gepas en voorrade koring van Indië en rys van Europa probeer invoer.

Hierdie mislukking van die koringoes was die begin van die moeilikhede wat tot aan die einde van die Bataafse regering in 1806 voortgeduur het.

Tydens die Bataafse bestuur was dit nog moeiliker om voorrade rys en koring in te voer weens die oorlogsomstandighede en moes neutrale skepe voorrade aanbring.

(2) Handel in koring word beheer.

Craig het met die beheer daarvan begin: die uitvoer van koring, meel of

318. Rec.Vol.1, p.271-272.

319. B.O.48, p.75,27 Des.1795,Craig aan Dundas; Rec.Vol.1, p.300, 12 Jan.1796.

320. Rec.Vol.1, p.319,329.

321. Rec.Vol.1, p.319, 328, 374.

322. B.O.5, p.149.

323. B.O.61, p.233, 30 Jan.1797; Rec.Vol.11, p.61,27 Feb.1797.

324. Rec.Vol.11, p.48-50, 55-58,60.

325. Rec.Vol.11, p.62-65, 10 Okt.1797.

326. Rec.Vol.1V,p.53,114,446,4 Aug.1801 (swak oes)Rec.Vol.V,p.278, 312,350,371,448,13 Jan.1806 (ook swak oes)

beskuit word herbied; niemand mag probeer om 'n wins uit koringtransaksies te maak nie (die bakkers ingeslote), enige persoon (behalwe bakkers) word verbied om koring direk van die boer te koop; elke bakker wat koring na die meul stuur moes sy adres gee om sodoende smokkelary te voorkom; koring mag nie vir perdevoer gebruik word nie; niemand mag hier brou nie; geen witbrood of gemmerkoekies mag gebak word nie.

Ma Contrey hef egter die beheer op want genoeg voorrade is ingevoer. ^{328.}

In Maart 1799 word beheer weer ingestel 'n "Supreme Commission" is in ^{329.}

Februarie 1801 aangestel om maatreëls vir die skaarste te tref en om ^{330.}

ondersoek in te stel na " the economical expenditure and

distribution of bread-corn during the continuance of scarcity." ^{331.}

Die Bataafse Regering het ook 'n Generale Graan Kommissie aangestel om "nouwkeurig onderzoek van alle omstandigheeden, welke tot den staat der

granen en de behoeftes de Colonie in dit opzicht betrekking hebben, te ^{332.}
ovenleggen."

Ons kan natuurlik verwag dat die uitvoer van koring verbied sal word ^{333.}

maar tog is daar soms koring uitgevoer. ^{334.}

(3) Monopolie in Koringhandel.

Ons het gesien dat Craig die bakkers die alleenreg gegee het om koring ^{335.}
van die boere te koop. Toe sommige voordeel uit die skaarste wou

trek deur koring terug te hou totdat die prys hoog genoeg na hul sin

gestyg het en sodoende die armklasse eksploiteer, het Craig op die

11 Februarie 1797 geproklameer dat net genoeg koring vir eie gebruik

van die gelisensieerde bakkers gekoop mag word. Toe beheer in ^{336.}

Maart 1799 weer ingestel is het die bakkers ook die monopolie in die

koringhandel gehad. ^{337.} Die oes van 1,800 was baie swak en dit het tot ^{338.}

die vernietiging van die bakkers se monopolie gelei. ^{339.}

die vernietiging van die bakkers se monopolie gelei.

327. B.O.64, p.64-65, 18 Feb.1797; B.O.61, p.233-237; Rec.Vol.11, p.60, 62-65.

328. B.O.62, p.9-10, 22 Jan.1798.

329. B.O.62, p.241-242; Rec.Vol.111, p.101-2, 418; Rec.111, p.352, 362-7, /

330. Rec.1V, p.149, B.O.62, p.405-407. (409-410, 422-3)

331. Rec.Vol.1V, p.6, 65.

332. B.R.9, Deel 5, p.3377, 1804; Kaapsche Covrant 22 Des.1804, no.51.

333. B.O.61, p.233-238) Craig Rec.Vol.111, p.364 (Yonge) B.R.1, 170, 26 Maart 1803; B.R.4, p.2672, 2676 Des.1803; B.R.13, p.2857-2870 /

334. B.R.135, p.167 Nov/Des 1803 (1,200 mud koring (11 Sept.1805. na Batavië) B.O.61, p.233-238.

335. Rec.Vol. 2, p.48-50; B.O.61, p.233-238.

336. " " 2, p.57; B.O.61, p.241-242.

337. " " 4, p.149; B.O.62, p.405-407; B.O.63, 13 Maart 1799.

338. " " 3, p.101-102.

339. " " 2, p.362-367.

Die graarmagasyne het dadelik 'n prominente rol in die koringhandel begin speel en die regering neem nou volle beheer oor. Op die 22 Des 1800, maak Yonge die volgende regulasies. ^{340.} Die bakkers kan hul koring van die koringmagasyne teen 45 rds 4 st. per 10 mud koop; die koloniste kon ook net van die magasyn koop. H.Greene en O.M. Bergh is as inspekteurs aangestel terwyl A.Fleck as magasynmeester sou optree. Nou het die regering 'n monopolie in die koringhandel en koop van die boere teen vasgestelde pryse. ^{341.} Die boere moes al hul koring na die regeringsmagasyne bring waar 43 rds per 10 mud betaal word. ^{342.} ".... all the inhabitants of Cape Town, and its environ are hereby restrictly prohibited from purchasing any wheat or flour from any other person or persons except the aforesaid commissioners." ^{343.} (Bakkers ingeslote.) Die mense wat genoodsaak is om graan by ander plekke te koop moes in sertifikaat te dien effekte van die landdros kry. ^{344.} Die boere is aangesê om al hul koring na die magasyn te bring en geen koring, meel of beskuit mag sonder spesiale toestemming uitgevoer word nie. ^{345.} Ons sien dus dat die regering 'n algehele monopolie nou ingestel het.

^{346.} Op 30 Desember 1800 het 40 koringboere 'n petisie na Yonge gestuur met die versoek om hulle toe te laat om hul koring teen die hoogste pryse te verkoop en dat dit onmoontlik is om dit teen die vasgestelde prys van 40 rds te verkoop. Die vryhandel wat die Engelse met die kapitulasie beloof het is totaal vernietig. In beginsel was hulle reg maar enige regering sou sulke maatreëls getref het as die algemene welsyn van die volk bedreig word.

Op die 2 April 1801 is geproklameer dat "no person whatsoever in the district of the Cape, Stellenbosch, Drakenstein, and that part of Swellendam being on this side of the Drosdy, shall sell or deliver to any individual residing either in Cape Town, its environs, or in the

340. B.O.62, p.379-380, Rec.111, p.367, 22 Des.1800.

341. B.O.34, p.707, 30 Des.1800.

342. Rec.Vol.111, p.362, 2 Des.1800.

343. Rec.Vol.111, p.363; B.O.5, p.767, 23 Des.1800; B.O.62, p.413-414, 2 April 1801; B.R.14, p.3834, 18 Des.1805.

344. Rec.Vol.111, p.363-364, B.O.5, p.767.

345. Rec.Vol.111, p.364.

346. B.O.5, p.707, 30 Des.1800.

country, any wheat, flour or biscuit, without having first obtained a special permission for that purpose from the Supreme Commission." ³⁴⁷

Dit is gedoen omdat sommige persone die regulasies oortree het.

Die Burgersenaat was ten gunste van die voortbestaan van die graanmagasyn ^{348.} en die Bataafse Regering het die Engelse beleid ten opsigte daarvan voortgesit en dus het die monopolie voortgeduur. ^{349.}

Die pakhuise is reggemaak en die projek om nuwe graanmagasyn te bou ^{350.} sou in 1805 in die praktyd gebring word. ^{351.}

Selfs onder die Britse regering is 225,000 gulde vir graanmagasyn ³⁵² in 1795 bestem en in 1804 is 80,000 rds vir hierdie doel bestee. ^{353.}

In sy verslag het Vos, wat ondersoek na die graan toestand in 1804 ingestel het, aan die hand gedoen dat die prys van koring verhoog moet word en dit is toe op 47 rds gestel. ^{354.}

		^{355.} <u>Prys per 10 mud.</u>
<u>Jare.</u>		
(a) 1798		32½ rds.
(b) 1799		56 "
(c) 1800		43 "
(d) 1801		40 "
(e) 1803		42 "
(f) 1804		47 "
(g) 1805		47 "

Hierdie tabel toon aan hoe die pryse as stimulant vir 'n beter produksie kan gedien het. Die prys onder die Bataafse regering was heelwat hoër as onder die Britse regering.

Die prys van gars het hoër as die prys van koring gebly. Hierdie toestand het reeds in Februarie 1801 ontstaan toe Yonge skryf " it appears to me absolutely necessary that the price of barley also should be fixed during such time as the apprehensions of scarcity may

347. B.O.62, p.413.

348. B.O.5, p.774, 23 Des.1801.

349. Kaapsche Covrant, 9 Apr.1803; Kaapsche Covrant, 7 Des.1805 no.49.

B.R.9, p.4088; Theal: Bel.Hist.Dok.111, p.279.

350. B.R.2, p.410, 954, 480, Junie 1803, B.R.8, p.7448.

351. B.R.3, p.1461, 18 Aug.1803; B.R.135, p.381; B.R.11, p.1084, 20 Maart 1805.

352. B.O.5, p.37, 23 Des.1795.

353. B.R.5, p.410, Jan 1804; B.R.14, p.3900, 24 Des.1805.

354. B.R.9, p.3370-3373, 4091.

355. (a) Rec.11, p.237-238. (b) B.O.5, p.549-550. (c) Rec.111, p.362, /

(d) B.O.5, p.767, 23 Des.1801. 4 Des.1800.

(e) B.R.135, p.166, Nov/Des.1803. (f) B.R.9, p.4086 19 Feb.1804 /

(g) B.R.14, p.3567-8, 20 Nov.1805; (B.R.7, p.4091.

B.R.9, p.4086, 19 Des.1804.

make it necessary to continue a fixed price on bread, corn" 356.

Die rede wat hy aangevoer het was die prys van gars te ver bo die prys van koring is en gevolglik sal die boere hul perde met koring voer en die gars na die mark bring. Dieselfde ding het ook onder die Bataafse regering plaasgevind en om die situasie die hoof te bied is in 1804 verklaar dat "niemand bevoegd zál zyn, meerder garst in te kopen als hy sal kunnen aantoonen voor zyn lygen ommeslag of paarden volstrekt nodig te hebeen" 357.

(4) Besvinigingmetodes.

Kwotas is aan die bakkers toegesê in Desember 1800 met die instelling van die magasynen: Die rantsoen van die garrisoen is van $1\frac{1}{2}$ lb na 1 lb 358.

per kop verlaag. "The commissioners at the same time made such internal regulations with regard to their obtaining and bringing to the capital the principal part of the grain in the colony as well as to the distribution of bread that no waste or improper use could be made of the same" 359.

360.

Die Bataafse regering moes ook noodgedwonge rantsoene uitdeel.

Alle wynboere en ander boere wat hulle brood en koring moet koop moet 'n sertifikaat van die Kommissie kry; nie meer as $\frac{1}{4}$ lb koring per kop mag ingekoop word nie. 361.

Aangesien koring so skaars was, was heel logies genoeg substitute 362. daarvoor gesoek en die eerste wat aan die beurt gekom het was rys nieteenstaande dat sy prys hoog was. In Januarie 1805 was die vooruitsig van die oes so swak dat rys tweemaal per week in plaas van brood uitgedeel 363.

is en in April 1805 is die gebruik van rys verpligtende gemaak: "drie dagen in ieder week, te weten Zondag, Woensdag en Vrydag $\frac{1}{2}$ lb 364. ryst in stede van 1 lb. brood per hoofd te doen verstrekken.

365.

Behalwe rys is gars ook as substituuat gebruik. Rog is ook streng

356. Rec.Vol.111,p.423-425, Feb.1801.

357. B.R.9,p.4089.

358. Rec.Vol.111,p.363-364,4 Des 1800; p.422-423,11 Feb.1801.

359. Rec.Vol.1V, p.144,30 Jan.1802 Barrow aan Dundas)

360. B.R.9,p.3519,7 Nov.1804; B.R.89,p.30 Sept.1805.

361. Kaapsche Covrant, 29 Des.1804, No.52.

362. Rec.Vol.1V,p.175-176,B.R.1, p.171;Rec.V,p.384,28 Feb.1806.

B.O.5, p.493,2 Jan.1799; p.702-1,713,23 Okt.1800.B.R.10, p.550 / (-551,20 Feb.1805)

363. B.R.10, p.304,22 Jan.1805.

364. B.R.11,p.1188,3 Apr.1805;B.R.14,p.3824,18 Des.1805

Bouchenvader: Bekrapt Berigt,p.41.

365. Rec.1V,p.144,Jan 1802; R.R.13, p.2859, 11 Sept.1805.

beheer. Die toestand was so benard dat witbrood, koek en bolletjies
368.

nie gebak mag word nie en later is net 5 lb. meel per week uitgedeel.

(5) Pogings om graan van boere te kry.

Toe hongersnood die kolonie bedreig het, het die regerings probeer
vasstel wat die produksie is om sodoende sy distribusie beleid neer te
18 en om die grootste hoeveelheid koring uit die platteland te kry.

Craig het die veldwagmeesters in 1797 opdrag gegee om opgawes te maak
369.

hulle moes daeglik navraag doen omtrent die koring in die Kaapse,

Stellenbosse en Drakensteinse distrikte. Die boere moes ook volle
370.

besonderhede gee. Hierdie beleid is in 1801 herhaal. Vos was in die
binneland gestuur en sy sending was baie geslaagd. Hy het ook sy

dienste onder die Bataafse regering aangebied. Die Bataafse regering

uit die beleid van die Engelse voort om ondersoek na die toestand van
die oes in te stel. 371.

'n "Generade Graan Kommissie" is gestig om raad
372.

te gee en die koring voorrade te kontraleer. Graankommissies is ook
373.

aangestel om ondersoek in te stel.

Datums is vasgestel wanneer boere die koring moet lewer. Sommige
boere het van die koring agtergehou maar op 15 Feb. 1797 het Craig ge-
eis dat die koring voor die 10 Maart na die mark gebring moet word.
374.

Sommige het wel besware geopper maar daar is ook nie gewag om hardhandig
op te tree nie - in sulke gevalle word die militêre by die hardkoppige
376.

burger ingekwartier.

Die moeilike transport het egter teen 'n groter produksie getel.

W.S. van Ryneveld het voorgestel dat meer graanmagasynes gebou moet
378.

word en dit is ook gedoen byv. by Saldanhabaai is pakhuise gebou.
379.

(6) Pogings om graan te kry.

Die regering sal heel logies genoeg sy aandag aan ander dele van die
kolonie skenk om koring te kry. In 1797 is 'n begin gemaak om die

366. B.R.14, p.3718- 28 Nov.1805; Kaapsche Covrant 7 Des.1805 No.49.

367. B.O.62, p.399, 11 Feb.1801.

368. B.R.9, p.3524, 7 Sept.1804; B.O.62, p.398, 11 Feb.1801.

369. B.O.61, p.233-238, 30 Jan.1797. (B.O.1, p.249-252, 22 Feb.1797.

B.O.64, p.83, 18 Feb.1797 (landdros en Heemrade van Stellenbosch /

370. Rec.Vol.IV, p.179, 18 Apr.1801. (met taak belas.)

371. B.R.9, p.3372, 24 Okt.1804, p.3358, 26 Sept.1804, Kaapsche covrant
29 Sept.1804.

372. B.R.14, p.3900, 25 Okt.1804, B.R.p.3372, 24 Okt.1804.

373. B.R.10, p.305, Jan 1805; B.R.9, p.4082, 19 Des.1804.

374. B.O.61, p.254-255, 15 Feb.1797.

375. B.O.30, p.302, 7 Maart 1797; Rec.Vol.11, p.61.

376. B.O.49, p.430; B.R.5, p.454, 6 Feb.1804.

378. W.S.v. Ryneveld: Z.A. Tydschrift 1831, p.291-294.

379. B.R.12, p.1801, 5 Julie 1805.

magasyn by Mosselbaai te herstel. Die skeepseienaars was egter baie onwillig om met hul skepe van hierdie baai te waag. Mosselbaai het in elk geval nie wat wonders koring opgelewer nie; in Maart 1799 was die opbrengs 350 mud en in Mei was die 1,920 mud. In 1804 was die maar 390 mud en was nie die moeite werd om te gaan haal nie.

Die Mosselbaaise magasyn is in 1803 deur die Bataafse regering herstel en 'n nuwe graanmagasyn in Plattenbergsbaai gebou.

Die Bataafse regering het ook die saai van koring in die nabyheid van Saldanhabaai en Algaabaai aangemoedig en vaartive is beskikbaar gestel om die graan daar te gaan afhaal.

Ten laaste het die regerings hulle tot die buiteland gewend om koring en rys in te voer.

- B. Gars en Perdevoer.

In Des. 1796 het Craig persone in die binneland gestuur om gars vir die perde teen 'n liberale pryse te koop. Die boere in die Kaapse distrik, Swellendam en Stellenbosch moes stipuleer hoeveel gars hulle teen 16 skellings per mud kon lewer. In Feb. 1797 het hy 2 kommissies te dien effekte in die distrikte, Stellenbosch en Drakenstein aangestel. Dundas sit die beleid voor en eis die hoeveelheid gars wat die boere moet lewer nl. 10,000 mud.

Yonge reguleer ook die hoeveelheid wat gelewer moet word. Koring was nie genoeg vir die verbruik van die koloniste nie en dit het absoluut noodsaaklik geword om die prys van gars ook vas te stel. Die prys van gars was in verhouding baie meer as die prys van koring met die gevolg dat boere lievers op die verbouing gars konsentreer en die koring vir die perde gee. Die prys is toe op 3 rds 4 sk. vasgestel en mag net in die Kaapse mark verkoop word; terwyl niemand gars mag koop om daarmee besigheid te maak nie. Die Bataafse regering het die

-
380. B.O. 50, p. 131, 27 Junie 1797; Kaapsche Covrant, 9 Nov. 1805, No. 45.
 381. B.O. 33, p. 637-639, 27 Maart 1799.
 382. B.O. 24, p. 383-386, 29 Maart 1799; Stavorinus: Voyages III, p. 445.
 383. B.O. 24, p. 408. 384. B.R. 7, p. 1825-1826, 1804.
 385. G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. vol. III, p. 212.
 386. B.R. p. 1086, 21 Maart 1804.
 387. B.R. 89, p. 73, 23 Des. 1805; B.R. 12, p. 1799-1806, 5 Junie 1805; Barrów: /
 388. B.R. 89, p. 73, 12 Des. 1805; B.R. 12, p. 2088-2090. (Travels I, p. 319.
 3 Julie 1805, B.R. 14, p. 3793, 11 Des. 1805.
 389. Rec. IV, p. 114, 446, 4 Aug. 1801; Rec. V, p. 278, 312, 13 Jan. 1806.
 390. Rec. L, p. 494, 2 Des. 1796. 391. B.O. 64, p. 64-65, 18 Feb. 1797.
 392. B.O. 52, p. 142, 9 Mei 1799; B.O. 5, p. 633, 15 Mei 1799.
 393. B.O. 23, p. 125-135, 20 Jun. 1800; Rec. III, p. 423-425, 13 Feb. 1801.

beleid van die Engelse voortgesit en probeer rede vind vir die hoë prys van gars en kaf: ".... hier aan de Kaap aan het stedelyke bestuur, benevens den Proviseur Generaal, en te Stellenbosch aan Landdrost en Heemraaden worde gedemandeert, uit de generaale opgaaf rollen of andere daar toe aan handen zynde stukten, na te gaan, hoeveel garst en kaff ieder ingezeetenen by den laasten oogst heeft ingezameld" 394.
Die prys is vasgestel wat by die graanmagasyn betaal sal word nl.

14 skelling per mud gars en 13 sk per mud kaf. Sommige boere het daaroorbeswaar gemaak; byv. 'n sekere Mnr. Retief kla dat hy 20 mud gars moet lewer terwyl hyself genoodsaak is om gars te koop. Die Gemeenteraad het "Repartitie -" lyste vir hierdie doel jaarliks opgestel vir die Kaapse distrik en deur die landdros en Heemrade vir Stellenbosch. 395.
Lang lyste is opgestel en die hoeveelheid wat die boere moet lewer is gestipuleer. 396.

Alles het natuurlik nie so voor die wind gegaan nie. Dundos het hulle gewaarsku om hul kwotas te lewer en waens op pad na die mark is gestop. "It is the Honble. the St. Governor's orders that you will immediately give directions to the keeper of the Barnier to stop all waggons coming to Town with barley, which will remain in force until the supply necessary for Government be obtained" 397.
398.

Daar was wel sommige boere wat met hul kwotas agterstallig was. 399.
Die regering het dan ook nie geweier om drasties op te tree nie en troepe is by onwillige boere ingekwartier. 400.

Die Bataafse regering stel ook ondersoek in na metodes om 12,000 mud gars en 6,000 sakke kaf te kry. 401.
Maar Vos het gerapporteer dat die garsoes met een derde verminder het en dus moes die kwotas ook verminder word.

In Julie 1798 is 3 rds vir 'n mud gars betaal terwyl die regerings-

-
394. B.R.5, p.70, B.R.5, p.76, 4 Jan.1804; Kaapsche Covrant 15 Sept.1804 /
395. B.R.7, p.1633, 9 Mei 1804; B.R.5, p.534-5, 15 Feb.1804. No.37.
396. Kaapsche Covrant, 23 Nov.1805, No.47.
397. B.O.94, p.245-247.
398. B.O.51, p.271, 14 Jan.1799.
399. B.O.52, p.176-178, 11 Julie, 1799.
400. B.R.5, p.454, 6 Feb.1804; B.O.55, p.145, 146; B.R.8, p.2802, 2544, 2932, 5 Sept.1804.
401. B.R.9, p.3360, 24 Okt.1804; B.R.14, p.3386, Nov.1805; B.R.13, p.2950, 18 Sept. 1805.

402.

pryse 18 skellings was. Toe die regeringspryse tot 3 rds 4 sk. in Feb. 1801 verhoog is het die boere reeds in Junie 1800 4 - 5 rds gekry.

403.

In 1804 was die prys 16 skellings vir 'n mud gars en 14 sk vir 'n mud kaf.

404.

In 1805 het die prys tot 18 sk vir 'n mud gars gestyg. Die opheffing van die prysbeheer het reeds in September 1801 plaasgevind

405.

toe as volg geproklameer is: "the necessity which had occasioned the temporary measure of fixing the price of barley by proclamation of the 13th Feb. 1801 appeared to them (Commission) no longer to exist and it seems but reasonable and just, that the farmers should enjoy the benefit of a fair and open market for the remaining part of their stock of barley" Die verhouding tussen regeringspryse en oopmarkpryse het onder die Dutaafse regering voort bestaan maar die boere is daarop gewys dat die regeringspryse bestendiger as oopmarkpryse is.

406.

Die konklusie waartoe ons kom is dat daar 'n werklike te kort aan gars en kaf was. Een boer het geskryf: "het is my onnaagelyk" om die kwota te lower. Die gars moes aan die burger kavallerie gelewer word; en die wat nie gars kan lower nie moes in plek daarvan naver lower.

407.

408.

409.

C. Wynhandel:

Die wynboere het hulle op verskeie soorte droë en soet wyne, brandewyn, rosyntjies en asyn toegelê. Die gehalte was egter swakker as die Europese wyn. "De wijn, welke hier (Boterrivier) groeit, is een zuurachtige drank, die in de stad aan de Kaap niet eer aan den man kan gebragt worden, dan na dat hij tot asyn of brandewijn veredeld is" aldus Sparman. Op elke lêer wyn wat na die Kaapse mark gebring word moes 3 rds vatgeld betaal word. Nadat die Kompanjie sy benodighede teen vasgestelde pryse ingekoop het, is die res aan burgers en aankomende skepe van die hand gesit. In 1779 was die hoeveelheid wyn,

410.

411.

412.

413.

-
402. B.O. 2, p. 115.
 403. Rec. Vol. 111, p. 424, 13 Feb. 1801.
 404. B.R. 9, p. 3442, 31 Okt. 1804.
 405. B.R. 14, p. 3371, 6 Nov. 1805.
 406. B.O. 62, p. 473, 8 Sept. 1801.
 407. B.O. 61, p. 285-286, 21 April. 1797.
 408. B.O. 23, p. 671, 5 Julie 1802; B.O. 62, p. 245, 22 Apr. 1799. Lady Anne Barnard: S.A. a century ago, p. 74, 1797, B.O. 61, p. 285-6, 24 Apr. 1797. B.R. 8, p. 2548, 31 Julie 1804.
 409. B.R. 147, B.R. 121, p. 57, 1 Apr. 1803; B.R. 13, p. 2916, 18 Sept. 1805. Stavorinus: Travels Vol. 111, p. 445 (tabel 2.)
 410. B.R. 10, p. 701, 24 Feb. 1805.
 411. B.O. 95, p. 61-62; Percival: An account of the Cape of Good Hope, p. 175
 412. Sparman: Reize Vol 1, 8155.
 413. M.H. de Kock: Economic History of S.A. p. 81, 83; B.O. 2, p. 498.
 414. J. Beyers: Die Kaapse Vatesotte p. 108.

wat die Kompanjie jaarliks by die Burgers ingekoop het, sowat 945
lêers; dan het daar op daardie tydstip elke jaar, die een by die ander
gereken vir 'n vyftal jare, 3,497 lêers oorgeskië, waarvoor die
koloniste 'n ander afsetgebied moes vind. Vir die wit wyn het die
Kompanjie 40 rds betaal en vir brandewyn 60 rds per lêer. Van hierdie
pryse moes eers 10 rds respektieflik afgesestaan word vir die Goewerneur
415.
en sekunde.

Wynpagters het die wyn vir plaaslike handel gekoop en was alleen
geregtig om wyn by die kleinmaat te verkoop en die pag is jaarliks
416.
opgeveel.

Die wynkopers was alleen geregtig om wyn by die grootmaat (nie minder
as 'n halfaam nie) te verkoop; hulle was verplig om altyd hul besig-
heid in 'n pakhuis langs die straat oop te hou, om een jaar in die
besigheid te bly en kon skepe in groot hoeveelhede voorsien mits hulle
direk van die plaas na die seehoof die wyn bring sonder om dit alvorens
417.
in die Kaap en in 'n pakhuis op te slaan.

Die uitvoer van wyn was maar gering want die buitelandse marko
was nie gretig om Kaapse wyn op te neem nie, en gevolglik is die
jaarlikse surplus aan die koloniste en skepe verkoop. Die skepe het
egter nie 'n stabiele mark vir die wynbeer gebied nie. Dit is dan
kortliks die posisie onder die bestuur van die Kompanjie.

Met die koms van die Engelse is 'n nuwe beleid afgekondig. Wyn
418.
word, "niet onder de onontbeerlijke anticolen gerekend" en die ou
419.
pagstelsel het plek gemaak vir "geprivilegieerde wijn koperij." Die
wynpagte is afgeskaf en Craig het gelisensieerde wynhuise in gestel;
420.
"the vintners shall have the exclusive privilege of selling Cape wine
and brandy by retail to be drunk in the house, as also of all Cape
wine and Brandy sold in quantities less than half an anker, and they.

-
415. G. Beyer, Die Kaapse Patriëtte, p. 108.
416. J. J. van Rensburg, Die Geskiedenis van die wynkultuur, p. 37.
417. B.O. 6, p. 22.
418. B.O. 6, p. 127.
419. B.O. 6, p. 128, B.R. 7, p. 1761-1763, 1804.
420. Rec. Vol. 1, p. 201; Rec. Vol. VII, p. 191; V.R. 7, p. 1765, 1769.

page -
or mistaken
date?

may buy their wine and brandy of whom they please". Om alle monopolies so ver moontlik te vermy het Craig voorgestel dat die lisensie aan 32 persone uitgereik sal word maar net 15 was gretig om van die kans gebruik te maak; en die volgende jaar het hulle versog om die linsensie te hernu. Daarteen is geprotesteer en is beweer dat die afskoffing van die pagte en die opstelling van wynhuise nie vervalsing van die wyn sal voorkom nie. ^{421.} Selfs die Burgersenaat het Craig versoek om die ou stelsel weer te herstel. ^{422.}

Daar is toe weer na die ou stelsel oorgegaan "to prevent the revenue from suffering, as well as the disorders that might be supposed to arise from an unrestrained liberty of sale. ^{423.} Die regering het 'n aansienlike inkomste van die pagte ontvang. ^{424.}

1 Sept. 1803 tot Aug. 1804		£195,700.
1804 - - 1805		f220,875.
1805 - - 1806		f223,850.

Hierdie stelsel van Craig was dus relatief non-produktief van 'n finansiële oogpunt beskou. Volgens W.S. van Ryneveld was die pagstelsel 'n morshandel; "dit zou geen plaats hebben, wanneer men dit privilege en monopolie hier afshafte, want daardoor zou men een algemeen morshandel in Caapse wyn qualificeeven." ^{425.}

Aangesien die wynhandel tot nadeel van die reputasie van die Kaapse wyn gedryf is en dus ook skadelik vir die publieke inkomste, ⁴²⁶ het Macartney deeglik ondersoek ingestel; "and for the prevention of the adulteration of the wines, and of other abuses in this branch of trade", is die volgende geproklameer: dat elke wynhandelaar sy publieke pakhuis langs die straat moet hê wat altyd vir die publiek oop moet wees en dit is verbied om wyn vanuit geheime plekke te verkoop, elke jaar moes die lisensie hernu word en hy sal geregtig

421. B.R.7, p.1772.

422. Barrow: Travels Vol.2, p.289.

423. B.O.5, p.67-68, 8 Julie 1796.

424. B.R.121, p.329, B.R.134, p.1, B.R.8, p.27, 95, Kaapsche Covrant, 7 Sept.1805, No.36, B.R.3, p.2766-2767, B.R.118, p.11, 21 Maart 1803

425. B.R.7, p.1769-1770, B.O.6, p.128 (Pagstelsel bied geleentheid vir smokkelhandel)

426. B.O.62, p.101-103, 27 Julie 1798.

wees om sy wyn aan skepe te verkoop; die boere is toegelaat om hul wyn aan die skepe te verkoop maar dan moet hulle direk van die plaas na die kaai gaan en nie eers die wyn in 'n pakhuis in die stad opslaan nie. Ons sien dus dat die boere tegemoet gekom is maar dit is te betwyfel of dit hulle veel gebaat het. Skepe het gewoonlik nie lank in die baai gebly nie en by die tyd dat die verafgeleë wynboer die berig kry is dit te laat om die lang afstand na die seehoof af te lê. Hierdie regulasie het baie beteken vir die wynboer wat naby die stad geboer het.

In Augustus 1800 het Yonge 'n "Wine Tasting Department" in die lewe geroep.^{427.} "Whereas the amelioration and improvement of the wines of this Colony is a matter of the highest importance and benefit, not only to the inhabitants in general, but likewise to the troops and to the crews of His Majesty's ships I have therefore judged it expedient and proper to appoint Mr. Richard Blake, chief taster and examiner of all wines and Brandy, and other spirituous liquors, either made in, or imported into this Colony"^{428.}

Hy was daarvan oortuig dat wyn van die allerbeste gehalte aan die Kaap gemaak kon word.^{429.} Behalwe hierdie departement het hy reeds in Junie 1800 die belasting op brandewyn van 3 rds na 6 rds verhoog.^{430.}

Die hoof idee van die departement was om die wyn deeglik te toets om sodoende die gehalte te waarborg.^{431.} Dit in sigself is mynsinsiens iets wat lankal gedoen moes geword het. Die Bataafse regering het aan die pagter van die Kaapse koelewyn voorgeskryf om 'n halwe bottel van die wyn wat aan die kantien gelewer word, na die Bureau van die kommissaris van Oorlog te stuur, om daar deur 'n deskundige geïnspekteer te word.^{432.}

'n Goeie gehalte wyn sou die afsetgebied van die Kaapse wyne uitgebrei het. Maar in ander opsigte is ontevredenheid veroorsaak en remons-

427. B.O.62, p.353-354, 25 Aug.1800.

428. Rec.111, p.211-212, Rec.IV, p.259.

429. Rec.111, p.389.

430. Rec.111, p.193, 9 Junie 1800.

431. B.O.62, p.353-354, 25 Aug.1800; B.R.3, p.1146 (sleg wyn is aan soldate verkoop)/B.R.8, p2281, 25 Julie 1804.

432. B.R.

transie van die Burgersenaat is ook uitgelok: "... the method of tasting the wine and brandy according to the present stipulation, is a great detriment to the vintagers yet only for as far as relates the regulation in behalf of the casks being opened at the gates of the castle and these to be tasted."

433.

Omdat die wynboere gewoon was om 'n hele paar wawragte op 'n slag te stuur waarna die slawe en hottentotte kyk, was hulle nou verplig om die vate op so 'n manier toe te maak sedat die persone wat met die wyn te doen het, dit nie gebruik of water by die wyn of brandewyn meng nie; as die vate by die hekke van die kasteel oopgemaak word sal die wyn deur die verdere beweging van die waens uitgestort word en die ontvangers van die wyne sal nie weet of die vate deur die slawe of Hottentotte of deur die persone by die kasteel oopgemaak is nie; aangesien daar baie waens op 'n keer na die mark gaan sal dit lank neem om al die wyne te toets. Dit was egter eers onder die bewind van Dundas dat dié departement afgeskaf is en die wyn soos gewoonlik in die kelders getoets is. Hierdie stap van Dundas het die wynboere meer nuwe moed gegee.

435.

Die pagstelsel is sedertdien weer ingevoer. Dit was 'n vasstaande instelling dat die wynboere hul wyn tussen September en Januarie van die volgende jaar Kaapwaarts moes bring en niemand mag sonder toestemming wyn bring as die voorgeskrewe tyd verstreke was nie. Hierdie verpligte inrytyd was dikwels tot nadeel van die boer en die handelaars het munt uit die situasie geslaan "als weetende dat de wýnbouwers volgens deze instelling verpligt en gebonden zyn, hunne wijnen in die gesegde maanden Caapwaards te moeten opbrengen, en also by eene onderlinge afspraak, zo veel geld voor de wijn presenteeren als zij goedvinden, en menigmaal zo min, als waar wede den wynbouer onmogelyk bestaan kon, die

436.

433. B.O.3, p.115, 19 Maart 1801.

434. Rec.Vol.IV, p.65, 9 Sept.1801.

435. Kaapsche Covrant, 20 Aug.1803; B.R.1, p.101, 1803; B.R.4, p.2754 B.R.14, p.3660; B.R.118, 21 Aug.1803.

436. B.R.41, p.65, Okt 1803; B.R.4, p.1875, 1889.

437. B.R.41, p.67, Okt 1803.

don deze aanbod, hoe gering ook, dikwels uijt nood gedwongen is te moeten acceptieren." Die regerings het ook geweier om die inrytyd te verleng; ^{438.} en geen wat wyn tussen 1 Februarie en 31 Augustus na die Kaap bring moes 300 rds betaal en boonop word die wyn gekonfiskier. Die rede waarom die regerings so vasberade was was dat "daar het uitvoeren van jong geperste wynen een zeer schadelyk invloed heeft op het debiet van zulk een belangryk product, zullen ter voorkowing van dit weezelyk kwaad, de wijngaardeniers gehouden zyn, hunner wynen na die Kaapstad op te ryden van den 1 September tot 31 Januarie." ^{439.} Daar is soms uitsonderings gemaak in gevalle waar die betrokke burgers goeie dienste vir die regering verric het en nie hul wyn betyd kon inry nie; maar die pagters het gou beswaar gemaak as die wyn nie betyds na die Kaap gebring is nie. ^{440.} ^{441.}

Dit is verstaanbaar dat baie protes teen die ^{442.} pagstelsel van stapel gestuur sal word. Ten nadele daarvan word beweer dat deur hierdie monopolie die pagter die boere se wyn teen lae pryse opkoop wat geen stimulant vir die produsering van 'n beter gehalte wyn is nie; die pagter koop goeie of slegte wyn teen dieselfde prys in en maak 'n buitensponige wins daaruit; die gevolg van so 'n praktyk was dat die boere baie wyn in stede van goeie wyn produseer; die pagter voeg peper en ander bestanddele by ^{war.} die wyn "verpest" en dat die pagstel aanleiding tot sluikhandel gee. Die pagters verdedig hulle stelsel en beweer dat: ^{443.} hulle die pryse varieer na gelang van die gehalte van die wyn; slegte wyn kon "goed" gemaak word deur goeie wyn daarby te meng; die pagstelsel is juis daar om toe te sien dat die smokkelhandel minder gereeld voortgaan.

Die werklike rede vir die swak gehalte wyn volgens hulle is dat "gewinzieke wyngaandeniers," kort na die oes, wyn na die stad bring wat nog nie klaar gepers is nie. ^{444.} Hierteen kan beweer word dat daar 'n

438. B.R.8, p.2718-9, 3 Aug.1804.

439. B.R.8, p.2718-9, 3 Aug.1804.

440. B.R.10, p.173, 16 Jan. 1805.

441. B.R.4, p.1875, 4 Okt.1803.

442. B.R.4, p.2754-2766, 15 Des.1803.

443. B.R.41, p.71-73, 6 Okt.1803, B.R.7, p.1737, 1761-1788, 23 Mei 1804.

444. B.R.7, p.1739.

445.

gebrek aan vate was en dat die boer sy wyn so spoedig moontlik moet inry om die res betyds te kom haal.

Volgens die Koloniale Rekenkamer sou die beste plan wees "dat op den invoer der Kaapsche wynen en Brandewynen in't algemeen het sy die aan Particulieren of aan wynverkoopers geleevert word, eene hoogere recognitie wierd gelegd, en de Pagtereyen onder eekere bepalingen en condities wierd gecontinueerd." ^{446.} Onder die regulasies sou wees dat die pagters verplig moet word om goeie wyn te lewer en jaarlike opgawes aan die regering stuur van die hoeveelheid drank wat in sy besit is. Oud-fiskaal van Ryneveld wou egter die ou pagstelsel behou. Hy is "onder eerbiedige verbetering" van gevoel dat die "pagten behoren te worden gelaten op den ouden voet." ^{447.}

Janssens oorweeg die voorstel van die Koloniale Rekenkamer en dit lyk asof hy dit goedkeur want hy antwoord dat die belasting op die ^{dit} verbruik van wyn nie so hoog moet wees dat/die mense laat ophou drink nie. ^{448.}

Ons het gesien dat boere direk uit die platteland wyn aan die skepe kan verkoop. Hierdie voorreg is hulle ontnem toe bepaal is dat niemand behalwe die gepermitteerde pagters en bytappers wyn by die kleinmaat mag verkoop nie. ^{449.}

Die Bataafse regering wou 'n verandering in die pagstelsel aanbring. Volgens Janssens is die "tap en sleet van wyne in oneveredige en daarom ook eene onbillyke belasting." ^{451.} Sodra 'n nuwestelsel uitgewerk kan word sal die pagstelsel meteens vervang word. Die Koloniale Rekenkamer is belas om 'n stelsel uit te werk, maar geen vrugte is afgewerp nie en die ou pagstelsel het voortbestaan "omdat tot nog toe geene gepaste middelen zyn ontdek, om de jaarlyksche verpagting te substitueeren." ^{453.}

445. B.R.7, p.1768.

446. B.R.7, p.1755, 13 Maart 1804.

447. B.R.7, p.1762.

448. B.R.13, p.2847.

449. B.R.8.

450. B.R.3, p.1329, 28 Jul.1803, (Kommissie van Onderzoek is aangestel.)

451. B.R.13, p.2845, 3 Sept.1805.

452. B.R.7, p.1735; B.R.13, p.2846.

453. B.R.12, p.2422, 31 Jul.1805, Kaapsche Covrant, 7 Sept.1805, No.36.

B.R.7, p.1787-88; B.R.118, 18 Aug.1803.

Ten slotte kan ons nog sê dat die pagters darem ook nie hemel op aarde gehad het nie. Hulle kon 'n goeie bestaan maak maar daar was ook van hulle wat met hul huur agterstallig geraak het en smokkelhandel het nie agterwêë gebly nie. Dan moes die pagter ook nog rekening hou met die Concondia en goeie Hoop klubs wat uitheemse wynsoort verkoop het. Om die pagter se regte te beskerm moes die klubs 6 stuiwers vir elke fles uitheemse wyn wat in die klub verbruik word aan die pagter van die uitheemse drankte betaal.

Om die beleid van albei regerings teenoor die wynhandel af te rond moet ons die politiek ten opsigte van die Constantia wyne ook noem. Op grond van die feit dat daar 'n ooreenkoms tussen die Kompanjie en die eienaars van Groot en Klein Constantia in 1793 was waervolgens laasgenoemdes 60 ame wyn jaarliks aan die Kompanjie moes lewer, het die Engelse dit ook bekragtig en die Kompanjie se beleid voortgesit. Die Bataafse autoriteite het dieselfde gedoen.

Oor die algemeen kan ons sê dat die wynboer 'n stabiele mark vir sy produkte gehad het maar die beleid wat gevolg is was dieselfde monopolisties politiek van die Kompanjie ofskoon ernstigepogings aangewend is om die beleid te verander. (vir die verskillende soorte pagte en die regulasies wat daarop betrekking het sien bylae No.C.)

D. Die uitvoerhandel in wyn; en die pogings om die wyn uitvoer aan te help.

Die algemene oortuiging was dat wyn in groot hoeveelhede uitgevoer kon word; ".... there is no doubt but that it might become an article of great exportation", aldus Craig; maar hy was bevrees dat die 5% uitvoerbelasting te saam met die hoë vervoerkoste "will prevent it from being able to bear the competition with foreign wine." Hierdie belasting op wyn het nog van krag gebly.

Om die produksie van wyn en brandewyn aan te moedig het die Britse Laerhuis op die 9de Junie 1800 die invoerbelasting op Kaapse wyn gelyk

454. B.R.14, p.3660, 27 Nov.1805; B.R.3, p.1728, 1791, 212 Sept.1803.

455. B.R.1, p.29 Maart 1803; B.R.2, p.266; B.R.3, p.1585-1590; B.R.4, p.2681-2, 14 Des.1803.

456. B.R.11, p.1095, Maart 1805.

457. B.R.11, p.1104, Maart 1805; B.R.k3, p.2763, Aug.1805.

458. Rec.Vol.11, p.75-6, 83, 216, 14 Apr.1797; Rec.111, p.23, 398. Rec.Vol.1V, p.140, 16 Jan.1802; B.O.5, p.308-309.

459. B.R.6, p.1083.

460. B.O.48, p.86, 27 Des.1795; B.O.48, p.86.

461. B.O.33, p.595, 28 Des.1796.

462.
gemaak met Wes-Indiese Spiritus en Portugese wyn. Dit is bereken
463.
om die uitvoer van Kaapse wyn na Engeland aan te moedig, maar die
Engelse in Brittanje het nie veel van die Kaapse wyn gehou nie en die
gevolg was dat hierdie maatreëls nie die juiste effek gehad het nie.

Wyn het 70 tot 80 rds per halfaam aan die Kaap behaal maar vate
wat minder wyn bevat is onder valse voorwendsels vervaardig "and if
they find out that the wine applied for is to be send abroad, they
are sure to adulterate it with some other thin wine." 464.

Dit verklaar ook waarom ander wyn, behalwe dié van Konstantia, nie 'n
oorsese mark kon vind nie.

465.
Die uitvoer van Konstantia wyn was as volg:

<u>Jare.</u>	<u>Halfame.</u>	<u>Waarde in rds.</u>
1799	257	11,752
1800	188	14,070
1801	173	13,007
1802	<u>210</u>	<u>15,745</u>
Totaal	728	54,504.

Volgens Barrow is die Kaapse Madeira die beste wyn vir uitvoer en
"considerable quantities of which were usually sent to Holland and to
the Dutch settlements in India America and to West Indies
466.
...." Europa het gekla dat die wyn van 'n swak gehalte is en
suur word. Die boere in die buitelande het geen oortollige vate
gehad nie en moes hul nuwe wyn aan die handelaars verkoop wat dit dan
met ander stowwe gemeng het. Die boer het 20 tot 30 rds vir elke lêer
wyn gekry en is dan, nadat dit gemeng is, vir 40 rds tot 60 rds verkoop
- soms 80 of 100 rds. Wat die brandewyn betref skryf Barrow dat dit
groot moontlikhede inhou. Dit is vir 80 tot 160 rds per lêer verkoop
en behalwe die 3 rds vatgeld is daar nog 'n belasting van 5 rds per
467.
lêer as dit uitgevoer word. Voortgaande gee hy ook 'n tabel van die

-
462. Rec.Vol.111,p.192 - 194.
463. B.O.63, p.101, 26 Nov.1800.
464. Barrow: Travels Vol.2, p.317.P.J. Idenburg: De Kaap Goeder Hoop
p.96-97.G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.111,p.28.
465. Barrow: Travels Vol.2, p.318.
466. Barrow Travels Vol.2, p.318.
467. Barrow: Travels Vol.2, p.321.

hoeveelhede wyn en brandewyn wat by die tolhek verby gegaan het.

468. 82.

<u>Jare.</u>	<u>Lêers Wyn</u>	<u>Lêers Brandewyn.</u>
1799	6,953 $\frac{5}{8}$	598 $\frac{1}{2}$
1800	5,199 $\frac{1}{8}$	472 $\frac{1}{2}$
1801	5463 $\frac{1}{8}$	320 $\frac{1}{2}$
1802	4,031 $\frac{1}{8}$	273 $\frac{1}{8}$
	21,694 $\frac{1}{2}$	1,665 $\frac{1}{2}$

Hiervan is 400 tot 800 lêers wyn en 30 tot 100 lêers brandewyn jaarliks uitgevoer, behalwe die Konstantia wyne - die res is deur die inwoners verbruik, "so that the whole export value of wines, including the Constantia, and the brandy, may amount, one year with another, to about 50,000 rds or £10,000 currency." In the tabel kan ons sien dat die getal lêers afgeneem het en dit, sê Barrow, is te danke of te wyte aan die feit dat die boere weer wynvate het en dus die wyn by die huis hou.

"....This circumstance has contributed not a little to the melioration of the colonial wines." 469. D Daar is meer wyn onder die Britse Bewind

as onder die Kompanjie se bestuur uitgevoer. 470. Die Kompanjie het jaarliks sowat 945 lêers wyn van die koloniste ingekoop en daar het 3,497 lêers oorgeskiets waarvoor die koloniste in ander mark moes vind. Dr.C.Beyers sê egter nie of die Kompanjie hierdie 945 lêers wyn uitgevoer het nie en nog minder gee hy statistieke aan om te probeer uitvind hoeveel van die 3,497 lêers oorskot wyn die koloniste op 'n ander mark ontslae geraak het. Maar nietemin kan ons met sekerheid aanneem dat die wynuitvoer onder die Britse Bewind vir die uitvoer van wyn onder die Kompanjie oortref het.

Aangesien die Kaapse wyn van so 'n swak gehalte was is dit voor die hand liggend dat die afset nie baie groter onder die Britse of Bataafseregerings kon gewees het nie. "I never saw the force of prejudice more apparent than in the way Englishmen have turn up their foolish

-
468. Barrow: Travels Vol.2, p.321.
 469. Barrow: Travels Vol.2, p.321.
 470. C.Beyers: Die Kaapse Patriotte, p.109.

noses at the Cape wines because they are Cape wines" aldus lady
471.
Anne Barnard.

Die Bataafse regering het ook beoog om 'n groter wynuitvoer te kry.
In die instruksies vir die landdros en heemrade is as volg neergelê:
"omtrent alle nuttige voortbrengselen, hunne medeburgers, tot
bevordering daarvan, niet alleen door overneeding aan te moedigen, maar
ook door voorbeelden uit te lokken." 472. Ook "wenschelyk waare het, dat
groote uitvoer konde worden bevordert - tot heden is dezelve gering" 473.
Maar die uitvoer daarvan is deur ongereelde skeepvaart belemmer. 474.
De Mist het 'n plan aan die hand gedoen nl. "om een schip van 300
lasten, alleen door de Kaap te bevrachten met Gouvernements en militaire
goederen, en met goederen op vracht van particulieren, en dan nog
overschietende ruimte vullen met duigen - Hoepel yzer - Heele en halwe
wyn bottels, kurken, timmerhout, steenkolen en diergelyke onontheerlyke
en hier altyd gewilde waare" en dan voorts die skip as vragskip
na die Nederlande te gebruik "sodat een ieder daar van zou kunnen
profiteeren tot versending van zyne wynen enz, enz." 475. Die wyn kon dan in
die Asiatiese Raad se pakhuise "elk onder zyn vast en eenmaal aangenoomen
merk" opgeslaan word; die senders sal dan meer voordeel hieruit trek
en die "handel zeer faciliteeren." Weens die heersende oorlogstoestande
was die Kaap van neutrale skeep afhanklik en teen die einde van 1805
het die wyn 'n taamlike afsetgebied by hulle gevind. Wyn is ook na
Amerika uitgevoer maar dit groot opgang gemaak het en Batavië het ook 'n
goeie afsetgebied gevorm. 476. 477.

Janssens wou ook 'n paar regeringswynkelders laat aanlê omdat die
koloniste nie kapitaal genoeg gehad het om vaatwerk aan te skaf om die
wyn in te bewaar totdat dit vir die uitvoer geskik is nie. Die regering
wil dan wyn opslaan veral vir die gebruik van die garnisoen en vir

-
471. Lady Anne Barnard: South Africa a century ago, p.114, 29 Nov.1797.
Percival: An account of the Cape of Good Hope. A. Van Pollandt:
General remarks on the Cape of Good Hope (1803), p.37.
472. B.R.116, p.25 art.112, 23 Okt.1805.
473. Kaapsche Covrant, 16 Maart 1805, No.11.
474. Kaapsche Covrant, 16 Maart 1805, No.11.
475. B.R.92, p.132-133, 9 Junie 1803.
476. B.R.89, p.29, 15 Sept.1805.
477. B.R.9, p.3867, 23 Nov.1804; B.R.14, p.3934-3935, 4 Jan.1806.
B.R.4, p.2655, 14 Des.1803; G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. 111, p.280-281,
28 Nov.1804. (o.a. 200 lêers ordifêre wyn & 2,000 bottels fyn wyn)

478.

uitvoer na Batavië. Die wyngaardenier sal hierdeur bevoordeel word omdat die meer en sekerder buitelandse verkeer die prys van wyn sal laat styg; en die middelmatige wynhandelaar kan sy handel sonder vrees van monopolistiese druk voortsit. Maar daar was onvoldoende vatwerk en die swak gehalte van die Kaapse wyne is deeglik besef want De Mist se slegs die "beste Madeira en Constantia wyn" is die "yragt en kosten waardig".⁴⁷⁹
480.

Volgens Janssens sou die wynboere sonder 'n aansienlike uitvoer altyd 'n wisselvallige bestaan hê. Daar was wel 'n vermeerdering van binnelandse verbruik maar terselfdertyd neem die wynproduseerdes ook toe. Alleen uitvoer kon hierdie bestaan verbeter; geen slegte wyn behoort uitgevoer te word nie. "Het zoude een goede zaak zyn, zich meer op de qualiteit als op de hoeveelheid toe te leggen: want dan hoeft men minder grond, minder vaatwerk nodig, en die gematigde hoeveelheid hegt zekerlyk zo veel, zo niet meer waarde, als anders de grooter omslag."⁴⁸¹
Dit is syms insiens skadelik om die wyne aan die Kaap na ander soorte wyne met reputasie te vernoem, "welke in andere luchtstrekken en op gronden van een anderen aard vollen." Die verskillende gronde en liggesteldhede gee besondere eienskappe aan die voortbrengsels: "men behoort te trachten dat geene te volmaaken, dat de natuur 'er wil en men zal beter als met nabootsing slagen."⁴⁸²

Die wyn wat vir uitvoer bedoel is, moet sorgvuldig gekeur word en op die vate moet die name en kwaliteit van die wyne geplaas word: "als mede een blyk van de keuring gesteld worden." Dit is slegs die duurste van vaatwerk wat veroorsaak dat die wynboer goeie pryse vir sy wyn kry. "Hoe beter de qualiteit van den wyn, en hoe redelyker de prys was, hoe uitgebreider aldaar het vertier zoude kunnen worden -" dit⁴⁸³
was dus goed dat die regering 'n wynhelder aangefê het.

478. Kaapsche Covrant, 16 Maart 1805, no. 11, W.S.v. Ryneveld:

A.S. Tydschrift 1831, p. 383.

479. G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. Vol. 111, p. 280-281; B.R. 109, p. 209, 210

480. B.R. 100, p. 74, 9 Junie 1803.

481. Kaapsche Covrant, 16 Maart 1805, No. 11.

482. Kaapsche Covrant, 16 Maart 1805, No. 11.

483. " " " " "

S.W.van Ryneveld gee ons die toestand in sy "Verhandeling": "De wyn is slecht, en heeft buitelandse weinig credit."^{484.}

Ten laaste om aan te toon dat die verbetering van die wynkultuur na aan die hart van die Bataafse autoriteite gelê het, kan ons noem dat hulle 'n Duitse wynboukundige, Clemen Binz, uit Europa meegebring het; maar hierdie persoon het egter nie daarin geslaag om beter wyne te produseer nie.^{485.}

E. Die Wolmark:

Die feit dat die wolmark geleidelik sodanig uitgebrei het dat dit alreënder produkte van die skaapteelt (vleis, velle ens.) oorskadu het wil nie sê dat die belangrikheid van vleis gedaal het nie; dit was altyd in groot aanvraag want daar was 'n groot garnisoen aanwesig en tesame met die koloniste en skape wat Tafelbaai en Simonsbaai aandoen het die vleis altyd 'n uitstekende mark gevind.

Barrow beskou wol as een van die vernaamste produkte van die kolonie. "The wool of the common broad-tailed sheep of the Cape is little better than hair, and is considered of no value whatsoever; but there is a mixed breed in the colony, of Spanish and English, introduced by the late Colonel Gordon, the wool of which is extremely beautiful, and seems to improve by every cross. A family of the name of Van Reenen has paid some attention to this subject, and by procuring European sheep, from time to time, out of ships that called for refreshments, has succeeded in improving them beyond their expectations."^{486.} Daar word egter geen moeite met die skape gedoen nie en hulle het selfs nie eers geweet hoe om die skape te skeer nie voordat die Engelse hulle kom leer het hoe om te werk te gaan. "yet, the wool taken off in this rough condition has sold, as I have been informed in the London market at 3/- to 3/6 the pound." As meer aandag aan die skape gegee word

484. W.S.v.Ryneveld; Z.A.Tydschrift 1831, p.44.

485. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.299, Re.Vol.VI, p.150.

486. Barrow: Travels Vol.2, p.322.

en kruising nie met die gewone Kaapse rasse toegelaat word nie, sal wol die waardevolste uitvoerartikel van die kolonie word.

In 1802 deel Nederburgh mee dat aan die Kaap nog nie wol van 'n besondere gehalte gekweek is nie maar die feit dat die Engelse die wol van die gebasterde skape teen 4 sk. opkoop is genoegsame bewys van die bruikbaarheid van die produk. Voortgaande sê hy dat koloniste hom verseker het as hierdie bedryf en skaapteelt aangemoedig word daar binne die volgende 10 jaar 2 tot 3 miljoen pond wol gelewer sal word,^{487.}

Aangesien die Kompanjie gretig was om net winste te maak waar dit moontlik is het hulle nie stoetskape ingevoer om die gehalte van wol te verbeter toe die eerste verkopings van die Kaapse wol misluk het nie - die merinos wat in 1789 hier aangekom het het privaat geskied.

Die Engelse het egter 'n gunstiger houding ingeneem.

Yonge het 'n landbou departement gestig en Duckitt het proefnemings met landbou en veeteelt op die regeringsproefplaas by Klapmuts uitgevoer.^{487.}

Yonge se "Society for the encouraging of Agriculture, arts and sciences" in Junie 1800 het hom o.a. vir die bevordering van landbou en veeteelt beywer. Hierdie instelling het nie juis verreikende gevolge gehad nie maar dit openbaar tog die gees wat die Engelse teenoor die veeteelt gehad het.

Janssens en De Mist het die waarde van wol as uitvoer en handelsartikel besef. Wat die regering altyd hoofbrekens besorg het was die nadelige handelsbalans van die Kaap en die daaruitvoortspruitende moeilikheid van betalingsmiddele. Wyn as 'n handelsartikels was blykbaar 'n teleurstellig en die aandag is tot die wolproduksie gewend.^{488.} Om hierdie nadelige handelsbalans te verbeter het die autoriteite net een uitweg gesien en dit is die uitvoer van wol. Kort na hul aankoms het Janssens en De Mist vir W.S. van Ryneveld aangestel om hulle met

487. H.B.Thom: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery, p.164.

Bouchenrader: Bekrop Berigt, p.29; Reize p.176,187,203.

487. Rec.Vol.IV, p.45.

488. B.R. 6, p. 1229-1330, 16 April 1804.

raad te bedien hoe om die veeteelt te verbeter.^{489.} Die Kommissie moes alle takke van landbou en veeteelt bevorder maar in besonder die verandering van die skape. Die landdroste moes ook help om die wol-skaapteelt te bevorder.

Wol het al hoe meer belangriker geword. Volgens De Mist is wol een van die belangrikste produkte van die kolonie: "alle andere producten (behalwe wyn) kunnen wel een plaatstje vullen by wangeladene scheepen,^{490.} doch kunnen geene Vragt uitmaken de kosten en assurantie waardig!" "Goede wol voort te brengen, word hoe lange hoe belangryker, daar het dragen van wolle moffen van jaar tot jaar algemeender word; het moederland behoeft eene groote hoeveelheid. Zuid-Afrika, daar grooten wolhandel mede te zien welvaren is de wensch van het weldadig moederland,^{491.} en te gelyk aan haar eigen belang bevorderlyk." Dit sal nie die moeite loon om 'n skip met 'n klein hoeveelheid wol te laai nie, maar as die hoeveelheid wol groot is "dan zullen 'er schepen naar dezen uithoek komen" aldus Janssens.

Monsters wol het goed vertoon: "dit artikel is een voornaam^{492.} voorwerp van uitvoer en kon dus een skat voor de Colonie worden." Wol van die verbeterde skape het reeds bewys gelewer wat daarmee gedoen kon word. So is byv. 'n laken in 1803 uit Kaapse wol in die Nederlandse gemaak en "evenaart in qualiteit de beste tot hiertoe bekende lakenen, en levert dus eene ontwyfelbare proeve op, van welke belang de verbetering der schaapen en de wolcultuur in deze Colonie is."

W.S.van Ryneveld self het wolskape geteel en tussen die jare 1800 tot 1804 het hy 3 sk per pond gekry. In 1804 het hy 4,000 pond wol aan 'n sekere MacDonald verkoop.

Bouchenrader was van mening dat die verskillende distrikte die volgende^{493.} hoeveelheid wol kon lewer:

489. Rec.Vol.V, p.428, B.R.6, p.1180-1181, 26 Maart 1804.

490. B.R.100, p.75; D.G.van Reenen se Joernaal, V.R.S.no.18, p.283.

491. Kaapsehe Covrant; 19 Okt. 1805, no.42, B.R.89, p.29, 15 Sept.1805.

492. Kaapsehe Covrant.7 Jan.1804.No.1.

493. Bouchenrader: Reize, p.157,1761,187,203.

Kaap	500,000 lb	ter waarde van	200,000 rds.
Stellenbosch)	6,500,000	" " " "	2,500,000 "
Tulbagh.			
Swellendam.	1,300,000	" " " "	500,000 "
Graaff-Reinet			
Uitenhage.	<u>6,000,000</u>	" " " "	<u>2,500,000</u> "
	14,350,000 lb wol		5,200,000 "

Op die 14de April 1804 skryf de Mist aan die Politieke Raad dat dit ook die taak van die regering moet wees om wol wat uitgevoer word deeglik te ondersoek: "en daar eenmaal vast aanteneemen merken, de gemeene, middelbaare en beste soort zodanig van elkaar te doen onderkennen, dat de reputatie van dit articul bewaard blyve en het credit op de goede trouw van het Hoog Bestuur deezer volkplanting onwankelbaar gevestigd worden."^{494.}

Ons kan natuurlik nie verwag om dadelik die vrugte van die Kommissie van Veeteelt te sien nie - daarvoor was die Hollanders te kort aan die Kaap. 'n Stap in die regte rigting is gedoen en met belangrike aanvoerwerk is 'n begin gemaak om 'n produk te verbeter wat later 'n leidende vol in die boerderybedryf in die kolonie sou speel: "De omstandigheden des oorlogs beletten alleen, dat de Asiatische Raad het op een kragtdadige wyze, door het bezorgen van zuivere rammen en ooyen kragtdadig kon helpen bevorderen"^{495.}

Dit moet tot die krediet van die Bataafse autoriteite gegee word dat hulle 'n progressiewe program beplan en uitgevoer het omdat hulle die potensialiteit van wol as 'n uitvoer artikel raakgesien het en ook omdat hulle gepoog het om die baie moeilikhede waarmee die program te doen sal kry die hoof gebied het. 'n Mens wonder watter supplementêre innowasies die Bataafse autoriteite sou gemaak het as hulle langer aan bewind van sake was.

494. H.B.Thom: De Geskiedenis van die Skaapboerdery, p.106.

495. Kaapsche Corrant, 19 Okt.1805, No.42.

KUSVAART EN BINNELANDSE KOMMUNIKASIE.

Dit is noodsaaklik om in kort 'n beskrywing van die vernaamste baai en havens te gee alvorens ons tot die bespreking van die kusvaart oorgaan. Die kusvaart en binnelandse kommunikasie is myns insiens onaf-skeidbaar want albei is direk by die vervoerprobleem betrokke. "Ten dezen opzichte kan men zeggen dat de Kaap door de natuur mildelijk is bedeeld geworden, want behalven haare voordeelige ligging tot eenen uitgestrekten handel met alle de Gewesten der wereld heeft zij in alle strekkingen, langs de geheele kust verscheidene baaijen, op welker rheeden men naar de verschillende seizoenen beurtelings met de schepen veilig leggen kon, benevens twee havens waarin men ten allen tijde zeker is tegen de woede der stormen". (sien kaart oor Suid-Afrika by die bylae.)^{496.}

A. Kusvaart:

(1) St.Helenabaai: Dit is 'n groot uitgestrekte baai en die Groot Bergrivier het sy monding daarin gehad. Daar kon met klein voertuie 'n end in die rivier op gevaar word en sal dus die vervoer van produkte na die see of ander marke baie vergemaklik; maar die Hollanders in die nabyheid het nie daarvan gebruik gemaak nie. Hier het die Engelse en Amerikaners die belangrike handelspotensialiteit gesien en ywerig begin walvisse jag vir die lewentraan.^{497.}

(2) Tafelbaai: is 'n veilige hawe behalwe tussen Heimaand en Augustusmaand wanneer die baai oop is vir die noorde en westewinde.^{498.} Die orige tyd van die jaar word gekenmerk deur baie vreemde skepe wat wil handel dryf. Die Kompanjie het alle vreemde skepe verbied om handelsbetrekkings met die koloniste aan te knopp voordat die Kompanjie eers sy besigheid klaar afgehandel het en die skepe 72 uur in die hawe gelê het. Ons sal later sien dat die Engelse en Bataafse autoriteite

496. G. Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111, p.31.

497. " " " " " " " " p.31-32.

498. J.R. Mc Cullock: Dictionary of Commerce & Commercial Navigation p.246.

beperkings op die handel met vreemde moondhede gelê het.

'n Poging om Tafelbaai met Valsbaai deur middel van 'n kanaal te verbind en sodoende die kommunikasie te vergemaklik en die skepe in Tafelbaai 'n veilige hawe in Valsbaai in die wintermaande te bied, het misluk.

Die inwoners is toegelaat om klein vaartuie aan te hou waarmee hulle vis in die baai vang en handel met die skepe in die baai gedryf het. ^{499.}

'n Paar burgers het walvisse gevang, terwyl op Robbeneiland skulpe versamel is en op Dasseneiland robbe gejag is.

(3) Valsbaai: 'n mens sou sê dat gedurende die 6 wintersmaande Valsbaai met Tafelbaai sou kompeteer omdat dit so 'n veilige toevlugs-
500.
oord is maar dit was nie die geval nie. Behalwe die hospitaal en magasyn was daar omtrent 6 huisgesinne wat alle handel met die skepe besit het enigeen wat hom daar wil vestig om in die handel te deel is afgeweer, terwyl hulle die bemanning van die skepe uitbuit vir die buitensporige losiesgelde en ander benodighede. Die Engelse het die baai ook deeglik
501.
ondersoek.

(4) Hosselbaai: is 'n groot baai waarin verskeie riviere uitmond maar sandbanke verhoed dat daar met vaartuie in die riviere op gevaar kan word. Reeds in 1786 het Mnr. Egbertus Bergh die graanhandel totstond gebring. In plaas van die lang afstand na die Kaapse mark per
502.
ossewa af te lê kon die boere hul graan na die magasyn bring om daar deur die kusvaarders afgehaal te word. Die baai is egter gevaarlik daar
503.
dit aan die seewinde blootgestel is.

(5) Plettenbergbaai: is baie aan die somerwinde blootgestel en die Pizang - en Keurboomsriviere wat in die baai loop is albei vlak en dus moeilik om verswater te gaan haal. Die wêreld rondom die baai is baie bosagtig en die mense maak 'n bestaan deur hout te kap wat per

499. Thunberg's Travels Vol.1, p.99; B.R.10,p.775; Kaapsche Covrant, 10 Nov.1804, No.45.

500. Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.41.

501. Rec.Vol.11, p.46, 15 Jan.1797.

502. G.Me Theal: Bel.Hist.Dok; B.O.33, p.770.

503. Sparman: Voyages p.257-258; B.O.32, p.115,B.O.33,p.637-640.695, 763,775,785. Thunberg's Travels 11, p.52.

504.

skip na Kaapstad vervoer is. Vroeër het dit ontsaglik veel moeite gekos om die hout per wa deur wildernisse bergpasse, sandduine en riviere na die mark te bring. Toe Yonge die burgers verbied het om hout in hierdie streke te kap was hulle met armoede bedreig; dit gee ons 'n idee dat daar 'n uitgebreide handel in hout met hierdie baai plaasgevind het.

Die Dene, Franse en Portugese het dikwels die baai aangedoen op hul reise na Asie "giving it the preference to Tabel Bay, from the cheapness of provisions, the excellent water, and abundance of timber." Die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie het nie van hierdie praktyk gehou nie want daardeur het hulle doeaneregte verloor. "Sloops of war and small cruizers range along Cape L'Agullas, to protect our trade from the French privateers, which issue from the Mauritius, or the Isle of Madagascar, to cruize in those latitudes in hopes of picking up English merchantmen, as they steer along the bank of L'Agullas." 505.

(6) Kromrivierbaai: Twee of drie skepe kon vlak aan die mond mond van die rivieranker gooi; die Engelse was deeglik bekend met hierdie baai.

(7) Swartkopsrivierbaai: was taamlik onbekend. E. Bergh beskryf die omstreek as "uitgestrekte houtbosschen, gezond en vet vee en rijkelyk van versch drinkwater voorzien" 506.

(8) Saldanhabaai: lê tussen St. Helena en Tafelbaai en aangesien die baai so ideaal is is skepe gewoonlik daarheen gestuur om reggemaak te word. 507. Gebrek aan vars water en sandbanke was nadelige elemente vir die baai. Die Engelse en Amerikaners het hier robbe gejag, walvisse 508. gevang en traan gekook. Die Bataafse regering het 2 pakhuse daar laat bou waar die koring van die omliggende boere deur vaartuie afgehaal 509. kon word.

(9) Houtbaai: is betreklik veilig waar skepe verkies

-
504. B.O.33, p.695,763,775,785,791-3 (boere behaal tot 30 rds vir 'n vrag houe) Thunberg's Travels 11, p.52, B.R.2, p.375, Jun.1803.
B.R.6, p.1153-1154,1263,1390,1316; B.R.9, p.3677,3765;
B.R.8, p.2335,2625. B.R.7, p.1982,2039,1155, B.R.5, p.208; B.R.13, p.299
p.73,205; B.R.11, p.1501,272,309.
505. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p.202-203.
506. G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. p.42-43, B.O.33, p.767.
507. " " " " " 43, B.R.5, p.329,331-2.
508. Lichtenstein: Travels 1, p.45, Boucherroder: Reize. p185.
509. B.R.87, p.73, 12 Des.1805, Kaapse Covrant, 8 Junie 1805, No.23.

Saldanhabaai bo Houtbaai omdat hulle daar sal "lyden niet alleen door de seerollingen, welke die Baay eigen zyn maar ook door onverwachte vreeslyke vólwinden" 510.

B. Reëlings omtrent die Kusvaart:

Reeds in 1792 het die Kommissarissee-generaal Tafelbaai, Mosselbaai en Plettenbergsbaai vir die handel met Nederlands Indië oopgesit. 511.
Op die 7 Okt.1795 het die Engelse vryhandel tussen die verskillende baie en hawers van die kolonie geproklameer. 512. Eienaars van skepe wat in die kusvaart of kushandel tussen die verskillende hawens en baie betrokke is moes 'n lys van die naam en tonnemaat van hul skip en die getal hande aan boord aan die kaptein van die hawe toon. Persone wat van een kushawe na die ander vervoer of uit die kolonie gesmokkel word moes 'n paspoort hê. 513. Dit is geproklameer hoofsaaklik om die onwettige slawesmokkelhandel langs die kus te stop.

Private ondernemings in die kusvaart is dus volgens die proklamasie van 7 Okt.1795 van baie belang. Die Bataafse regering het ook die beleid van die Engelse voortgesit, maar De Mist het die duidelik gestel dat hy "positiewe orders daaromtrent" sal stel. 514. Van die private handelaars was J. Murray die bedrywigste. 515. Koloniale skepe wat tussen die kolonie se hawens vaar moes hul hawegelde elke 6 maande betaal wanneer hul kusvaartpasse hernu word. Die kusvaarders kon nie hul permitte vir die volgende 6 maande hernu nie alvorens hulle nie 'n sertifikaat van die doeane getoon het dat hulle wel hul hawegelde betaal het nie. 516. Daar was ook ander belangrike firmas soos byv. Onkruyt, Van Breda en Diets. 517. Murray het gewoonlik boerderygereedskap klere, saaggereedskap, suiker, tee, koffie in ruil vir koring, botter, seep, hout, velle ens geneem. 518. Hout was egter die vernaamste artikel wat Murray en ander weer na die Kaap teruggebring het. 519. 520.

-
510. B.R.5, p.331-332.
511. G.Mc Theal: Hist.& Ethnography of S.A.before 1795,Vol.111,p.207.
512. B.O.61, p.21, 7 Okt.1795; Rec.Vol. 1, p.233, 23 Nov.1795.
513. Rec.Vol.111, p.83, 22 Maart 1800; B.R.9, p.4031,10 Des.1804.
514. B.R.9, p.4031.
515. B.R.109, p.254, 1 Maart 1803.
516. B.O.33, p.638.
517. Rec.Vol.111, p.45, 14 Feb.1800 Yonge.
518. B.O.32, p.115.
519. Lichtenstein: Travels Vol.1, p.224; B.O.33, p.653.
520. BR 9 p 3677 ; BR 8 p 2335 ; BR 6 p 1344 ; BR 5 p 208 ; BR 13 p 3289
BR 10 p 78 ; BR 7 p 2039.

Die kusvaart was egter gevaarlik. ^{521.} Volgens Murray is dit feitlik onmoontlik om koring in Mosselbaai te laai en hy sal lievers 'n vrag by Saldanhabaai of St.Helenabaai na die Kaap bring vir 30/- as om 'n vrag vir 90/- langs die ooskus te gaan haal. ^{522.} "To go there over the bank of Lagullas I am exposed to heavy gales of wind and a tremendous sea, the loss of sails, cordage etc, and when arrived at the Port in more danger still, to loss of anchors, cables, boats etc even to shipwreck while loading at a great expence of money and time." ^{523.}

Onderzoek is ook in 1797 na die baai langs die Suid-ooskus en Noord-kus ingestel om geskikte hawens te soek maar die ideaal van gevestigde hawens het egter in die duister gebly. Die Bataafse regering het die kusvaart aangemoedig en kusvaarders is aangekoop. ^{524.} ^{525.} ^{526.}

C. Die visserye.

Die visserye is myns insiens nou verbonde aan die kusvaart en dit is die rede waarom ek hierdie aspek van handel in hierdie hoofstuk behandel. "The market is constantly supplied with a variety of sea-fish that are caught in the bay, and every where along the coast. aldus Barrow. Die mark vir vis het nie alleen uit die bevolking aan die Kaap bestaan nie maar ook skape het vars en gedroogde vis opgeneem. Die belangrikste visse wat gevang is was o.a. die Roman, kabeljou, steenbrasse, silwervis, stompneus, Hottentotvissies, Harders, klipvis, springers, knorhare, ens. "De visscherei, rondom den Caabschen uithoek geeft, voor de consumptie der ingezetenen eenen ruimen voorraad van allerlei smaaklyken visch." ^{527.} ^{528.}

Smouse het karvragte gedroogte vis in die binneland geneem en dit dan vir skape teen 'n hoë prys geruil. ^{530.} Dit was veral die Maleiers wat vis in groot hoeveelhede in Tafelbaai gevang het en teen lae pryse aan die koloniste verkoop het. ^{531.} Die Hottentotvissies was veral deur die slawe verorber. Volgens D.G.van Reenen kon baie veranderinge in die

-
521. B.O.32, p.117; B.O.33, p.137.
 522. B.O.33, p.637; (sien ook Rice se rapport, B.O.33, p.759-771) /
 523. B.O.33, p.639. (B.R.3, p.1806, 16 Sept.1804)
 524. B.O.33, p.759-771; Rec.Vol.1, p.266; Rec.Vol.11, p.3; Eybers: Select Doc.p.5.
 525. G.Me Theal; Bel.Hist.Dok.111, p.224.
 526. B.R.3, p.1288; B.R.5, p.80, 81, 4 Jan.1804; B.R.6, p.990-991, 14 Maart 1804; B.R.8, p.2163, 2164, 2939, 2724, 2633, 2645, 5 Julie 1804; B.R.12, p.2186, 2208, B.R.13, p.3144.
 527. Barrow: Travels Vol.2, p.37. 528. De Jong: Reize 1, p.120.
 529. De Mist: Memorandum p.53.
 530. G. Mc. Theal: HISTORY AND ETHNOGRAPHY of SA. BEFORE 1795 vol III p 295
 531. p 295

532.

visindustrie gemaak word o.a. om meer skepe te voorsien. Aangesien die koloniste te lui is om vis te vang kon die Hottentotte en Chinese as visvangers ingespan word en sodoende kon vis die verbruik van Vleis verminder. Ten laaste kon ons meld dat die vissery in die baai langs die kus van die kolonie vir vreemdelinge verbode was.

533.

Walvisvangs:

Sedert 1780 was die walvisvangs 'n wisselvallige uitkomst aan die

534.

hand. geneem deur Engelse, Franse, Amerikaners en ook koloniste.

Byvoorbeeld in 1788 het 36 Engelse en 6 Amerikaanse skepe vol vragte

535.

traan bekom. Nederburgh en Frykenius het die vissery vir almal

536.

oorgesit maar was verbode vir vreemdes en die aanmoediging het gelei

tot die stigting van 'n walvismaatskappy, (H.J. Fehrsen & Ko.,) "de

eerlang tot een bloeienden toestand geraakte." Vreemde harpoeniers

en manskappe is verkry maar die traan kon net na Holland uitgevoer

537.

word. Die visvangs is wel deur die Kommissarisse-generaal oorgesit

"doch het systema van commercieel Bestuur meermalen door ons met

gunstig beoordeeld, dwang hun, om deeze vryheid aan zo veele conditiën,

cauteelen en voorzorgen vast te maaken, dat de Publicatiën en andres

deswegens door hun geëmaneerde een geheel wetboek zouden kunnen uit-

538.

maaken" Die vrees dat 'n ruimer konsessie vir die nodige skeepvaart

die handel van die koloniste sal uitbrei en die belange van die

Kompanjie sal by en ook die sluikhandel in verbode handelware sal

bevorder, het daartoe bygedra ~~om~~ hierdie vryheid te beperk. Maar, het

die Maatskappy

verliese gely aangesien die lokale mark beperk was daar nie skepe

was om die walvisolie na Europa te stuur nie terwyl daar 'n gebrek aan

vate was ~~om~~ die olie op ander skepe te laai. "The oil continued to

be as a dead stock in their cisterns, till the high premium of bills

on England induced some of the British Merchants to purchase and make

532. D.G. van Reenen se Joernaal 1803, V.R.S.no.18, p.295.

533. G.Lauts: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, 1652-1806, p.102.

534. De Jong: Reize 1, p.159; Mentzel: Description of Cape, p.139.

535. G.Mc Theal: Hist.& Ethn. of S.A.before 1795, Vol.111, p.206.

536. G.Launts: Geschiedenis 1652-1806, p.102.

537. De Jong: Reize 1, p.160; G.Mc Theal: Hist.& Ethn. of S.A. before 1795 Vol.111, p.206, 207. De Mist: Memorandum, p.53.

538. De Mist: Memorandum, p.53-54.

539.

their remittances in this article" Toe die walvismaatskappy sien dat hulle die olie teen 'n verlies van die hand sit het hulle eksperimente probeer om seep daaruit te vervaardig maar sonder sukses.

Die Engelse het die moontlikheid van 'n florende walvisindustrie
540.

aan die Kaap besef en op 7 Okt.1795 is die walvisvangs vir die koloniste oopgesit "whether at sea or in the harbours of the coast". In die
541.

winter het 20 tot 30 Amerikaners in walvisbaai walvisse gejag en op 10 okt.1795 is hulle verbied om die praktyk voort te sit. Kaptein
542.

Alexander is spesiaal met die Star na die Weskus gestuur om vreemdelinge teen die walvisvangs daar te waarsku en op die 18 Maart 1797 is die
543.

beleid weer neergelê dat vreemdes nie binne $18\frac{1}{2}$ myl van die land mag jag nie "or in any part of the Bays or creeks from the Portuguese settlement to the Nothward of Cape Negro to the Portuguese settlement in Delogoa Bay" Selfs Yonge het gesê dat geen plek ter Wêreld
544.

so geskik vir walvisse en robbe soos Saldanhabaai is nie "and I hope Parliamentary Bount ies might be extended to this Colony."
545.

Toe die Bataafse autoriteite die Kaap in 1803 oorgeneem het was die walvisvangs in die hande van James Murray. Die traan, wat hy gebrand het was hoofsaaklik deur die garnisone vir verligtingsdoeleindes gebruik. In 1803 byv. het hy 43 walvisse in een seisoen
546.
547.
548.

In 1802 is die "Zuidzee Walvisch Compagnie" walvismaatskappy gestig "voor de vangst eener kleine soort van walvisschen, die, naar destijds werd meegedeeld, in grooten getale omstreeks die Kaap de Goede Hoop te vinden waren." Dus, die eksklusiewe voorreg om vis langs die kus van Afrika te vang is deur die Bataafse regering aan 'n kompanjie in Amsterdam gegee. Hierdie maatskappy het 'n kapitaal van £790,000 gehad en die monopolie het oor 20 jaar gestrek: "voor wiens rekening

539. Barrow: Travels Vol.11, p.325.

540. Rec.Vol.1, p.186, 10 Okt.1795: Re.Vol. 1, p.266, Rec.L, p.403 -410, Julie 1796. B.O.85, p.301.

541. B.O.61, p.21, 7 Okt.1795.

542. Rec.Vol.1, p.186 10 Okt.1795.

543. Rec.Vol. 1, p.266, 331, 23 Des.1795.

544. Rec.Vol. 11, p.66-67, 18 Maart 1797.

545. Rec.Vol.111, p.102, 29 Maart 1800.

546. J.P.v.d.Merwe:Die Kaap onder Bataafse Republiek, p.293; B.R.11, p.1442, 11 Mei 1805.

547. Z.A.Tydskrift 1827, p.342.

548. B.R.147, 29 Mei.1805.

549. A.Beoujon:Averzicht der Geschied.van Nederlandsche van Kaapen: Gesch.der Nedl.Buiten Europa.D.1.3-2, p.4, 39. Dake.

van 1803 tot 1805 met indifferent sukses werd gevischt." 550. 97.

Hoewel de Mist verskil het oor die wyse van oprigting van die Geootroyende Africaansche Visscherij Societeit in Nederland het hy tog steun verleen aan alles wat die handel en rykdom van sy Vaderland kon vermeerder, en het ook handelend opgetree teen die Engelse en Amerikaners wat inbreuk op die regte van die Societeit gemaak het. 551. 552. Maar die Afr.Visscherij Societeit was nie by magte om dadelik sy werksomhede aan die Kaap te begin nie en die Bataafse ~~outoriteite~~ het besluit om die walvisvangs provisioneel aan Murray oor te laat aangesien baie traan in die kolonie nodig is. Hy het die besigheid gehou tot 29 Mei 1805 toe hy dit aan Hall, Sappe en Muntingh, agente van die maatskappy, verkoop het. 553. 554. G.K.van Hogendorp het die alleenhandel van die "Societeit" gekritiseer en was van mening dat "de vrye visschery" tot meer voordeel sal wees. Die uitsluitlike handel in traan het baie ongenoë veroorsaak. 555.

By die tweede in besitneming van die Kaap deur die Engelse in 1806 is die eiendom van die maatskappy gekonfiskeer en vir 25,000 rds verkoop. 556. In 1807 het Reitz en Cloete 'n walvisvisserij in Kalkbaai naby Simonsbaai begin "alwaar zy met goed gevolg deze visschery voortzetten, tot dat dezelve in 1809 of 1810 in Londen van eenen onderen eigenaar overging." 557.

Ons kan nie verwag dat baie gedurende die 11 jaar aan die Kaap te bevordering van die visindustrie gedoen moet word nie want hoewel vry handel ingestel is was die materiaal skaars vernaamlik gedurende die Bataafse tydperk toe die oorlog weer hervat is. Selfs jare daarna in 1833 is in 'n besondere goeie seisoen 34 walvisse gevang wat £5100 opgelewer het. Die posisie kon duidelik in die waarde van A.van Pöllandt begryp word: "I hope that whaling, which is only in the 558.

550. Zeevisscherijen p.223, Z.A.Tydschrift 1827, p.342; B.R.2, p.548 /

551. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.294. (26 Mei 1803.)

552. B.R.92, p.130, Junie 1803.

553. B.R.3, p.1285-1286, 1345; B.R.8, p.2738-2739, 29 Aug.1804.

554. B.R.147, 29 Mei 1805.

555. G.K.van Hogendorp: Brieven aan een Participant ... p.50. 1829 p.29 Sept 1805

556. Z.A.Tydschrift, 1827, p.342.

557. Z.A.Tydschrift 1827, p.342.

558. " " 1833, p.391-392.

vee aan die slagters te verkoop. Op hulle beurt weer het die handelaars katoengood, landbougereedskap, tee, koffie, tabak, kruideniersware, medisyne ens., saamgeneem. ^{571.} As so 'n reis na 'n uitspanplaas onderneem

word het dit gewoonlik 'n maand geduur want die hele huisgesin gaan saam. Die nut van uitspanplase vir die boer het hierin gelê dat hulle nie hul produkte die hele afstand na die Kaapsemark hoef te bring nie. In hierdie opsig het die veeboer 'n voordeel bo die wyn - of koringboer gehad. ^{572.}

Die veeboer kon net sy slagvee tot hy by die uitspanplase aanja waar dit deur agente van die slagters afgehaal word. Die Bataafse regering het die saak baie ernstig opgeneem en regulasies neergeleê om misbruik van die uitspanplase te voorkom. ^{573.} Die boere het

soms swaar wagte byv. hout, uit Plettenbergbaai, vervoer en gevolglik die paaie baie verniel, en derhalwe moes hulle tol betaal en ook bydra tot die regmaak van die Kaapse strate. ^{574.} ^{575.} ^{576.} Die nuwe pad oor Hottentots-

Holland was in 'n swak toestand en aangesien die distrik van Stellenbosch nie genoegsame fondse gehad het nie het Ma Cartney 'n tol gehef: vir elke voertuig met 2 of 4 wiele 4 skellings; 'n gelaaide ossewa 4 skelling; 'n lêë ossewa 2 skellings; 'n gelaaide of lêë kar 2 skellings; gesaalde perd, 1 skelling, behalwe in gevalle waar daar meer as 5 perde aan dieselfde boer behoort wanneer die regulasies dieselfde sal wees as vir die osse en koeie nl. 3 sk. vir elke 20 beeste en 3 sk. vir elke 100 skape. ^{577.} By Roodesondskloof het 'n partikulier Joubert die kloof in goeie kondisie gehou "tegens het genot van seekere jaargelden." ^{578.}

Reeds op die 31st Januarie 1796 het Craig instruksies aan die Burgersenaat gegee om alles in hulle vermoë te doen om die prys van waens te verlaag en dit nie aan die "arbitrage of the Smiths and cartwrights" oor te laat nie; want sonder waens sal die handel stilstaan. ^{579.}

571. Kaapsche Covrant, 16 Julie 1803.

572. B.O.34, p.304-305.

573. Kaapsche Covrant, 5 Okt.1805 No.40.B.R.9.p.3714;B.R.109,30 mei 1803.

574. Kaapsche Covrant, 7 Apr.1804,no.14,B.O.32,p.115,B.O.5, p.414, 145,657-663,15 Maart 1798.

575. B.O.5, p.789-793.

576. B.R.135,p.166,Nov/Dec.1803;Kaapsche Covrant 14 Jul.1804 No.28.

Lichtenstein: Travels Vol.11,p.115(Roodesondskloof)B.O.5,p.521 / (18 Feb.1799)

577. B.O.62, p.105-106,29 Aug.1798.

578. B.R.8, p.2326-2327.

579. B.O.65, p.15,31 Jan. 1796;B.O.5, p.397, 14 Feb.1798.

Die burgersenaat het die duur prys van waens toegeskryf aan die duurte van yster en kole en hout. ^{580.} Die gevolg was dat die pryse van osse- ^{581.} waens van 200 tot 300 rds gestyg het en selfs tot 400 rds in die Bataafse tydperk.

Die hoë pryse van waens was nie al klagte van die boer nie. Trek- osse was skaars en duur. "The well grounded apprehension of a scarcity of the draught oxen of the Colony for carrying on the purpose of agriculture, and transporting the produce of the country to the market induced me to direct the commissioners for regulating the consumption of grain in this Colony to take into their serious consideration the state of the country with regard to the losses sustained in cattle by the corn farmers." ^{582.} ^{583.} Trekosse het 25 tot 30 rds gekos en in Oktober 1798 het boere oor hierdie buitensponige prys gekla. Pogings is ook aangewend om lasdiere soos kamele en esels in te voer maar daarvan het ^{584.} niks gekom nie maar op die regeringproefplaas Groute Pas is met die teel ^{585.} van muilesels 'n begin gemaak..

Die vervoer probleem sou nie so erg moeilik gewees het as daar ^{586.} bevaarbare riviere was nie. Bouchenroder beweer dat daar baie riviere ^{587.} bevaarbaar gemaak kon word netsoos in Europa gedoen word byv. die Bergrivier, Olifantsrivier, Gouritsrivier, River-sonder-end, Breërivier, Gamtoosrivier, Visrivier, Swartkopsrivier, Keurboomsrivier, Sondagsrivier, ^{588.} ens., As hierdie riviere bevaarbaar kon gemaak geword het sou dit die boere in staat gestel het om hul produkte in die riviere na die baaie te gevoer het en sodoende die ontsaglike vervoerkoste vermy het. Dus, gebrek aan bevaarbare riviere was deels 'n faktor in die ekonomiese argterlikheid van die landman. Selfs De Mist nadat hy die potensiali- teite van die binnelandse produksie in oënskou geneem het doen die volgende vraag: "welk een binnelandsche sheepvaart moet daaruit niet

580. B.O.5, p.710, 8 Dec.1800, (onssal later sien dat hoewel daar volop hout in die kolonie was, daar tog baie timmerhout ingevoer is.)
G.Mc Theal's Bel.Hist.Dok.Vol.111, p.295.

581. B.O.5, p.709-710.

582. B.O.54, p.208, 209, 29 Sept.1801.

583. B.O.52, p.140.

584. B.R.1, p.64, 14 Maart 1803.

585. B.R.7, p.1968, 13 Junie 1804.

586. Kaapsche Covrant, 2 Maart 1805, no.9.

587. Bouchenrader: Bekrapt Berigt, p.145.

588. Bouchenroder: Bekrapt berigt, p.145.

gebooren worden, wanneer men die maar ongedwongen toelaat" Eenn van
 die verbeterings wat hy hom ten doel gestel het om te doen was: "dat
 door een ruimer toetestaane vaart, en communicatie te water, tusschen
 de districten en de Caabstad, den aanvoer van hum (boere) vee, huiden,
 Peltereien, elephantstanden enz., enz., geweklyker en minder kostbaar
 gemaakt worde. Welke vaart sou dezelve te gelyk, allerlei levens-
 noodwendigheden, met minder kosten ^{590.} ~~ga~~ kunnen aanbēngen."

Albei regerings was dit erns dat die hoë vervoerkoste verminder
 moet word want die landman ly geweldig daaronder en dit is ook 'n
 faktor wat stremmend op 'n groter produksie in werk. Dit mag beweer
 word dat albei regerings te kort aan bewind was om rewolusionêre
 veranderings teweeg te bring; maar dit neem tog immers nie 3 of 4 jaar
 om 'n eenvoudige brug oor 'n rivier te bou of om 'n baie gevaarlike
 pad oor 'n berg bietjie onskadelike te maak nie. In hierdie opsig
 blameer ek die regerings vir die ekonomiese agterlikheid van die
 kolonie.

589. De Miât: Memorandum, p.103.
 590. " " " p.58.

BUITELANDSE HANDEL.A. 'n Kort beskrywing van die Kompanjie se beleid:

Onder buitelandse handel word verstaan alle maatreëls wat bereken is om die invoer of uitvoer te bevorder of te belemmer. Gewoonlik word maatreëls soos invoerregte, uitvoersubsidië, verbodsbepalings teenoor die in - of uitvoer van kapitaal ens., deur die regering van die land gemaak.

Reeds in 1789 is 'n invoer - en uitvoerbelasting van 5% (goedere van die Kompanjie uitgesondered) gehef wat voordelig vir die Kompanjie was maar nie meer voordelig vir die fiskaal nie. In 1793 het die Kommissaris-generaal hierdie regulasie bekragtig en ook 10 rds op elke ingevoerde slaaf gehef.⁵⁹¹ Die Kompanjie het die eksklusiewe reg besit om goedere in of uit die kolonie te voer. Die produkte van die koloniste is teen vasgestelde pryse gekoop.⁵⁹² As gevolg van die baie restriksies op die in - en uitvoer was die buitelandse handel maar baie beperk. Namate die Kompanjie se skepe afgeneem het, het die afhanklikheid van vreemde skepe toegeneem; artikels het duurder en skaars geword want vreemde nasies het klinkende kontantgeld gëeis.

Die uitvoer van produkte wat uit Indië ingevoer is, is verbied; die Kompanjie het egter die monopolie van die invoer van speserye; peper; suiker en koffie behou. Die Kommissaris-generaal het ook praktiese stappe gedoen om die smokkelhandel te stop. In 1794 is die handel verder uitgebrei toe die burgers toegelaat is om handel te dryf tot Botanybaai mits hulle op die terugweg, oor ~~Tyngar~~ na Batavie kom sonder om ander plekke aan te doen. In 1795 het hulle ook die reg verkry om Chinese handelware in Batavië op te laai en op partikuliere skepe na die Kaap te bring.

Die boere kon hul surplus verkoop soos dit vir hulle pas of na

591. M.H. de Kock: Econ. Hist. of South Africa, p.300.

592. G.Mc Théal: Bel Hist. Dok.Vol.111, p.79.

Indië of Nederland uitvoer in skepe wat in Nederland gebou is. Verder
is die invoer van enige goedere deur vreemde skepe verbied.

Die Kommissaris-generaal het die uitvoer van wol aangemoedig en die uitvoer van Kaapse wyn was vry van die uitvoerbelasting.

Ten laatste kan ons daarop let dat met uitsondering van die jare 1811-1812 toe die uitvoere die invoere oorskry het, was die hele periode voor 1865 een van 'n ongunstige handelsbalans.

"The receipts of the government, and their East-India Company, were by no means equal to the expenditure."

Die voorregte wat Nederburgh en Frykenius aan die koloniste gegee het het nie tevredenheid meegebring nie; die koloniste het gekla teen die verbod op die handel met vreemdelinge want dit sal hulle ruineer; amper al die goud en silwer in die kolonie was van die Engelse, Franse en Dene afkomstig wat die hawens besoek het, die handel met die Ooste sal onder die genome restriksies geen voordeel hê nie. Die posisie van die Kompanjie het nog verder onder die bestuur van Sluysken versleg.

Selfs onder 'n liberale kommersiële beleid sou dit onmoontlik gewees het om die kolonie in 'n florende nedersetting om te skep onder die toestande wat in die 18de eeu heers toegevoeg is.

B. Merkantiele stelsel van die Kaap van toepassing: Invoere.

(1) Engelse Bestuur, 1795 tot 1803:

Die basis van die merkantiele stelsel was die bevordering van nasionale grootheid, prestige en materiële rykdom. Afgesien van sterk lëers en oppermag op see, het hulle in die versameling van goud die simbool van ekonomiese, progressiwiteit gesien. Die handelsbeleid was dus gerig op 'n groot uitvoer van goedere en dienste in vergelyking met die invoer, sodat die gunstige handelsbalans in goud of ander edel metaal betaal kan word. Om dit te breik, is hoë invoerregte gehef op goedere van

593. G. Mc Theal: Hist & Ethn. of South Africa before 1795, Vol. 111, p. 206

594 207

595. Steyn: Buitelandse handel van die Unie van S.A. 1910-1935.

596. Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.317.

ander lande en is die eie indus⁵⁹⁷tië en skeepvaart aangemoedig en uitvoersubsidieë betaal. Toe die Kaap in die handel van die Engelse oorgegaan het, het die koloniale beleid van Engeland reeds 'n gestadige verandering ondergaan - veral na die verlies van die Amerikaanse kolonies. Die Britse handel was nog aan die Navigasiewette onderhewig maar 'n nuwe beleid is gevolg; handel tussen die kolonies met mekaar en met vreemde nasies is nie meer verbode nie, maar in plek daarvan het 'n sisteem van wederhenige voorkeur tariewe in die moederland ontstaan en dit is tot die kolonies uitgebrei; op die koloniale produkte word laer belastings as op dié van vreemde lande gehef; Britse artikels moes vry in die kolonies ingevoer word terwyl artikels van vreemde lande tariewe moes betaal; wanneer Britse artikels in die kolonies vir inkomste doeleindes belas word moes vreemde goeder hoër invoerbelasting ⁵⁹⁸ betaal.

Craig het die koloniste vryhandel belowe; die 5% ad valorem invoertarief van die Kompanjie is behou en geen handelware mag van 'n vreemde skip afgelaai word tensy 'n spesiale permissie verkry is nie en ⁵⁹⁹ dan alleen ook onderhewig aan 'n 10% invoerbelaasting. Craig was egter nie op hoogte van sake wat die heersende tariewe was nie en hy het homself as die doeanebeampte beskou. Craig het nie geweet of die stelsel van toepassing is voordat daar nie eers 'n deeglike doeane- ⁶⁰⁰ kantoor aan die Kaap gevestig is nie: "and have constantly refused the various applications which have been made by American and other vessels ⁶⁰¹ for liberty to trade."

As gevolg van hierdie beleid van Craig het die boeregemeenskap dit ⁶⁰² moeilik gekry want die boerderygereedskap was onvoldoende. Die koloniste in die algemeen moes duurder vir die skaars artikels soos koffie, linne ens., betaal en die Burgersenaat het gevra dat sulke

597. C.F.Bastable: The Commerce of Nations, p.40.

598. J.Davidson: Commercial Federation & Colonial Trade, p.17.

599. Rec.Vol. 1, p.218,283-4.

600. Rec.Vol.1, p.237,252-4,284, B.O.48, p.87, 27 Des.1795.

601. B.O.48, p.87,27 Des.1795; B.O.33, p.513,17 Nov.1795.

602. B.O.5, p.45-48, 23 Maart 1796; Rec.Vol.1, p.385.

artikels van neutrale skepe gekoop moet word. Soms is toegelaat om goedere te land byv., van Deense skepe, maar origens is voorrade van neutrale skepe en Amerikaanse skepe van die hand gewys. 603.

Craig is uit sy twyfel gehelp deur die bevel-in-Rade van 28. Des., 1796 betreffende die handel na en van die Kaap. Ma Cartney het 'n kopie van hierdie ords-in-rade na die Kaap gebring, nl., "An act authorising his Majesty for a limited time to make regulations respecting the Trade and Commerce to and from the Cape of Good Hope." 604. 605.

Geen goedere wat uit die Britse Ryk na die Kaap ingevoer word sal aan die regulasies onderhewig wees nie? 606. Geen goedere, handelware, die produkte en fabrikate van lande ten ooste van die Kaap die Goeie Hoop mag ingevoer word "as behalwe deur die "United Company of Merchants" of met hul toestemming; Geen ammunisie van enige soort mag in die kolonie ingevoer word nie as behalwe deur die genoemde Kompanjie of met sy toestemming; die handel na en van die kolonie sal aan die Navigasiewette onderhewig wees behalwe waar sulke wette in stryd met die proklamasie is. Dus, die, handel met die ooste was die uitsluitlike voorreg van die Engelse Kompanjie. Diegene wat 'n lisensie van die Kompanjie bekom het, het dan ook 'n voordelige handel met Indië aangeknoop terwyl hierdie reg vir ander geweier was. Ons sien dus dat die Britse Ministerie vasberade was om imperiale kontrole uit te oefen. Ma Cartney moes 'n tabel van doeane tariewe opstel en tot sy hulp is 'n tabel van tariewe wat in Jamaica gehef is gegee. Hierdie tabel sou van krag wees tot tyd en wyl Brittanje dit goed vind om te verander. 607.

608. Die invoerbelastings was as volg:-

- (1) goedere uit die Britse ryk aan die Weste kant van die Kaap in Britse of vreemde skepe, is vry van Invoerbelasting.

603. B.O.48, p.86-87; Rec.Vol.1, p.325, 468.
 604. Rec.Vol.11, p.1-3; B.O.61, p.290-297; B.O.62, p.497; B.O.33, p.593.
 605. Rec.Vol.11, p.1, 77, 116.
 606. B.O.62, p.497-499, 3 Des.1801; Rec.Vol.11, p.77, 116.
 607. Rec.Vol.11, p.3.
 608. B.O.33, p.594, 28 Des.1796.

- (2) Goedere uit ander plekke maar nie in die Britse ryk nie moes 10% op die inkoopprys betaal
- (3) Indiese goedere wat deur Britse skepe ingevoer is betaal 5%
- (4) Alle prysgemaakte goedere is onderhewig aan 5% belasting
- (5) Op elke ingevoerde slaaf moes 10 rds betaal word.

Ma Cartney het gesien dat dit hoog nodig was om 'n doeane kantoor te stig om die handel te reguleer en Mnr. H.G. Greene is vir daardie doel aangestel. Van die rapporte van die doeane kantoor kon gesien word wat die kolonie werklik nodig het maar "under the Dutch Government the books of import and export were kept in so loose and slovenly a manner, that we can place no reliance upon them." 609.

Daar is baie regulasies neergelê vir aankomende skepe byv. geen goedere mag geland word sonder die toestemming van die ontvanger van doeane nie; 48 uur voordat die skip vertrek moet kennis daarvan gegee word, die gesondheidsvlag mag nie voor die sein van die kwartiermeester gehys word nie; 24 uur nadat die seinvlag opgehys is mag die skepe vertrek. 610.

Die Bevel-in-Rade het tot baie verwarring gelei ten opsigte van goedere wat uit Engelse hawens gebring is; gevolglik is op die 11 Feb. 1801 nog 611.

'n Bevel-in-rade uitgereik en dit is uitdruklik neergelê dat Britse goedere uit Britse hawens in Britse skepe vry van invoerbelasting is; maar vreemde goedere vanaf Britse hawens en in Britse skepe vervoer, moes 5% ad valorem betaal - dieselfde geld vir Britse goedere wat in vreemde skepe ingevoer is. 612.

Die goewerneur is ook die reg gegee om 10% ad valorem te hef op goedere uit die Britse Dominiums maar nie op goedere uit Engeland of Ierland nie, en die invoerbelasting moenie so hoog wees in die geval van goedere uit die Britse Dominiums wat deur

609. Rec.Vol.123,205,240;B.O.7, p.120; B.O.33, p.713-716; Barrow: Travels Vol.2, p.127.

610. B.R.135, p.356, B.R.10, p.379-380,410; Kaapsche Covrant 10 Nov. 1804, No.45, B.R.5, p.824,29 Feb.1804; B.R.9, p.3502-3518; B.R.131, B.O.33, p.592.

611. B.O.62, p.497-499, 3 Des.1801.

612. Rec.Vol.111, p.421, 11 Feb.1801;B.O.33, p.717-720.

Britse skeep ingevoer word as op vreemde skeep nie. Hierdie nuwe
 613.
 tarief op goedere uit die Dominiums in Britse skeep was 5%. Op die
 2 Mei 1801 het Dundas 'n belasting van 5% op die invoer van alle
 goedere geproklameer - of dit nou deur vreemde skeep ingevoer word al
 dan nie. Die proklamasie sou vanaf die 1st Julie 1802 in werking kom.
 Goedere uit Ierland of Brittanje was soos tevore vry van invoer-
 614.
 belasting.

Ons sien dus dat die Britse beleid ten opsigte van die invoer-
 handel was, om die kolonie as 'n mark vir die koloniserende staat te
 bewaar. Nie alleenlik is teen die vreemde maandhede gediskrimineer
 nie maar ook teen die ander kolonies.

B. Bataafse Bestuur 1803 tot 1806.

In sy memorandum gee De Mist 'n idee van die beleid wat gevolg
 615.
 sou word en dit het nie veel van die Britse Koloniale merkantilistiese
 stelsel verskil nie. Volgens hom moes die koloniste net skeep gebruik
 wat in die kolonie of in Nederland gemaak is; die benodighede vir
 skeepsbou aan die Kaap moet net uit Nederland verkry word dien dit nie
 aan die Kaap te vind is nie - ons sal later sien hoe hy sy idees weens
 omstandighede moes verander.

Die Asiatiese Raad het die plek van die Here XVII ingeneem en
 handel met die Ooste gedryf. Hierdie handel asook handel in die algemeen
 moet heeltemal apart van die politieke bestuur staan maar die saak was
 nog nie uitgemaak of die Asiatiese Raad eksklusiewe handel in sekere
 produkte gaan dryf en of die handel vir alle Nederlandse onderdane
 oop gelaat sou word nie.

Op die 4 Julie 1803 het De Mist sy handelsbeleid provinsioneel
 616.
 neergelê.

- (1) Niemand mag wapens of ammunisie anders as vir die
 rekening van die regering invoer nie en as die

613. Rec.Vol.111, p.483, 2 Mei 1801; B.O.62, p.497-499.

613. De Mist: Memorandum p.106-107.

614. Rec.Vol.111, p.483; Rec.Vol.1V, p.106,122.

616. Kaapsche Covrant, 9 Julie 1803 No.4.

(die wêreldkaart by die bylae sal handig wees om te sien
 watter gebiede die regulasies getref het.)

oortreding begaan word sal die voertuig gekonfiskeer word benewens 'n boete van 10 maal die waarde van die goedere.

- (2) Die Asiatiese Raad het die alleenhandel in tee, Speserye en amfloen besit en geen partikuliere skip mag hierdie Indiese of Chinese ware aan die Kaap invoer nie. Maar om die koloniste tegemoet te kom het De Mist bepaal dat retoerskepe van die Asiatiese Raad of 'n maatskappy wat die monopolie in hande kry, met verlof van die regering kon vra om die goed aan die Kaap te verkoop.
- (3) Van enige land of plekke wat ten noorde van die linie en ten ooste van die middaglyn lopende deur die Piek van Teneriffe, mag geen goedere ingevoer word nie "anders dan die geladen in eenige Haven den Bataafsche Republiek". Dit word egter aan die diskresie van die regering oorgelaat om uitsonderings te maak in gevalle waar die artikels skaar is "en niet van weelde, vooral van zodanige, die tot voortzetting van den landbouw of wyn-cultuur onontbeerlyk zyn." Dit het dus die hele Europa en Asië (sien wêreldkaart) bevat. Handel kan dus net met Nederland Amerika en met die Oos- en Wes-Indiese besittings van Nederland gedryf word. Hierdie regulasie was daarop gemik om Engeland ten opsigte van sy Oos-Indiese besittings te benadeel. Wel, dit was 'n aanmerklike veranderinge in die vryheid van handel wat die koloniste eers geniet het. De Mist het behalwe die uitsondering in geval van Noodsaaklike goedere nog 'n ander uitsondering ook gemaak nl: dat goedere uit die verbode gebiede binnegelaat mag word mits dit in havens van die Bataafse Republiek ingelaai en uit -
-

en invoerregte daarvoor betaal is.

(4) Die volgende is vrygestel van invoerbelasting

(a) alle soorte wapens, munisie van oorlog, klere "of manufacturen voor Klederen," medisyne, mediese instrumente, Hospitaal behoeftes, lewensmiddele, houtware, touwerk, ysterwerk, seil en vlagdoeke, en alle andere voorraad en gereedschappen, bestemd voor's lands scheeps-werven, die door of van wegens het Staatsbewind, Raad van Oorlog, Asiatische Raad, Bureau van Gezondheid, of door eenige particulier persoon, op publieke autoriteit, naar herwaards werden gezonden en oorgebragt, om te dienen voor's lands troepen, schepen, Hospitalen of magazynen alhier; zonder eenige uitzondering hoegenaamd."

(b) vir die volgende 3 jaar tot Desember 1806 kon die volgende na die kolonie gebring word mits bewys gelewer word dat die goedere in een van die hawens van die Bataafse Republiek gelaai is "en in schepen, door of voor rekening van den lande of van den Asiatische Raad, naar herwaards gezonden, of die in Nederland, door of voor rekening van eenig Bataafsch of Kaapsch Ingezetenen bevragt, en naar orden van den lande aldaar zullen uitgeklaar zyn nl: alle uitheemse vee, gereedschap vir die landbou, wynbou of vee-teelt in die kolonie, growwe geverfde wolfabrikate, growwe linne, wit, grys, blou of blou geruit tot kleding vir slawe mans en vroue of Hottentote; alle soorte huismeubels, boeke en "lyfs-toebehore en overschot van gedurende de reize niet geconsumeerde lewensmiddele, in eigendom behorende aan, en met hynne persoonen te gelyk aangebragt door's lands Politique of Militaire amptenaren, derzelver vrouwen, kinderen en bykeblende Huisgenoten of eientboden," wat uit Nederland

gestuur is om in een of ander kapasiteit die kolonie te dien.

(c) Waar twyfel ontstaan sal die Doeanebesamptes die goe dere solank in die magasyn opslaan totdat nadere ondersoek ingestel is.

(5) Invoerbelasting:

(1) 10% op die inkoopswaarde op alle goedere wat deur skepe van enige nasie ingevoer word maar nie gelaai in die hawens van die Bataafse Republiek nie

(2) 5% van die inkoopswaarde van alle goedere wat deur skepe van enige nasie gebring word as bewys kon word dat dit gelaai is in enige kolonie van die Bataafse Gemenebes in die Oos- en Wes-Indiese eilande.

(3) 25 Kaapse riksdalers of 50 gulde op die invoer van 'n manlike slaaf. 20 Kaapse riksdalers of 40 gulde op die invoer van 'n slavin. Vir slawekinders "op het oog en naar waar-schynlikheid nog geene twaalf jaaren oud" moet 15 rds of 30 gulde betaal word.

C. Invoerhandel: (1) Met die Ooste:

Ons het reeds gesien dat volgens die Bevel-in-Rade van 28 Des. 1796 die handel ten Ooste van die kolonie die eksklusiewe prerogatief van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie was. ^{617.} "Every precaution was also taken that the rights and privileges of the East India Company should suffer no infringement. The exclusive advantage of supplying the Cape with India and China goods was immediately and unconditionally granted them. And the regulations adopted in consequence by the Earl of Maccartney, and the vigilance that was constantly employed under his government, prevented and defeated every attempt to undermine their interests, and were productive of a source of considerable benefit to

617. B.O. 61, p. 290-297, 5 Mei 1797, B.O. 62, p. 497; Rec. Vol. 11, p. 159, 477, Rec. Vol. 111, 189, 191, 335, 426, 466.

the company" aldus Barrow.

Die burgersenaat, in 'n brief aan McCarty, maak beswaar teen die bevel:

619.

"Nothing in the world affords more opportunity for carrying on Monopoly and of course of oppressing trade, than the privilege granted to a few persons of carrying on, exclusively of all, certain branches of commerce." Dit sal met die handel van die Ooste gebeur en pryse sal heelwaarskynlik styg voordat dit in die hande van die verbruiker kom. Dit is natuurlik te verwag dat onder so 'n monopolistiese handelsbeleid onwettige sluikhandel sal opduik.

620.

Weinig Britse koopvaarders doen die Kaap aan as dit nie in hulle seisoen val nie - dit sal die monopolie versterk en die pryse kunsmatig hoog hou.

621.

Dit lyk asof daar 'n verandering van die Kompanjie se beleid in Junie 1798 gekom het: "It will be proper that inhabitants should be permitted to supply

all such Indian articles as may be wanted for the use of the inhabitants and Garrison of the Cape under such regulations as may prevent their being clandestinely trans-shipped from thence for Europe."

622.

aldus die die Kamer van Handel, aangesien "it being impracticable to supply the market at the Cape with goods from India through means of the Company."

623.

Die Britse regering volg nou 'n liberale progressiewe beleid ten opsigte van die handel met die Ooste. Daar is o.a. bepaal dat partikuliere enige artikels na die Kaap kon verskeep behalwe salpeter en onderhewig aan regulasies byv. voor die 1st Oktober 1798 moet aansoek gedoen word by die Sekretaris van die Handelsraad en die soort goedere, tonnemaat,

624.

ens., moet gespesifiseer word. Die handelaars is toegelaat om oosterse artikels na die Kaap in te voer maar hulle het nie veel baat

625.

daarby gevind nie: ".... even the privilege of 3,000 tons allowed to the private merchant, by the terms of the Company's late charter, is said never to be filled up; to such a low rate have they reduced the prices

618. Barrow: Travels Vol.2, p.167.

619. B.O.5, p.141, 27 Mei 1797.

620. B.O.33, p.701-712, 749-752; Rec.Vol.111, p.30, 189,478.

621. B.O.5, p.141-145, 24 Mei 1797.

622. B.O.33, p.621-627, Junie 1798.

623. B.O.33, p.613-614, 13 Aug.1799.

624. B.O.33, p.623-625, 1 Junie 1798.

625. D.Fairbridge: Lady A.Barnard at the Cape of Good Hope p.87, B.O.9, p.197-198, 1799.

of European articles in India and China, that the private trader finds no advantage in sending goods on his own account to the Eastward of the Cape of Good Hope." ^{626.} Die onderstaande tabel toon die invoere uit die Ooste aan:- ^{627.}

Jare.	Indiese Goedere op Britse skepe 5% belasting.	Indiese Prys- gemaakte goedere 10% belasting.	Indiese Goedere op vreemde skepe 10% belasting.
1799	104,124-0	100,487-0	64,219-6
1800	212,446-0	45,335-0	109,490-0
1801	290,117-0	129,642-6	3,337-2
1802	455,397-4	130,720-6	15,892-7
Totaal	1,062,084-4	406,185-4	192,939-7

Vir die soort en hoeveelheid artikels wat jaarliks uit die Ooste ingevoer is sien bylaag No.D.

Tussen 1 September 3n 31 Des. 1797 was goedere ter waarde van 221,237 rds uit Ooste ingevoer. ^{628.}

Die monopolistiese handelsbeleid ten opsigte van die Ooste is deur die Bataafse regering voortgesit. Omdat die Kaap in vergelyking met die ryk Ooste feitlik nie in aanmerking gekom het nie, wat die handel betref, was dit maklik om die handel te reël. ^{629.} Volgens De Mist moet hierdie handel asook handel in die algemeen heeltemal apart van die politieke bestuur staan. ^{630.} Dit sal geen saak maak as die handel met die Oos-Indiese eilande deur een kompanjie of die Asiatiese Raad namens die regering of private ondernemers gedryf word nie. Die partikuliere handel sal help om baie onkoste van die regering se skouers af te haal; die afdelings van die handel wat in die staat gereserveer is soos tee, speserye en salpeter, dié se onkoste sal ook verminder word."Particuli-

626. Barrow: Travels Vol.2, p.305.

627. Barrow: Travels Vol.2, p.338.

628. Rec.Vol.11, p.218.

629. J.P.v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.330.

630. De Mist: Memorandum, p.150-156.

ren vaaren met oneindig minder omslag en kosten, en kunnen ook niets meer vorderen, dan dat zy, voor hun geld, zich aan de Caab kunnen voorzien, van alle nodige hulp, ververschingen, scheepsbehoefte ens. In ons systema van vryen handel, moeten zy dit alles, niet meer uit de Oos-Indische pakhuizen en magazynen, maar by particuliere kooplieden kunnen vinden - en alleen - in cas van nood, en tegen goede betaaling, ten minsten van 100 pr. ct. boven de inkoop prys, uit die Magazynen geholpen worden." ^{631.}

Vir geval die handel met die Ooste in die hande van die Asiatiese Raad bly sal dieselfde beginsels geld en sal hulle die handel in gehuurde skepe moet voer wat dan ook gebeur het. ^{632.}

Op die 4 Julie 1803 het De Mist sy handelsbeleid provisioneel neergelê; ^{633.} die Asiatiese Raad het nog die alleenhandel in tee, speserye, en amfioen - artikels wat in groot aanvraag aan die Kaap gehad het. Maar De Mist wou die koloniste tegemoet kom sodat hulle van hierdie goedere vir eie gebruik voorsien kon word deur te bepaal dat retoerskepe van die Asiatiese Raad of 'n maatskappy wat die alleenhandel in hande kry verlot van die regering kon vra om die goed aan die Kaap te verkoop; daar mag ook geen handel met lande of plekke geleë ten Noorde van die linie en ten Ooste van die Middaglyn lopende deur die piek van Teneriffe, met uitsondering van Nederland self, gedryf word nie, d.w.s. handel kon net met Nederland, Amerika en met die Oos- en Wes-Indiese besittings van Nederland gedryf word; op goedere uit die Wes- of Oos-Indiese besittings van Nederland is 5% invoertarief gehef. Die moederland kon geen nadeel berokken word as Sweedse, Deense of Engelse retoerskepe die Kaap op hul terugreis aandoen om verversings te koop en dan die Indiese artikels hier te verkoop nie. Die Franse van Mauritius doen dit reeds lank en die mark van die moederland word nie

631. De Mist: Memorandum p.152.

632. B.R.10, p.553, 20 Feb.1805; B.R.9, p.3119-3120, 3 Okt.1804.

633. Kaapsche Covrant: 9 Julie 1803, No.4; B.R.110, p.238.

benadeel nie. Inteendeel die moederland kry 10% vir die invoer en 5% vir die uitvoer en maak dus 'n wins van 15%. Maar artikel 11 lui as volg: "van alle goederen, hier boven niet vrygesteld, zal betaald worden, voor inkomend regten, tien ten honderd van de inkoopswaarde volgens factuur, van alle koopwaren hoegenaamd, hier aangebragt met schepen van alle natien - en niet ingeladen in enige havens, ten Noorden der linie, en ten Oosten der middaglyn, loopende door de Piek van Teneriffe." Nou, aangesien die hele "West van Indië" waarvandaan die lynwaad verkry word sowel as die Chinese ryk (ten noorde der linie en ten ooste van gem. middaglyn) in die verbode gebied lê, volg dat dit 'n volstrekte prohibisie was om van enige retoerskepe Indiese artikels aan te koop, of om deur partikuliere handel die benodighede daar te gaan haal. Die enigste uitweg is dat die moederland 'n verandering in hierdie prohibisie moet maak.

Op 20 April 1803 vra De Mist vir die Indiese regering vir 'n hoeveelheid Faty-balke en houtware, koffie, bindrotting en suiker gevra omdat die Kaap 'n totale gebrek aan daardie artikels het. Die goedere sou aangebring word deur skepe van die Asiatiese Raad. Die goewerneur het dan ook 'n groot verskeidenheid artikels bestel soos "noten muscaten, nagelen, foely, peper, caffy boonen, ryst, poeder suiker, catoene garen, rotting, gonny zakken, Faty balken en planken, faty duigen, jaty pomphout, windboomen, rood vlagge doek - blouw en wit, thee, gengber, oleum, cocapoeti." (Sien bylae No.E.) Aan die begin van 1803 is aan 'n burger Mnr. Carstairs verlof gegee om goedere, waaronder ook baie Kaapse produkte, na Paramaribo te bring en om Wes-Indiese ware terug te bring.

Omdat die Kaapse regering baie onkoste namens die Indiese regering

634. J.P. v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.326. B.R.111, p.399; B.R.10, p.553, 20 Feb.1805; B.R.6, p.1227, 4 April 1804.

635. J.P.v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.327.

aan die Kaap aangegaan het byv., reparasies, en ook groot hoeveelhede produkte uit Batavië betrek was, moes daar gesorg word dat die twee rekeninge gelikwider word en vir hierdie doel het de Mist die "Indische Balance Boek", onder beheer van die Rekenkamer oorgebring. Wat die handel met die Ooste betref was daar dus net een belangrike verskil tussen die twee regerings: nl. Onder die Engelse bestuur was die absolute monopolie in die hande van die Engelse Kompanjie terwyl die Asiatiese Raad slegs die monopolie in tee, speserye en amfioen besit het - wat die res van die oosterse artikels betref kon die partikuliere invoer.

(2) Met Europa en elders:

Die Britse regering het self ook op groot skaal die nodige artikels ingevoer niesteenstaande die feit dat private ondernemings ook toegelaat is om in te voer.^{636.} Soos ons reeds vroeër gesien het was die private handelaars nie juis in die guns van die landman nie. 'n Petisie uit Namakwaland maak beswaar dat die handelaars die artikels net vir hul eie voordeel aanwend en die boere ten duurste vir hul benodighede laat betaal: ".... the result of all which is, that the agricultor can either not provide himself, or must leave the fruits of years industry for trifles, in order to enrich others."^{637.} Voorts versoek hulle die regering om hulle van die nodige artikels teen 'n "civil price" te voorsien. Ons moet egter onthou dat die Engelse Kompanjie net die Oost-^{638.}erse handel gemonopoliseer het. In Junie 1798 is bekend gemaak dat die Britse regering geen goedere na die Kaap gedurende die volgende seisoen na die Kaap kan stuur nie en partikuliere is aangemoedig om die nodige artikels in te voer. Die Burgersenaat het ook aan die hand gedoen om die noodsaaklike artikels self in te voer maar die pryse het nog altyd^{639.}

636. B.O.62, p.138, 2 Okt.1798.

637. B.O.34, p.305, 20 Nov.1798; Kaapsche Covrant 1 Jun.1805, No.22.

638. B.O.33, p.623-625.

639. B.O.5, p.214-215.

640.

duur gelyk; 'n slaaf wat vroeër 250 rds gekos het het nou 500 tot 800 rds behaal; en grawe het van 1 tot 3 rds gestyg.

Die goedere wat van Engeland ingevoer is het gewoonlik uit die volgende bestaan: wolgoedere, goedere van Manchester, onderklere, klenighede, hoede, stewels, skoene, mode-artiekels, messegoed, ystergereedskap, skryfbehoeftes, ysterstawe en hoepels, kole, huismeubels, verf en olie soorte, aardwerk, benodighede vir die vloot, kaas, ham, atjar ens. ^{641.}

Die Amerikaners het ook vragte hout en plank, stawe, balke, soutvis, pik, terpentyn ens., gebring. ^{642.} Die Dene en Swede en skepe van Hamburg het yster, plank, Franse wyn, jenever, seltzer water, koffie, atjar en in ruil vir verversings gebring, of om die koste van reparasie te dek of om benodighede of klinkende munt te bekom om na ^{643.}

Indië en China te neem. As gevolg van die koringskaarse in die kolonie is groot hoeveelhede rys en koring van die Ooste, Europa en ook Amerika ingevoer. ^{644.}

Die skepe wat die kolonie gedurende 4 jaar aangedoen het was as volg: (sien ook bylae No.F.) ^{645.}

1799	103 skepe.
1800	109 "
1801	130 "
1802	<u>131</u> "

473 skepe (behalwe oorlogskepe en kusvaarders.)

Hiervan was 32 Amerikaners, 66 Dene, 24 Portugese, 15 Hamburgers, 6 Swede, 4 Ruisies en die res Engelse, d.w.s. meer as die helfte van die totale aanloop van skepe was onder beheer van die Engelse. Die verskil met die Bataafse regering was dat weens die oorlogsomstandighede was die kolonie hoofsaaklik van vreemde skeepvaart afhanklik. Tussen die oorgawe

640. B.O.5, p.709, 8 Des 1800.

641. Barrow: Travels Vol.2, p.338.

642. Barrow: Travels Vol.2, p.338.

643. Barrow: Travels Vol.2, p.338; Rec.Vol.111, p.9,105; B.O.33 p.529, 541; B.O.85, p.78.

644. Rec.Vol.111, p.426; B.R.10, p.550-551, 20 Feb.1805; B.O.33, p.645; B.O.90, 29 Nov.1797.

645. Barrow: Travels Vol.2, p.202.

van die kolonie aan die Engelse en die einde van die 18de eeu het 742 skepe die kolonie aangedoen waarvan 458 Engelse en 124 Amerikaanse skepe was. 646.

Smokkelhandel het ook nie agterweë gebly nie. Dit het so erg gegaan dat Craig verplig was om alle handel met vreemde skepe te verbied en om alleenlik uitsonderings te maak in gevalle van noodsaaklike artikels. 647. Die posisie word duidelik uit die volgende paragraaf begryp: "The European commerce is carried on at present by Danes, Swedes, and Hamburgers, who are especially the Danes, the channels of all the clandestine trade of the Dutch, of the French and of the English East India Company The American commerce to the East Indies and China and Batavia, which encreased very fast depends entirely on the Cape They have just appointed a consul general here who is to reside here." 648.

649.

Tabel om invoere aan te toon:-

Jare	Britsegoedere op Britse skepe geen belasting -	Europese goedere wat prysgemaak is 5% tarief.	Prysgemaakte slawe en ander duur Br.hande- laars ingevoer. 10% tarief.	Eur.en Am. goedere op vreemde skepe 10% tarief.
1799	674,009 - 6	10,623 - 5	245,600	118,244 - 0
1800	474,706 - 0	17,797 - 0	184,000	51,258 - 0
1801	587,023 - 4	568,425 - 0	271,200	136,394 - 5
1802	532,366 - 4	93,788 - 2	198,205	142,684 - 6
Totaal	2,268,105 - 6	700,633 - 7	899,000	448,581

Die totale invoer deur Britse skepe (Indiese goedere ingesluit) het 5,336,014 rds 5 sk bedra; terwyl die invoer deur vreemde skepe 641,521 rds 2 sk vir die 4 jaar 1799-1802 bedra het. 650.

646. G.Mc Theal: History of South Africa, p.36.

647. Rec.Vol.1, p.121,185, 12 Sept. 1795.

648. Rec.Vol.11, p.347,409; Rec.Vol.111, p.30,39,334-335,445.

649. Barrow: Travels Vol.2. p.338.

650. Barrow: Travels Vol.2, p.338.

Die omstandighede waaronder die Bataafse regering moes administreer was nog moeiliker want hulle het met 'n vyandige Engeland te doen gehad wat alle handel met die kolonie verbied het.^{651.}

Sommer al vroeg maak ons kennis met die invoer handel met Europa. In sy memorandum noem de Mist die volgende benodighede wat van die Nederlande moet kom:^{652.} touwerk, seilgaring, seildoek, teer, pik, mashoute en steenkool, benodighede vir die ambagswinkels van die regering en slypstene, messelstene en panne, ysterspykers, potte, allerlei ysterwerk, koper, tin, blik, loot, staal en staalgereedskappe, gereedskappe vir landbou, ambagte, huismeubels, vate, duie, boomstukke en hoepels, olyfolie, terpentyn, verfware, glasruite, seep, tabakpype, tabak, papier, borstelwerk, penne en ander skryfbehoeftes, karsaai, kledingstowwe, kouse, hoede, mutse, garing, kaas, jenewer, perde, beeste, skape en varke. Sover moontlik moes al die noodsaaklike artikels uit die republiek ingevoer word.^{653.}

As gevolg van die onreelmatige invoer, aangesien die partikuliere nie by magte was om hul deeglik na hul taak te kwyt nie, het die regering self ingespring.^{654.} Die regering het 'n lang lys van "zodanige goederen als, gedeeltelyk onontbeerlyk voor den landbouw en gedeeltelyk te vreezen is, dat door particulieren uit Nederland niet zullen worden ontboden om by onvoorziene toevallen een totaal gebrek diesweegen voor te komen, ook ten dienste en gebruyke van dit gouvernement aan te houden" byv., yster, ysterspykers, smeekele, ploegskore, hoede, pikke, horingsekels, skoffels, skepels, meulstene, slypstene, sement ens.

Na 2 jaar ondervinding het Janssens sy idees oor so 'n vrye moontlike handel laat vaar en dit in sy memorie 8 Desember 1804 aan die

651. Kaapsche Covrant 11 Aug. 1804, No.32.

652. De Mist: Memorandum, p.100-102.

653. B.R.1, p.47, 6 Maart 1803.

654. B.R.2, p.353-355 28 April 1803; G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.111, p.275; B.R.1, p.47, 6 Maart 1803.

staatsbewind meegedeel. 'n Vrye handel aan die partikuliere oorgelaat sou wel suksesvol in Europa wees maar nie aan die Kaap nie. Die ingevoerde benodighede was feitlik onbetaalbaar: waens het van 80-90 rds tot 300-400 rds gestyg.

Om hierdie toestand te verbeter is dit dus nodig dat die regering magasynne aanhou om in die skeepsmateriaal, oorlogsbehoefte en in besonder die behoeftes van die landbouers te voorsien.

Die probleem wat Janssens wou oplos was die geringe aanvoer van die benodigde goedere deur die buitelandse skepe en gevolglik was dit die plig van die outoriteite om die buitelandse skepe op allerhande maniere aan te lok. Om dit reg te kry het Janssens 'n "kamer van Commerce" ingestel, wat alle geskille tussen vreemde handelare aan die Kaap sou gou moontlik moes afhandel en "ter beneficeering van de Commerce en ter uitlokking van vreemde natien om deze Colonie aan te doen en met derzelve ingezetenen eenen hoe langer hoe uitgebreider handel te openen af te onderhouden."

Nieteenstaande hierdie pogings was die outoriteite gedwing deur die oorlogstoestande om hulle behoeftes persoonlik op Batavië en in Nederland bekend te laat maak, so is R.G. van Polanen en R. de'Ozy afgevaardig.

Aangesien die koms van skepe uit Holland opgehou het, het die vreemde vaart toegeneem: "zedert het uitbarsten van den oorlog alle directe aanbreng van Europese benodigtheden uit het moederland heeft opgehouden." In mei 1805 is bepaal dat neutrale skepe artikels kon invoer: (1) alle onontbeerlike artikels kan deur alle vreemde skepe aangebring word totdat dit weer vrede is sonder dat enige invoerrechte gehef sal word. (2) onderonontbeerlike artikels word die volgende ingesluit: pik, teer, touwerk, seildoek, ravedoek, seilgaring, yster, smeekele, ploegskare, pikke, grawe, sakke, karsaai en sodanige artikels

-
655. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.336.
 656. G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111, p.275-277; B.R.9, p.4147-4159.
 657. Kaapsche Covrant 26 Mei 1804, No.21.
 658. J.P.v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.339.
 659. B.R.12, p.1699, 22 Mei 1805; B.R.4, p.3514-3512, 13 Nov.1805; B.R.14, p.3938, 6 Jan.1806; B.R.10, p.188; Kaapsche Covrant, 11 Aug.1804 No.32; B.R.12, p.1699-1708; B.R.89, p.29; B.R.11, p.908-910.
 660. B.R.12, p.1699-1708, 27 Mei 1805.

wat die regering as essensieel beskou.

661.

Die neutrale skepe het ook gekom byv. die Amerikaners. Die skepe
662.
wat die Kaap aangedoen het was as volg:-

1803	94
1804	102
1805	132

"De handel wordt meest door middel ^{van} Amerikaansche schepen gedreven. De oorzaak daarvan's echter niet ver te zoeken;- zy bestaat erkel in de onderscheidene Indische ladingen, naar Europa gedestineerd, die om den oorlog, hier hebben moeten worden gelost en verkocht, welke dus temporair de plaats van produkten voor den uitvoer hebben vervuld, en zoo vele schepen herwaarts getrokken," aldus W.S. van Ryneveld. 663.

D. Uitvoerhandel: (1) Onder die Engelse Bewind.

Ons het gesien dat die handel aan die Kaap eers op 28 Desember 1796 deur die Bevel-in-Rade gereguleer is; as na die Ooste uitvoer word moet 'n spesiale lisensie vir daardie doel verkry word. 664.
665.

Op produkte soos wyn, aloë, velle, graan ens., is dieselfde tariewe gevra as onder die Bestuur van die Kompanjie nl. 5% van die waarde van die artikel (Britse of vreemde skepe); onder artikels soos droë vrugte betaal 'n uitvoerbelasting van 5% ad valorem; geen graan, meel, botter of "other article of provision" mag as handelsware uitvoer word sonder toestemming van die goewerneur nie; geen koloniale produk mag na die Oos-Indiese eilande uitvoer word sonder permissie nie; geen artikels van Indië afkomstig mag vanaf die Kaap weer uitvoer word sonder verlof nie. Met die Vrede van Amiens op 27 Maart 1802 is ooreengekom dat:

"The ships of the other contracting parties shall have the right to put in there (Cape), and to purchase such supplies as they may stood in need of as heretofore, without paying any other duties than those to

-
661. B.R.55, p.211-212; 14 Junie 1804; B.R.14, p.3511-3512 13 Nov.1805;
662. Kaapsche Covrant 1803 tot 1806; B.R.97.
663. W.S.van Ryneveld; Z.A.Tydskrift 1831, p.378.
664. Rec.Vol.11, p.1,77,116; B.O.33, p.593.
665. Rec.Vol.11, p.477; B.O.33, p.669-677,689-692; Rec.Vol.1, p.285.

666.
which the ships of the Batavian Republic are subjected." Hierdie
maatreël is deur die provisionele handelsbeleid van De Mist op 4 Julie
1804 verkrag.

(2) Onder die Bataafse Bewind:

Die kolonie het nie veel vir die buitelandse handel aangebied nie
maar dit was die vaste voorneme van die Bataafse autoriteite om die
produktiwiteit te verbeter waar moontlik. "Indien het doch beweezen is
dat de Caab meer producten oplevert, en onder een goed bestuur, en
verander systema, noch veel meer zal kunnen opleeveren, dan de Inge-
zeteren zelve, en de daar passeerende of eenige tyd verblyvende schepen
en manschappen, tot hun eigen nooddruct en consumptie bemoedigd, zyn,
dan behoeft het geen betoog, dat men de wegen behoort open te maken ..
.. die den welvaart en rykdom dier ingezeteren vermeerderen maar
waar door ook een wederkerig voordeel moet geboren worden, voor de
Nederlandsche handelaars, die deze producten in koop ontfangen." 667.

Aangesien die Kolonie min vir die uitvoerhandel kan bied het De Mist
668.
net soos Barrow 'n ander uitweg gesien nl. as die handel vry is of so
min moontlike restriksies daarop geplaas word sal die handel aan die
Kaap oplewe deur die ruiling van Europese of Noord-Amerikaanse met
Indiese produkte byv. die oosterse produkte word baie goedkoop aan die
Kaap te koop aangebied en sal dit sodoende vir die ander nasies nie
betalend maak om die goedere self in die ooste te gaan haal nie. Heel-
waarskynlik het De Mist hierdie idee om van die Kaap 'n stapelplaas
te maak van Barrow gekry want hy het Barrow se werke gelees.

Dr. J.P. van der Merwe beweer dat iets in hierdie rigting in 1804 plaas-
gevind het toe die skepe van die Asiatiese Raad die Kaap o.a. met
1,896,438 lb koffie, 1,636,103 lb suiker en 357,000 lb. peper, binne-

666. Rec.Vol. IV, p.274.

667. De Mist: Memorandum, p.98-99.

668. Barrow: Travels Vol.2, p.307.

geseil het; en uit vrees dat die skepe deur die Engelse prysgemaak sal word is die goedere aan die Kaap verkoop wat veral weer deur die Amerikaners uitgevoer is. ^{669.} Op 4 Julie 1803 het De Mist sy handelsbeleid ^{670.} provisioneel neergelê:-

- (1) geen koloniale produkte of handelsartikels van ander lande mag vanuit die kolonie na die verbode gebied verskeep word nie, "dan alleen naar de Bataafsche Republiek, en aldaar in eene van derzelve Havenen moeten worden ontladen en aan de wal gebragt." (die verbode gebied het gelê ten noorde van die linie en ten ooste van die middaglyn wat deur die piek van Teneriffe loop).

N.S. My kommentaar hier op is:-

Dit gee die koloniste 'n ruimer mate van vryheid as wat hulle vroeër geniet het. Die Wes-Indiese eilande word hier uitgesluit: "als benoorden de Linie en beoosten de middaglyn" maar kry daarenteen behalwe Batavië en die Franse eilande (waarmee 'n voordelige handel gedryf kon word) en ook nog Botanybaai en die omliggende lande. Onder die Britse bewind was die handel met hierdie dele heeltemal verbode. Dus, die teenswoordige bepaling omtrent die partikuliere handel van die kolonie, gee aan die koloniste in die geheel genome, meer ruimte en vryheid as wat hulle ooit geniet het. Dit laat alleenlik te wense oor dat hulle so spoedig moontlik instaat gestel sal word om 'n nuttige gebruik daarvan te maak.

- (2) Op hierdie regulasie word egter 'n uitsondering gemaak; in die geval van lewensmiddele en verversings, "die niet voor commercie, maar alleen ten dienste van schepen, equipagen, of passagiers alhier worden ingenomen, ter

669. J.P.v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.324, sien ook B.R.6, p.983,1047; B.R.100, p.73,9 junie 1803.

670. Kaapsche Covrant 9 Julie 1803 No.4; B.R.118,p.33-38, 4 Julie 1803.

vordering der reize, naar welk waerelddeel of land zulks zyn mogen."

- (3) om artikel (1) effectief te maak moet, sufficiente cautie voor de geheele waarde der ten uitvoer naar Nederland aangegevene goederen: Dat dezelve nergens anders dan in een der Havenen van de Republiek zullen worden ontscheep en aan de wal gebragt." aan die Doeane beempte gegee word.

(4) Uitvoerbelasting:

- (a) 'n uitvoerbelasting van 5% is op alle verversings gehef-
behalve as dit deur oorlogskepe van alle nasies of skepe
van die Asiatiese Raad ingeneem word 671.

- (b) 5% is gehef op die uitvoer van alle vreemde munt spesies en dit is heeltomal verbied om Nederlandse muntstukke sonder die goedkeuring van die regering uit te voer; maar reisigers kon die geld wat hulle nie spandeer het nie weer uit die land neem "Voor uitvoer van muntspecien zal echter niet gehanden worden zodanige betaling in vreemde specien, die door eenig ingezeteren dezer Volkplanting gedaan wordt aan eenig hier passeerend schipper of koopman, voor gekogte, en met dit zelfde schip hier aangebragte en ontscheepte gepermitteerde goederen."

- (c) 5% op die inkoopswaarde van alle goedere wat ingevoer is (behalve van die Bataafse Republiek) en wat meer uitgevoer word na enige land behalve na die verbode gebied

- (d) 4% op dieselfde goedere as dit na enige kolonie van die Bataafse Republiek in die Oos - of Wes-Indiese eilande verskeep word

671. Sien ook B.R.5, p.565, 15 Feb.1804.

- (e) 3% op die reële waarde van alle goedere in die kolonie geproduseer of gefabriseer wat na enige land behalwe na die verbode gebied uitgevoer word
- (f) 2% op die waarde van alle goedere, hetsy dit vantevore hier aangebring is of hier aan die Kaap geproduseer of gefabriseer is as dit na enige hawe van die Bataafse Republiek uitgevoer word.

Maar vir die in- en uitvoer van sulke artikels moet sekuriteit gegee word dat die goedere wel in een van die Nederlandse kolonies of in die Bataafse Republiek aan wal gebring sou word. Die Kaapse handelare het die vergunning gekry dat uitgevoerde goeder nie soos vroeër gebruiklik was eers in die magasyn van die Asiatiese Raad opgelaaan moes word nie.

- (g) Vir die los of laai van enige skip sou 10 rds betaal word; wanneer dit kom of gaan van 'n Nederlandse besitting 6 rds, en in Nederland 4 rds; vir die uitklaring by die vertrek van elke skip moes 4 rds en vir die tekening van alle sertifikate elk 1 rds as die waarde van die goedere meer as 500 rds bedra en $\frac{1}{2}$ rds vir minder as 500 rds, betaal word; vir die lossing of lading van bagasie moes F10 betaal word.

Die afset in die buiteland sal natuurlik grootliks afhang van die skepe wat jaarliks die Kaap besoek. As ons net die skepe in ag neem kan ons konkludeer dat die buitelandse handel bedrywiger in die Britse tydperk was. Gedurende 1804 is waarde van 896,162 rds ingevoer en 162,074 rds van Kaapse produkte uitgevoer. Daar is dan ook nog buitelandse produkte vroeër ingevoer is en weer uitgevoer is ten bedrae van 450,514 rds. Dit laat ons 'n nadelige handelsbalans van 283,574 rds. Volgens Janssens was die invoer aan die Kaap nog baie groter weens die

smokkelhandel wat plaasgevind het. In 1804 is 206,700 piasters in - en 170,418 stuks uitgevoer en dus het die 36,282 Spaanse matte die 672. betalingsbalanse nie veel beïnvloed nie.

(3) Die Uitvoerprodukte kan as volg saamgevat word:

673

(1) Aloë het 'n groot aanvraag in Londen gekry waar dit in die Porter brouery gebruik is. Die Engelse handelaars het dit opgekoop en na Londen gestuur en dit was onderhewig aan 'n klein uitvoerbelasting van 16d. per 100 lb.

<u>Jare.</u>	<u>Gewig in Ponde.</u>	<u>Waarde in Rds.</u>
1799	126,684	9,361 - 1
1800	71,843	5,217 - 0
1801	52,181	4,258 - 3
1802	<u>91,219</u>	<u>6,829 - 0</u>
	341,927 lb.	25,665 - 4 rds.

674.

(2) Ivoor het geweldig skaars begin word en soos die populasie uitbrei het die olifante en seekoeie ook verdwyn. Behalwe in die Sitsikamma-bosse en in die omtrek van die Sondagsrivier word geen olifante meer binne die grense van die kolonie aangetref nie. Die paar wat die kaffers kon doodmaak se ivoor word in stukkie gesny om ringe daarvan te maak, terwyl 'n klein hoeveelheid ivoor na die Kaapse mark gebring word deur 'n paar Hottentotstamme wat in die Noorde nie ver van die Oranje rivier rondwaal nie. Die hoeveelheid ivoor van seekoeie afkomstig was min.

Die hele bedrag wat gedurende 4 jaar uitgevoer was het slegs 675. 5,981 lb bedra en het 6,340 rds opgelewer.

Dus, kon ons met sekerheid konkludeer dat ivoor nie onder die belangrike uitvoerartikels van die kolonie gereken kon word nie.

676.

(3) Tabak word nie juis genoem om die kwantiteit aan te toon

672. J.P.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.328-329.

673. Barrow: Travels Vol.2, p.333.

674. Barrow: Travels Vol.2, p.335.

675. Bouchenroder: Beknopt Berigt, p.85; B.O.85, p.78.

676. Barrow: Travels Vol.2, p.336.

wat uitgevoer was nie, maar om daarop te wys die groot hoeveelheid wat die kolonie in staat was om te produseer.

677.

(4) Saad, Asyn, gepreserveerde vrugte en was vir die skepe noodsaaklik maar het as uitvoerartikels nie veel getel nie. Die totale uitvoer van hierdie artikels was as volg:

1799	108,160 rds - 0 sk.
1800	85,049 " - 2
1801	50,519 " - 6
1802	<u>57,196 " - 0</u>
	300,925 rds of £60,185

(5) Graan en peulvrugte:

Koring kon in groot hoeveelhede gekweek word maar die groot afstand na die mark, die swak toestand van die beeste was stremmende faktore.

"The farmer had no encouragement given to him to raise more than a limited quantity, as the prices were always fixed by the government." 678

Die oorskot wat deur die regering in goeie jare gekoop is, is in magasyn gebêre.

Gars was altyd in groot hoeveelhede aangetref: rog word min gebruik; ertjies, boontjies word baie deur skepe opgeneem; mielies is in groot hoeveelhede aangetref.

Die tabel wat Barrow aangee dui nie aan die hoeveelhede van elk van bogenoemde produkte uitgevoer is nie, maar gee die opgawe van die hoeveelhede wat vir die vloot, garrisoen, uitvoer en lokale gebruik by die tolhek verbygegaan het. 679.

<u>Jare.</u>	<u>Mud Koring.</u>	<u>Mud Gars.</u>	<u>Mud Rog.</u>	<u>Ertjies.</u>	<u>Boontjies.</u>
1799	34,951	17,130	184	435	344
1800	35,685	25,641½	444	366	326

677. B.R.9, p.3603; B.O.85, p.433-434.

678. Barrow: Travels Vol.2, p.312.

679. Barrow: Travels Vol.2, p.311-314.

<u>Jare.</u>	<u>Mud Koring.</u>	<u>Mud Gars.</u>	<u>Mud Rog.</u>	<u>Ertjies.</u>	<u>Boontjies.</u>
1801	32,322 $\frac{1}{4}$	21,054	835 $\frac{1}{2}$	808 $\frac{1}{2}$	471
1802	28,402 $\frac{1}{2}$	21,084	441 $\frac{1}{2}$	168	216
Totaal	131,361 $\frac{1}{4}$	84,909 $\frac{1}{2}$	1,905	1,777 $\frac{1}{2}$	1,358

Koring is jaarliks as volg verbruik: koloniste 17,000 mud; garrisoen 10,000 mud; vloot 6,000 mud. Dit gee ons 'n totaal van 33,000 mud koring wat jaarliks gekonsumeer is. Uit die tabel blyk dit dat die Kaap nie meer as 1 tot 2,000 mud koring kon uitvoer nie. Dus, die uitvoer van koring het onbeduidend gebly tot aan die einde van die Bataafse regering want albei regerings was genoodsaak om koring in te voer. ^{680.}

Al was daar genoeg koring is dit te betwyfel of die kolonie dit voordelig sou gevind het om dit uit te voer na Europa: "not only would they risk being cheated, but they would suffer a severe loss owing to the length of the voyage and the risks to which wheat is exposed when it has to be shut up for two months and taken through the heat of the tropics." ^{681.}

(6) Wyn en Brandewyn:

Oor die algemeen het die kaapse wyne nie 'n groot afsetgebied in die buiteland gevind nie. Dié wyn was van 'n swak gehalte behalwe in die geval van die Constantia wyn en Kaapse Madeira. Wyn is ook na Amerka en Batavië uitgevoer. ^{682.} ^{683.}

Die uitvoer van Konstantia wyn was as volg: ^{684.}

<u>Jare.</u>	<u>Halfame.</u>	<u>Waarde in Rds..</u>
1799	157	11,752
1800	188	14,070
1801	173	13,007
1802	<u>210</u>	<u>15,745</u>
Totaal	728	54,504 rds.

680. B.R.9, p.3767, 23 Nov.1804.

681. A.van Pollandt: General Remarks p.36;; B.O.33,p.713-716,14 Jan.1801

682. A.van Pollandt: General Remarks on the Cape of Good Hope,p.35;
B.O.85, p.433-4

683. B.R.14, p.3934-5, 4 Jan 1806; B.R.9, p.3767, 23 Nov.1804;
B.R.89, p.29, 15 Sept.1805.

684. Barrow: Travels Vol.2, p.318.

Vir die jare 1799 tot 1802 is 1,665½ lêers brandewyn en 21,649½ lêers wyn by die tolhek verby,^{685.} Hiervan is 400 tot 800 lêers asyn uitgevoer en 30 tot 100 lêers brandewyn behalwe die Konstantia wyn, - die res is deur die inwoners gebruik. Ons sien dus dat die totale uitvoerwaarde van al die wyne en brandewyn (Konstantia ingesluit) omtrent £10,000 of 50,000 rds per jaar beloop het.

Dit is opmerklik dat in 1802 die opbrengs van wyn en brandewyn na die Kaap verminder het; dit is toe te skryf aan die feit dat die boere meer wynvaté gekry het en dus die wyne by die huis kon hou en dus sodoende bygedra tot die verbetering van die wyne.

(7) Huide en Velle:

Op die 27 Desember 1795 skryf Craig aan Dundas: "I had also given a verbal permission to the captain, to carry a return cargo of aloes, Hides, follow, wine and brandy, articles with which the Colony abounds in such plenty, that the people are in great distress to know what to do with them."^{686.}

Barrow laat hom as volg uit: "The exportation of these articles, both dried and salted now, has been increased to a very considerable degree under the British Government, and the price has consequently augmented in proportion to the demand for them."^{687.} Gedurende die Bataafse bewind het die bemarking van huide en velle nog baie verbeter.^{688.} Tussen 2,000 en 3,000 osvelle word jaarliks uitgevoer. Skaapvelle word maar min uitgevoer: "Skins of the wild antelopes and of the leopard are bought occasionally to the Cape market, but the quantity is so small as scarcely to deserve mentioning as articles of export."^{689.}

Die waarde van die huide en velle wat jaarliks uitgevoer word was nie meer as 5,000 of 6,000 rds nie; terwyl nie meer as 1,000 rds se volstruisvere jaarliks uitgevoer is nie. Ek kan dus nie met Prof. Dr.

685. Barrow: Travels Vol.2, p.321.

686. Rec.Vol.1, p.285, 27 Des.1795.

687. Barrow: Travels Vol.2, p.323.

688. B.R.5, p.682, 22 Feb.1804; Bijlagen 1792, p.95.

689. Barrow: Travels Vol.2, p.324.

H.B.Thom saamstem waar hy beweer dat huide en velle in die eerste jare van die 19de eeu 'n uiters geringe waarde as handelsartikels gehad het nie.^{690.} Intendeel, dit was destyds een van die belangrike handelsartikels.

691.

(8) Walvisolie en bene:

'n Walviskompanjie is gestig maar die koloniste het min olie gebruik en daar was nie skepe om die walvisolie na Europa te stuur nie terwyl daar ook 'n gebrek aan vate was. Dit het soms gebeur dat skepe van die Southern Whale Fishery 'n paar vate saamgeneem het maar in die algemeen het hulle verkies om die walvisse self te vang.

Dus, die afsotgebied was meestal tot die koloniste beperk.

692.

(9) Gedroogde vrugte:

Die belangrikste was rosyntjies en amandels. Skepe: "take considerable quantities of almonds and raisins as sea-stock, but few have hitherto beensent to India or to Europe as articles of trade."^{693.}

Gedroogde appels was ook 'n gesogte artikel van die skepe. In 1802 is 2,542 rds se gedroogte vrugte uitgevoer waarop 'n belasting van 5% op elke pond gehef is.

694.

(10) Gesoute voorrade:

Klein voorrade gesoute vis word deur die skepe ingeneem; gesoute botter en vet is ook uitgevoer.^{695.} Van Bouchenroder en W.S.van Ryneveld was albei daarmee eens dat as die Kaapse koeie verbaster word 5 tot 6 maal soveel melk sal opgelewer word en dus die produksie van botter en kaas vermeerder.⁶⁹⁶ Ook gesoute vleis is byv. na Batavie en Isle de France uitgevoer. Om 'n voorbeeld van die uitvoer van die koloniale produkte te gee kyk ons na die lading wat De Herstelder op 9 April 1795 na Amsterdam geneem het:^{697.} 228½ leërs traan; 20½ leërs Spinnacettie olie; 6 leërs Harsseren; 120 Robbevelle; 204,109 lb aloë

690. H.B.Thom: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery, p.162; B.O.5, p.139.

691. Barrow: Travels Vol.2, p.324.

692. Bouchenroder: Bekrapt Berigt p.15 (na oos-en wes-Indiese eilande)

693. Barrow: Travels Vol.2, p.326; B.O.5, p.139.

694. Barrow: Travels Vol.2, p.329; Bouchenroder: Berigt p.15.

695. Bercival: An account of the Cape of Good Hope, p.207, B.R.9, p.4039, 12 Des.1804; B.R.10, p.66; B.O.33, 12 Des.1799, No.109; B.O.85, p.433, 434.

696. B.R.6, p.1070, 1460, 1401; B.R.135, p.172, Nov/Dec.1803.

697. De Mist: Memorandum p.100-101; B.O.85, p.433-4

6 leërs brandewyn; 23 leërs wyn, 2 halwe leërs wyn; 47 halfame en 1 aam wyn (waarvan 5 kasse uit Konstantia afkomstig is); 1 kis en 4 pakke velle wat 49 lb weeg; 1,528 osvelle wat 30,440½ lb. weeg; 485 Bokvelle wat 1,030 lb. weeg; 4 Buffelvelle van 121 lb; 50 halfsoollee van 580 lb; 1 kas skaapvelle; 2 kasse wol; 6 olifantstande van 100 lb; 169 lb. "Gom myrrhe" en 1860 Bourborse koffie.

IV Die uitvoer van Bestaansmiddele.

Die beleid van albei regerings teenoor die uitvoer van bestaansmiddele was dieselfde. Aangesien daar 'n gebrek aan koring in die kolonie was mag dit nie uitgevoer word nie: "no grain, flour, botter or other article of provision is allowed to be exported as merchandize without a special order. 698. Maar net soos onder die bestuur van die Kompanjie was die uitvoer van noodsaaklike artikels nie doeltreffende beheer nie. 699. Maar Macartrey het die uitvoer van bogenoemde artikels verbied.

Die Burgersenaat is opgedra om 'n tariewe lys op te stel " and His Majesty desire to be furnished with a list of the rates at which under the former Government was allowed, together with such rates at which, from the change of circumstances it may be equitable to permit the exportation." 700. Die gemiddelde pryse van die volgende is verlang: Koring, gars, meel, beskuit, botter, vet, kerse, beesvleis, varkvleis, wyn, brandewyn, aloë en huide. 701.

Net die Bataafse regering kon die uitvoer van die noodsaaklike artikels bepaal. 702. Die prominente geval is die beheer van die koring deur die Supreme Commission en die Generale Graan Kommissie respektiewelik. Daar was wel koring uitgevoer maar dit was slegs in klein hoeveelhede - behalwe in die geval van Craig. 703. 704.

V Konklusie:

-
698. B.O.33, p.594, 28 Des.1796; B.O.36, p.134, 15 Mei 1799; Rec.11, 48-58.
 699. B.O.51, p.429, 23 April 1798.
 700. B.O.51, p.74-75.
 701. B.O.51, p.75.
 702. B.R.4, p.2500, 2753; Kaapsche Courant 29 Sept.1804 No.39, B.R.1, p.170, 26 Maart 1803.
 703. B.R.4, p.2500 (150,000 lb. tarwe) B.R.135, p.167, op 'n ander geleentheid is 800 tot 1,200 mud tarwe na Batavia gestuur; B.R.135, p.166 Nov/Des.1803.
 704. Rec.Vol.1, p.319, 328, 374.

As ons nou 'n algemene gevolgtrekking van die buitelandse handel gedurende die periode van 1795 tot 1806 moet maak kan ons die volgende feite herhaal: wat die handel met die ooste betref het die koloniste 'n groter mate van vryheid onder die Bataafse regering geniet as wat die geval onder die Engelse bestuur was; die Europese handel was minder ~~vry~~ onder die Bataafse Bewind, want behalwe goedere afkomstig van Brittanje en Ierland was daar 'n 5% belasting op die invoer van alle ander goedere terwyl die invoerbelasting 10% was op alle goedere wat uit lande buite die verbode gebied ingevoer is; maar die handel met Nederland en die ander Nederlandse kolonies is heeltemal oopgesit. Die Engelse regering het wel 10% invoerreg op alle goedere in vreemde skepe buite die Britse-ryk gehef maar dit wil tog nie sê dat die goedere verbied is om die land in te kom nie; hierdie 10% belasting (invoer) is later onder die bewind van Dundas tot 5% verlaag;^{705.} intendeel, die Bataafse Bestuur het uitdruklik verklaar uit watter gebiede geen goedere ingevoer mag word nie.

Kan ons die Bataafse Bestuur vir so 'n houding kwalik neem? Ek glo nie. Engeland was die vyand van die Bataafse Republiek en om haar skade te berokken is handel met die hele Europa en Asië, uitgesonderd die Moederland, verbied. Maar, die Bataafse outoriteite het wel skiet gegee in geval van noodsaaklike landbougereedskappe en ander benodighede.

Die Bataafse outoriteite ~~kon~~ natuurlik nie al hul ideale verwesenlik sien nie want hulle was feitlik die hele tyd vanaf 1803 van vreemde skeepvaart afhanklik - hul eie skepe is van die see geveeg.

Die uitvoerhandel in koloniale produkte was maar gering aangesien die kolonie nog in die beginstadium van sy ontwikkeling was en dit is ook die rede waarom die invoere altyd die uitvoere oorskry het.

DIE UITVOER VAN SLAWE.Onder bestuur van die Kompanjie.

Die H.O.I.K. het jaarliks een of twee skepe na Mosambiek of Madagaskar gestuur om slawe te gaan haal en hierdie handel het omtreeks 1787/8 opgehou. Hierdie slawe was deur die Kompanjie gebruik vir publieke werke en weinig het dit gebeur dat van hierdie slawe aan die koloniste verkoop is. Die slawe van die koloniste is deur vreemde skepe ingevoer en permissie moes verkry word om hierdie slawe aan die koloniste verkoop maar die regering het die slawe beskerm.

Vir elke ingevoerde slaaf moes 5 rds aan die fiskaal betaal word maar later moes dit aan die regering oor betaal word. Daar was geen wette wat die getal ingevoerde slawe aan die Kaap bepaal het nie en die besoekende kommissaris het hulle nie veel daaraan gesteur nie; behalwe dat in die proklamasie van die 21st November 1791 as volg gestipuleer is: dat die geskud wat vir die slawehandel nodig is deur die Goewerment bepaal sal word en dat enigeen na Nederland om vuurklippe kon skryf om die slawehandel voort te sit, dus hierdie proklamasie lê geen bepaling op die aantal slawe wat ingevoer moet word nie.

Die Kommissaris-generaal het dit raadsaam geag dat die Kompanjie van die slawehandel afsien. Die invoer van slawe uit die Ooste het hulle verbied en 'n invoerbelasting van 10 rds op elke slaaf is gehef⁷⁰⁶ maar hulle het slawehandel met Madagaskar en die Ooskus van Afrika toegestaan.⁷⁰⁷ Aan die begin van die 19de eeu was die arbeidskragte aan die Kaap skaars en duur; dit moet noodwendig die koloniste affekteer want byna die hele ekonomiese stelsel aan die Kaap was op slawe-arbeid gebaseer. Gevolglik staan die slawe-invoer in direkte verband met die arbeidsprobleem. Die statistiese opname vir 31 Desember 1795 toon aan dat daar 16,839 slawe in die kolonie was; 11,555 slawemans en 5,284 slavinne.

706. A. Boeseken: Die Nedl. Kom-gen. en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, p.69.

707. G. mc Theal: Hist. & Ethn. of South Africa before 1795 vol.111, p.207.

Die verspreiding van die slawebevolking was as volg:

Kaapstad en sy distrik	6,068 slawemans	2,981 slavinne.
Stellenbosch.	4,300 "	1,690 "
Swellendam.	818 "	403 "
Graaff-Reinet.	<u>369</u> "	<u>210</u> "
Totaal	11,555 "	5,284 "

B. Onder die Engelse Bestuur.

Die Britse regering was nie ten gunste van slawe-invoer nie. Maar daar is gou klagtes geloods dat die Engelse-Oos-Indiese Kompanjie nie in slawe handel dryf nie. ^{709.} Ons sal onthou dat die Kompanjie die alleenhandel ten ooste van die Kaap gehad het en om nie inbreuk op die regte van die maatskappy te maak nie, het die Britse regering geweier om 220 slawe uit Mosambiek toe te laat. ^{710.} Slawe-invoer het tog plaas- ^{711.} gevind want op 14 Januarie 1796 het 350 slawe aan wal gestap. Hulle is teen hoë pryse van die hand gesit.

Een van die eerste stappe wat deur die Engelse gedoen is was om ^{712.} meer omtrent die slawe aan die Kaap te wete te kom. Een van die instruksies aan Ma Cartney was om verslag te doen oor die "regulations established at the settlement relative to the importation of slaves and whether the importation might henceforth be prohibited without ^{713.} material injury or inconvenience to the settlement."

Goewerneur Ma Cartrey het aan fiskaal W.S. van Ryneveld 'n paar vrae gestel:

- (1) Watter regulasies was onder die vorige regering in swang wat die invoer van slawe betref?
- (2) Onder welke wette en wat was die metode hoe die eienaars hulle gekry het?
- (3) Watter verlies of ongemak sal verduur word as die invoer van slawe stopgesit word?

708. Rec.Vol.1, p.297.

709. B.O.32, p.10.

710. B.O.50, p.355; 2 Des.1797; B.O.32, p.5; B.O.5, p.1-4

711. Rec.Vol.11, p.10,40.

712. Journal of Secondary Education September 1931.

713. Rec.Vol.11, p.3; Eybers: Select Documents, p.5.

- (4) As die slawe-invoer nie stopgesit word nie, tot watter mate moet die invoer van slawe toegelaat word; hoe moet hulle beheer word om 'n bate vir die kolonie te wees in plaas van die ongerief as daar te veel slawe is?
- (5) Is die klimaat aan die Kaap nie sodanig dat die grond deur die blanke koloniste bewerk kan word soos in die geval van Spanjie, Portugal, Sicilië en ander warm lande nie?
- (6) As daar geen slawe aan die Kaap was sou die blanke koloniste nie hardwerkender gewees het en meer vir die kolonie beteken het nie?
- (7) Die betreklike gemak om slawe te bekom en die algemene gewoonte om van hulle gebruik te maak, het dit nie tot gevolg dat dit die blanke koloniste hoogmoediger, luier en onmensliker maak nie?

Van Ryneveld het op hierdie vrae as volg geantwoord:

- (1) Die slawe-invoer was algemeen toegelaat en daar was feitlik geen wette wat op die invoer daarvan betrekking gehad het nie - behalwe dat die invoer van Oosterse slawe verbied is.
- (2) "An immediate interdiction to the importation of slaves would, of course, affectuate that the culture, especially the two principal branches, viz., corn and wine, first would begin to languish, and afterwards entirely to decay."^{714.} Daar was nie genoeg blankes binne en buite die kolonie om die werk van die slawe te doen nie; die natuurlike vermeerdering van slawe was baie gering, terwyl hul getalle deur siekte nog verder verminder is, Hy was oortuig dat

714. Journal of Secondary Education Sept. 1931.

slawerny 'n euwel aan die Kaap geword het maar "a sudden interdiction of the importation of slaves would occasion a general injury, as long as such a number of hands as is requisite for the culture, cannot be obtained from another part, at a rate that may be thought proportionate to the produce arising from the lands." ^{715.} Tenmiste 30 slawe is nodig as daar 800 mud koring en 400 mud gars ge-oes word. Hy gee toe dat daar wel blanke arbeiders te kry is maar hulle is nie genoeg nie en die onkoste om hulle te huur en te onderhou maak dié moontlikheid onprakties. Vir 'n progressiewe landboubeleid is die invoer van slawe noodsaaklik.

- (3) Syns insiens moet daar jaarliks nie minder as 500 manlike en 100 vroulike slawe ingevoer word nie. Slavinne moet ook ingevoer word want hulle verrig werk en bring kinders voort ofskoon die getal maar gering is. Voortgaande sê hy dat die slawe aan die Kaap nie met dié van die Wes-Indiese eilande vergelyk kan word nie en dat hier nie net een soort slaaf soos in die Wes-Indiese eilande is nie; die behandeling van die slawe in die algemeen is ook verskillend van die behandeling wat hulle in die genoemde kolonies ontvang het.
- (4) Van Ryneveld was van mening dat die koloniste die grond kon bewerk soos die geval in Spanje en Portugal was mits hulle van hul jeug of daaraan gewoon is en hulle genoodsaak word om dit te doen. Aangesien die koloniste nou aan slawearbeid gewoon geraak het sal dit uiters moeilik gaan om hulle daardie gewoonte af te leer. Daar is net twee redes

waarom die blanke koloniste nie plaasarbeid wil verrig nie. nl. (a) die groot onbewerkte land met 'n klein populasie sodat daar 'n tekort aan arbeiders is en (b) die invoer van slawe.

- (5) Die algemene gevolgtrekking is dat slawe aan die Kaap onontbeerlik is. "I cannot but observe, that slavery in this Colony is now become a necessary evil, that cannot be removed, without sacrificing the colony, and perhaps the poor slaves themselves, that are in it." ^{716.}

Hy stel voor dat sodra die koloniste en kaffers mekaar se dienste kan gebruik die slawe-invoer langamerhand afgeskaf kon word.

Sedert die kapitalasie in 1795 tot 1798 is net een vrag slawe ingevoer. ^{717.} Die Kompanjie het jaarliks sowat 600 slawe ingevoer terwyl die Engelse vir 33 Maande slegs 605 ingevoer het - wat natuurlik aan toon dat die Engelse wel probeer het om die slawe-invoer stop te sit. ^{718.}

Aangesien die slawe-invoer die arbeidsprobleem direk gevaak het is petisies na MaCartney gestuur en vernaamlik deur die Burgersenaat, ^{719.} hulle vra toestemming om 220 slawe van Mosambiek in te voer. Op 'n ander keer het 85 koloniste 'n petisie na die Burgersenaat gestuur wat die versoek aan MaCartney gerig het om slawe in te voer: ".... not finding on examination the said memorial to be contrary to the proclamation lately issued out, signifying that no application for landing any East India Produce shall be admitted, as slaves do not come under that description and as the East India Company, not carrying on any such trade, cannot be ignored by the imports of slaves" ^{720.}

Die slawe was skaars en duur en die enigste middel om die landbou voort te sit. Al die versoeke is maar gewoonlik as volg beantwoord: "This can't be granted." ^{721.}

716. Journal of Secondary Education October 1931.

717. B.O.32, p.5-15, 30 Januarie 1798.

718. V.C.104, p.30-31.

719. B.O.32, p.58, 29 Nov.1797.

720. B.O.32, p.17-20, 30 Januarie 1798; B.O.50, p.355, 2 Des. 1797.

721. B.O.32, p.18, 30 Jan. 1798.

722. B.O.5, p.20-26, 3 Apr.1798; B.O.32, p.113-120, 4 Des.1800; B.O.5, p.33.

Ma Cartney het uiteindelik toestemming gegee om slawe in te voer maar op 'n voorwaarde; hy het slawe-toevoer aangemoedig mits dit van die Weskus van Afrika gaan haal word.⁷²³ Hierteen is egter beswaar gemaak nl: dit is onprakties om slawe van die Weskus van Afrika in te voer soos Ma Cartney dit wil hê - "for it is only at the Portuguese settlement of Angola where Negroes can be purchased with Spanish dollars, but Angola not being a free port, there would be no security for a British vessel attempting that trade. At all other parts of the coast, an assortment of European merchandize, which this country does not afford, would be necessary for the traffick, and as the manufactures of India also, cannot be exported from hence, any attempt to deal on the coast by barter, must prove abortive. Seeing therefore that Spanish Dollars and Brandys, are the only articles in our power to furnish for that trade we are under the necessity of declining the attempt of supplying Negroes from the Western Coast."⁷²⁴ Die firma Michael Hogan en Alex. Tennant het toestemming van Ma Cartney gekry om 400 slawe volgens plan van die Weskus in te voer maar daarby gevoeg: "We cannot but regret the Communication with Mosambique and Madagascar being prohibited, from which alone, some solid advantage may be expected in that very necessary article of Commerce."⁷²⁵ Die plan om slawe van die Weskus van Afrika in te voer het dus nie byval gevind nie; intendeel, dit het nie veel gehelp nie.

Dundas wou eers die mening van die Britse regering omtrent so 'n belangrike onderwerp vra. Op die 25 ste Februarie 1799 het die Burger-senaat 'n petisie aan hom gerig om slawe in te voer. Hulle redeneer as volg: "... we are not fortunate enough in this Colony to be able to go without slaves, more especially as agriculture here is infinitely more difficult and of course requires a larger number of slaves than in any

723. B.O.32, p.41, 25 Mei 1798; B.O.32, p.58,77.

724. B.O.32, p.41, 25 Mei 1798.

725. B.O.33, p.45, 30 Mei 1798.

725.

other country Mosambique slaves as well as Madagascar and other
Negroes being very proper for this Colony." ^{726.}

Hy het Hogan se lisensie om 400 slawe van die Weskus van Afrika in te
voer teruggetrek: "As I shall not allow any more slaves to be imported
from any quarter till I have the opinion of His Majesty's Ministers upon
the subject of such national importance." ^{727.} 'n Rasionele beleid is gewis
nie gevolg nie want net twee dae daarna gee hy toestemming dat 400 slawe
van Mosambiek ingevoer kon word. ^{728.} Dit was ook al want 'n handelaar van
200 slawe van Rio de Janeiro invoer aangesien slawe so duur was, maar sy
aansoek is van die hand gewys. ^{729.} Heelwaarskynlik het die realiteit, soos
deur die petisie van die 25 Februarie geskilder, hom tot insigte gebring -
hy kon tog immers nie die antwoord van die Britse ministerie binne die
bestek van twee dae ontvang het nie? Dit is interessant om daarop te
let dat slawe wel in enkele gevalle toegelaat is om in die kolonie te
kom, byv., slawekinders is soms as geskenke aan koloniste gegee. ^{730.}

Yonge volg 'n beleid van slawe-invoer. Die enigste ding wat die land
syns insiens vir ontwikkeling nodig het is bewoners: ".... so I have
consented to the supply of slaves being completed." ^{731.}

Byvoorbeeld; op die 23 Desember 1800 het hy toestemming gegee dat 160
slawe van Mosambiek ingevoer kan word.

Nie alleen is slawe direk ingevoer nie maar dit het ook gebeur dat
slawe ingeruil is, byv., op 8 Januarie 1801 is permissie aan 'n kolonis
gegee om een van sy slawe vir 2 Negers van Mosambiek te ruil. ^{732.} 'n Ander
manier hoe slawe "ingevoer" is was om die prysgemaakte slawe te verkoop. ⁷³³
Slawe is ook ingesmokkel. 'n Tipiese voorbeeld hoe te werk gegaan is
om slawe in te smokkel kan in Pringle se ~~de~~ woorde die beste beskryf
word: "The plan was for vessels to sail from Mosambique under the Danish
and Portuguese flags, with a sufficient number of slaves on board to

726. B.O.32, p.54, 25 Feb.1799; B.O.32, p.105-108.

727. B.O.52, p.56, 2 Maart 1799; B.O.32, p.77, 13 Junie 1799;
Rec.11, p.377.

728. B.O.32, p.75, 5 Maart 1799; B.O.52, p.58, 4 Maart 1799.

729. B.O.32, p.63-68, 2 April 1799.

730. B.O.32, p.81-83, 84, 109, 172, 180, 205-208, 221.

731. Rec.Vol.111, p.93; B.O.52, p.58; B.O.32, p.97, 27 Maart 1800.

B.O.32, p.113-118, 4 Des.1800; B.O.32, p.121-123, 23 Des.1800;
B.O.32, p.125-128, 26 Des.1800.

732. B.O.32, p.131-136, 8 Jan.1801; B.O.32, p.157-159.

733. B.O.32, p.173-176, 9 Nov.1801.

disarm suspicion. They were to put into Table Bay, pretending to be bound to Brazil, and were then under some excuse to sell the slaves and purchase as great a quantity of provisions as possible, with which they were to make their way as speedily as practicable to Mauritius. If by any chance they could not sell the slaves or obtain food supplies in South Africa, they were to proceed to Rio Janeiro and get what they could there." ^{734.} Dit het dan ook heel dikwels gebeur dat skepe met slawe die Kaapse hawens inkom onder die ekskuus dat die skip noodsaaklike "reparasies" nodig het; om die onkoste te dek verkoop hulle dan die slawe om uit die opbrengs die onkoste te betaal.

'n Ander manier om slawe in te smokkel was om die slawe te gaan haal en dan te kom vertel dat die slawe prysgemaak is - die "prysgemaakte" slawe word dan verkoop. ^{735.}

Selfs Yonge het 'n aandeel in die slawesmokkelhandel gehad. ^{736.}

Dit lyk asof hierdie liberale progressiewe beleid van Yonge ten opsigte van slawe-invoer gedurende sy bewind geen perke geken het nie. ^{737.}

In April 1801 het Dundas die slawe-invoer weer stopgesit. Yonge het sy toestemming aan die firma Walker en Robertson gegee om 600 slawe in te voer en die firma het vir Dundas versoek om die lisensie te bekragtig. Hierop het Mnr Blake, die provisionele sekretaris, geantwoord: "The Lieutenant Governor cannot on any account comply with the prayer contained in this memorial, not thinking it proper to allow any importation of slaves at present." ^{738.}

Maar selfs die geharde en lojale Dundas het op die 27 Februarie toegestem om slawes te land. ^{739.} Dit lyk asof Dundas

slawe laat invoer het om met die aanvraag tred te hou; soms het hy geweier en dan weer toegelaat dat 40 slawe ingevoer word. ^{740.}

Oms kan konkludeer dat die slawe invoer gedurende die Eerste Britse Besetting toegeneem het, althowel die autoriteite teen slawe-invoer was.

734. Rec.Vol.11, p.48.

735. Rec.Vol.111, p.126, 11 Feb.1800.

736. Lady A. Barnard: S.A. a century ago, p.282.

737. B.O.32, p.125-128, 26 April 1801.

738. B.O.32, p.189-192, 23 Jan.1802; B.O.32, p.201-204, 10 April 1802.

739. B.O.32, p.193-196, 27 Feb.1802; B.O.32, p.209-212.

B.O.32, p.241, 5 Januarie 1803.

740. B.O.32, p.209-212; B.O.32, p.225-228; B.O.32, p.241, 5 Jan.1803.

Die pryse van slawe het tog maar hoog gebly:

Voor 1795 het 'n Moambiekse slaaf 200 tot 250 rds gekos. 741.

" 1798 " " " " 400 " 500 " " 742.

" 1800 " " " " 500 " 800 " " 743.

744.

Slawe is van verskillende plekke ingevoer, o.a. Coromandel, Oos-Indiese eilande, Rio de Janeiro, maar die meeste het gekom van Mosambiek en Madagaskar. 745. 746. 747. 748.

Ten laaste kan ons meld dat op elke ingevoerde slaaf 10 rds belasting betaal moes word. 749.

C. Onder Bataafse Bestuur:

Hierdie tyd was ook die tyd van propaganda vir die afskaffing van slawerny en die slawehandel. De Mist skryf in sy memorandum dat Godsdiens en wysbegeerte lank reeds tot 'n beslissing gekom het ten opsigte van die noodsaaklikheid, geoorloofdheid en onmenslikheid van die slawehandel maar "staatkunde en Belanghebben van dit vonnis, ten hunnen na-deele geweezen, aan de rechtbank der noodzaaklikheid, hooger beroep gedaan, en daar, zal dit geschil noch wel lang aan den spijker blijven hangen." 750.

Reeds in die Memorandum van De Mist maak ons kennis met die beleid wat ten opsigte van slawehandel aan die Kaap gevolg moet word; bannelinge uit Java kon deur die regering verbied word; terwyl die invoer van slawe uit Mosambiek en Madagaskar jaarliks verminder word totdat die invoer naderhand heeltemal stopgesit word, "Intusschen moet het gemis dier werkende handen, in eene gelyke progressie, door andere middelen worden gesuppleerd wil men immers den landbouw, Veeteelt en wynoogst intusschen niet doen kwynen". 751. Om dit te doen is nodig dat: Slawekinders wat in die toekoms gebore mag word, vry verklaar moet word; flukse "boeren knaapjes en meisjens" uit Nederland en Europa ingevoer word; lede van die

741. Rec.Vol.11, p.237-238.

743. B.O.5, p.709, (sien ook 8032, p.97-103.)

744. B.O.32, p.165-166.

746. B.O.36, p.185,188.

748. B.O.32, p.45.

749. B.O.32, p.197-200.

750. De Mist: Memorandum, p.109.

751. " " " p.111; B.R.92, p.61, 6 Junie 1804; B.R.7, p.1573.

742. Rec.Vol.11, p.237-238;

B.O.34, p.298-299.

745. B.O.32, p.169-172.

747. B.O.32, p.173-176.

garnisoen wat wil trou moet grond gegee word om as landbouers of arbeiders 'n bestaan te maak terwyl nuwe rekrute uit Holland gewerf sal word; die Hottentotte moet vrywilliglik in ^{diens} geneem word teen 'n goeie daelikse of jaarlikse betaling. "Het systema van het Bataafsch Gouvernement en van my zelve, volstrekke zynde, de Kaapsche Ingeze tenen al langzamerhand van den hier zo schadelyken aanloop van slaven te ontnemen en daar voor tot hunne eigen best en voordeel als het waare te noodsaaken de

Hottentotten tot hunne vrienden en helpers in stede van tot hunne vyanden te maaken, aldus De Mist. Die munt spesie wat nog in die besit van die koloniste is kon tot, "andere en nuttiger speculation van commercie" aangewend word. Hy het Janssens ook aangeraai om so spoedig moontlik slawe-invoer te verbied, en ook dat "voortaan geene slaaven of andere personeen door Politique dispositie of justicieele vonnissen naar herwaards, of op het geabandonneerd Robben Eiland mogen gedeporteerd of gebannen worden, zo als sulks te vooren plaats had." ^{752.} ^{753.} ^{754.}

In April 1803 is bekend gemaak dat geen slaaf ingevoer sou word nie. Francois de Lettre het aansoek gedoen om 300 slawe en slavinne in te voer. Die regering het besluit om hom toe te laat om 50 slawe te land mits die prys met die land se produkte betaal word, origens moes geen slawe ingevoer word nie. Die verhoogde invoerregte is in werking gestel op die 16 Julie 1803 toe die volgende invoerregte op slawe gehef is:- ^{755.} ^{756.}

Mans - 25 rds. Vrouens - 20 rds. Kinders van 10 tot 15 Jaar, 15 rds. ^{757.}

Die arbeidskragte was skaars en duur. Reeds op die 3 Junie 1803 het De Mist 25 of 30 kundige messelaars, timmermans en "smitsgasten" vir die Kaapse regering versoek want op die oomblik gebruik hulle partikuliere gehuurde werkslawe teen 3, 4 en 5 guldens per dag en die invoer daarvan staan met sy projek tot vermindering van slawe in 'n onverbreekbare verbond. ^{758.} Die Hottentot as arbeider, behalwe as skaapwagter het

752. B.R.2, p.283; B.R.92, p.168, 2 Jan.1803.

753. B.R.92, p.169, 2 Jan.1803.

754. B.R.92, p.169, 2 Jan.1803.

755. B.R.2, p.284.

756. Kaapsche Covrant, 16 Julie 1803, no.15; B.R.2, p.334, 22 Apr.1803.

757. B.R.13, p.3142, 3263; D.G.van Reenen se Joernaal, p.287.

758. J.P.v.d. Merve: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.273.

nie veel beteken nie en blanke arbeiders was nie te kry nie. Die grond was volop en dit lê voor die hand dat 'n blanke vir sy eie rekening sal werk en nie sy arbeid aan 'n ander boer sal verhuur nie.

Reëlins is gemaak vir die indiensneming van Hottentotte om die slawe as arbeiders te vervang. Deeglike kontrakte moes vir hierdie doel met die Hottentotte opgestel word; maar hulle was onwillig om die huurkontrak te teken en na Bethelsdorp gegaan waar hulle verwelkom is. ^{760.}

De Mist het op die 11 Januarie 1803 persoonlik na Rietvallei vertrek om die toestande daar te gaan besigtig maar hy het geen gunstig indruk gekry nie: " het was doorgans eene verzameling van luiards, slaapers en dronkaards die dit gemakkelik leven verre boven den arbeid koozen." ^{761.} Al die Hottentotte in die kolonie was egter nie van daardie kaliber nie, byv., langs die Cederberg het basters gewoon wat hul bestaan uit houtkap gemaak het. ^{762.}

W.S.van Ryneveld was nie so optimisties soos De Mist dat die blanke arbeiders die plek van die slawe aan die Kaap sou inneem nie; "Dikwerf heb ik ideën hooren opperen, dat men gemeene of arme Europeanen, tot dat einde herwaarts zou trachten te lokken. De Mogelykheid hiertoe eers verondersteld; namelyk, om jaarlyks een genoegzaam getal van zulke soort van menschen herwaarts over te brengen; dan zal nog aan het oogmerk niet kunnen worden beantwoord." ^{763.} Die Hottentotte kon wel gehuur word as veewagters, wadrywers, leiers of ploegdrywers, maar nie "om het gemeen boerenwerk van land dolver - spitten - en dergelyke, nevens de slaven, by aanhoudenheid te verrigten." ^{764.} Die Hottentotte is eens te lui om in geskikte substituut vir die slaaf te wees. Hy was die mening toegedaan dat die kolonie sonder slawerny begin het en die gesonde verstand sal sê dat slawerny afgeskaf moet word maar dit sal die ondergang van die kolonie teweegbring. ^{765.} Van Ryneveld wou hê dat daar 'n matige slawe-

759. Bouchenroder: Beknopt Berigt, p.56.

760. B.R.13, p.2544, 21 Aug.1805; G.Mc Theall Bel.Hist.Dok.vol.111, p.160-161.

761. B.R.100, p.186, 9 Junie 1803; B.A.Liebenberg: Die Kaapse Hottentotte, p.88-89.

762. W.S.v.Ryneveld: A.Z. Tydschrift D1.VIII, 1831, p.179 (sien ook Bouchenroder: Beknop Berigt, p.56.

763. G.Mc Theall: Bel.Hist.Dok.111, p.221.

764. W.S.v.Ryneveld: Z.A.Tydschrift, 1831, p.197.

765. " " " " " p.198-200.

invoer moet wees vir die verbetering van die landbou. Slawe as luukse artikels is skadelik vir die land en volk maar as hulle in die landbou gebruik word is hulle nuttig: "het belang van land en volk, vordert veeleer, dat het gouvernement eene premie stelle op den invoer van slaven ten dienste van den landbouw. Het Gouvernement mag ~~niet~~ twyfelden, mag er niet over in het onzekere zyn. Het moet de zaak op behoorlyke grondbeginselen beslissen." ^{766.}

Syns insiens moet die nodige slawe deur partikuliere ingevoer word omdat die kolonie daardeur 'n tweërlei voordeel sal kry nl., landbou en handel. Hy sluit sy beskouing ter bevordering van die handel en landbou met hierdie woorde; "Uit dat alles volgt dan, zoo als ik vertrouw, dat alhier slaven moeten worden ingevoerd, en wel zoo ingevoerd, dat ze, ^{767.} zonder merkelyk bezwaar voor den landbou, kunnen worden verkregen."

Net soos onder die Britse regering is die slawe-invoer tot 'n minimum beperk. ^{768.} Slawe is ook aangebied om die koste te dek van reparasies aan skepe. ^{769.} Op die 18de Julie 1803 is besluit om 100 rds op elke slaaf te hef wat die kolonie binne kom in gevalle van stranding van skepe of "andersints het versoek tot landing van slaven aan Gouverneur en Raaden suspect zoude mogen voorkomen." ^{780.} Hierdie regulasies is blykbaar bereken om die smokkelhandel in slawe stop te sit.

Versoeke is tot die regering gerig om slawe in te voer. 'n Sekere Mnr. R. Beck het op die voordele gewys wat aan die koop van 400 Mosambiekse slawe verbonde is. ^{781.} Die regering sal baat vind by die invoerregte en ook sal die koloniste daardeur bevoordeel word deur slawe te koop; "die zy thons verpligt zyn door de schaarsheid van derzelven voor Enorme pryse te moeten in koopen." en dit sal die boere in staat stel om hul landerye uit te brei. Hierdie versoek is aan hom op die 23 November ^{4?} ^{782.} 1803 toegestaan.

766. W.S.v. Ryneveld: Z.A. Tydschrift, 1831, p. 200-204.

767. W.S. van Ryneveld: " " " p. 202.

768. B.R. 2, p. 284, April 1803; B.R. 2, p. 264, 927; B.R. 3, p. 1237-1280, 1346, 1582 Julie 1803; B.R. 4, p. 2293-2296, 16 Nov. 1803.

769. B.R. 11, p. 792; B.R. 5, p. 34; B.R. 9, p. 4110-4111, 19 Des. 1804.

B.R. 11, p. 996, 20 Maart 1805; B.R. 5, p. 34, 4 Jan. 1804.

780. B.R. 3, p. 1264, 18 Julie 1803. ^{781.} F. ... , ... , ...

782. B.R. 4, p. 2411, 23 Nov. 1804; G. Mc Theal: Bel. Hist. Dok. 111, p. 298.

781 BR 4 p. 2408 NOV 1804

Raadslid Polanen stem saam met N. J. Verburgh dat 'n aanhoudende invoer van slawe onontbeerlik is as die landbou vordering moet maak. Een van die instruksies van die Raad van Politie was: "om te ondersoeken, of het behoudens het bestaan en welvaaren der Colonie, mogelyk zy, het gebruik van slaven, geheel of gedeeltelyk, en dan hy langzaame uitsterwing; of door andere voorzigtige en wel berekende middelen te kunnen missen en hunne dienst door vrye persoonen, 't zy 's lands inboorlingen of van buiten inkomende werklieden te doen vervangen, zo min mogelyk tot schade der tegenwoordige meesters" Polanen se inteenstelling van die moeilike probleem was as volg: (1) deur langsame uitsterwing en die invoer van werksliede kon die slawe wel gemis word mits "datze plaats verganging ook werkelyk moet voorbereid, aangevangen, en verreekend zyn, alvorens men, door een verbod van verderen invoer, een aanvang zal maken met de slaven te doen uitsterven." (2) die slawe maak 'n belangrike skakel in die huishoudelike staat van die kolonie uit (3) die invoer van werksliede sal nie kan plaasvind voor die einde van die huidige oorlog nie; (Die Bataafse Republiek was saam met Frankryk in 'n oorlog gewikkel) en baie jare mag verby gaan voordat die werksliede ingevoer kon word; aangesien die graan - en wynboere van slawe-arbeid afhanklik is en daar dus nie die moontlikheid bestaan om werksliede uit Europa te kry nie, sal 'n verbod op die invoer van slawe 'n noodlottige slag vir die landbou wees; en gevolglik sal daar 'n skaarsheid aan die noodsaaklike behoeftes ontstaan want baie blankes beskou hande-arbeid as 'n skande en sal nie meer graan as wat vir hul eie gebruik nodig is, saai nie; dit moet aan die prudensie en diskressie van die regering oorgelaat word om te besluit om slawe in te voer solank as wat die huidige toestande voortduur.

De Mist het egter by sy beleid gebly nieteenstaande dat hy van die goewerneur en die raad verskil het.

783. B.R.7, p.1574, Mei 1804.

784. B.R.7, p.1569; 9 Mei 1804.

785. B.R.7, p.1573.

786. B.R.7, p.1575.

787. B.R.7, p.1577-1578.

788. B.R.92, p.61, 6 Junie 1804.

die langsame afskaffing van slawerny. Janssens het wel met De Mist verskil in die opsig dat hy noodsaaklike slawe-arbeid ingevoer het.

Die regering is aangepor om slawe in te voer maar dit moenie deur die vreemde skepe geskied nie. Die rede hiervoor is dat "vreemden brengen die slaven aan, en trekken er dus die enorme voordeelen van, daar anderszins, de winst in den boesem der Kolonie zou berusten." Die hoofsaak is egter om die kolonie van die nodige slawe te voorsien.

791

Die Gemeenteraad was ook ten gunste van die slawe-invoer; (1) "dat dewyl men in deeze Colonie, zig nog niet van de slaven kan ontdoen, den invoer van baarsche slaven inmiddels een noodzakelyk kwaad zal moeten blyven; (2) omtrent die wyse waarop slawe vir baie jare al ingevoer word kan nie gesê word "voor het algemeen welzyn der ingezetenen onverschillig te zyn." (3) die slawe moet goedkoper aan die koloniste verkoop word en die invoer van slawe deur vreemde skepe moet verbied word "en het invoeren als een privilegie aan de gesamentlyke in - en opgesetenen dezer Colonie te gunnen." (4) 'n "Societeit" van slawehandel moet opgerig word "in welke alle ingezeeten en dezer Colonie, zullen mogen participeeren en inschryven, voor niet meer als 2,000 rds en niet minder als 200 rds per hoofd, dat aan zodaanige Societeit zoude behooren te worden gepermitteerd om te mogen invoeren, of van het Gouvernement tegen betaaling bekoome, snaphaawen en buschkruid, als welke nevens Brandewyn, specie, staal, yster en grove lywaaten, voor den slavenhandel geschikte articulen zyn"

792.

Hierop het die antwoord van die goewerneur, Janssens, gevolg: (1) alle invoer van slawe is nadelig omdat daar geld uit die kolonie gevoer word en die handelsbalans is reeds nadelig. (2) Slawe as "luukse artikels" (waarvan daar baie is) is "een zeer groot kwaad" en dit is te wense dat meer "huislyke beesigheeden" deur vrye mense self gedoen moet word; (3) die totale invoer kan nog nie belet word nie - die landbouers in

789. Z.A.Tydschrift, 1831, p.204.

790. W.S.van Ryneveld: Z.A.Tydschrift 1831, p.205 (Beskouwing over de Veeteelt, landbou, handel en Finantien, van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop.)

791. B.R.11, p.991-993, 12 Feb.1805: Sien ook D.G.van Reenen se Joernaal p.287.

792. B.R.11, p.994-9972 20 Maart 1805.

besonder sal ly as daar nie vrye werksliede is om die plek van die slawe in te neem nie, maar dit sal mettertyd geskied. (4) dit lyk asof hy akkoord gaan met die plan van die Gemeenteraad want hy belowe, dat sodra dit meer veilig vir die Hollandse vlag is hy met die toestemming van die regering sal toelaat dat die partikuliere of die regering self die slawe kan gaan haal - dan ook alleen as die slawe vereis word.^{793.}

Die plan het maar net by 'n belofte gebly en De Mist het ook reeds die kolonie verlaat.^{794.} In November 1805 het die regering besluit: "dat omstandigheden dezer Volkplanting thans nog niet gedoogen dat de invoer van slaven in dezelve geheel worde verbode"^{795.}

As dit nodig is moet slawe ingevoer word maar dan moet dit gepaard gaan met die uitvoer van produkte "en dus een activen handel aan die ingezetenen kan verschaffen"^{796.}

Die algemene voorwaarde waaronder slawe aan die Kaap verkoop word was as volg:^{797.}

(1) in die openbaar aan die hoogste bieder

(2) 10 dae voor die verkoping plaasvind moet dit bekend

gemaak word "en zo veel doenlyk in die Buiten Dis-

tricten" (d.w.s. daar was 'n werklike tekort aan slawe vir die landbouers.)^{798.}

Die tekort aan arbeidskragte het maar voortgeduur, en die prys van slawe het maar hoog gebly byv., in 1805 het 'n slaaf van Mosambiek 400 tot 600 rds gekos.^{799.}

As ons nou die slawe-invoer van albei regerings vergelyk sal ons tot die konklusie kom dat daar geen verskil in beleid van die twee regerings was nie. Die Britse regering wou ook probeer om slawe-invoer te halt maar die praktiese feite het te swaar teen die teoretiese beskouing opgeweeg. Die Bataafse regering het die beleid van hul Britse voorgangers

793. Sien ook B.R.14, p.3538, 13 Nov.1805.

794. B.R.11, p.995-996, 20 Maart 1805.

795. B.R.14, p.3655, 27 Nov.1805.

796. B.R.14, p.3656, 27 Nov.1805; B.R.9, p.3655-3656, 14 Nov.1804.

797. B.R.14, p.3538, 13 Nov.1805.

798. B.R.13, p.3142, 2 Okt.1805; B.R.13, p.3262, 16 Okt.1805.

799. B.R.143, 12 Sept.1805.

voortgesit en weereens moes hul die naakte werklikheid in die gesig staar en hul goeie voornemens laat vaar.^{800.} In die begin van 1805 was daar reeds 29,445 slawe aan die Kaap, d.w.s. tussen 1795 en 1805 is 12,606 slawe ingevoer.^{801.} Slawe-invoer was noodsaaklik want die hele ekonomiese stelsel van die Kolonie destyds was op die slawe-arbeid gebaseer en dit was eers 30 jaar later dat slawerny aan die Kaap afgeskaf is.

800. Sien B.R.2, p.284,927; B.R.3, p.1237-1240,1860,1861; B.R.4, p.2293-2296; B.R.5, p.158; B.R.6, p.989; B.R.7, p.1913.

801. J.P.v.d. Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.281. Ons kan aanneem dat die 12,606 slawe ingevoer is want die natuurlike vermeerdering was gering.

DIE HANDEL MET INBOORLINGE.A. Handel met Inboorlinge:(1) Hottentotte en ander stamme.

Reeds in 1652 toe Jan van Riebeeck hier geland het hy gekla dat die veeruil met die Kaapse Hottentotte onbevredigend is om die nedersetters en aankomende skepe van vars vleis te voorsien. Die eerste veeruil ekspedisie wat vrugte opgewerp het is in 1657 onderneem en het 524 pond plaat - en koperdraad, 48 lb. tabak en 'n klomp tabakpype saamgeneem en het 10 beeste en 41 skape teruggebring. Hierdie ekspedisie is deur verskeie ander ekspedisies herhaal. Deur middel van hierdie ekspedisies het die koloniste in direkte aanraking met die verskillende Hottentotstamme gekom en so ver moontlik veeruil aangemoedig en op 'n vriendskaplike voet met hulle probeer bly. Die ruilvoet waarvolgens die ruilhandel voortgesit is het 'n groot verskeidenheid bevat. Behalwe die tabak en koperdraad was krale ook een van die veelgesogte artikels.

Aan die begin van die 18de eeu is die veeruil met inboorlinge weer vir die koloniste oopgestel maar reeds voor 1700 het party burgers 'n voordelige handel met die inboorlinge gedryf. Hierdie vry ruilhandel het nie lank geduur nie want toe 'n ekspedisie in 1723 vee van die inboorlinge met geweld afneem is vertoë tot die Here XVII gerig en op 9 April 1727 het 'n plakkaat ruilhandel verbied. Hierdie verbod op veeruil het nog steeds bestaan toe die Engelse in 1795 die Kaap oorneem.

Hierdie ruilhandel met die Hottentotte kon net van groot betekenis onder die bewind van die Kompanjie gewees het en wel om die volgende rede:- die veeruil het die Hottentotte in aanraking met die gebruik van tabak en drank gebring terwyl siektes ook onder hulle begin uitbreek het. Die eerste ernstige epidemies het in 1687 uitgebreek en die sterfesyfer van die Hottentotte en hul vee was geweldig hoog met die gevolg

dat hul stamlewe totaal verbrekkel het. Pekkies en onderlinge twiste oor grond het dié verbrekkelings - proses verhaas terwyl die paar wat oorgebly het, by ander stamme in die binneland aangesluit of na die stedelike gebiede of na plase getrek het. Ons kan dus met sekerheid konkludeer dat ruilhandel met die Hottentotte feitlik of geheel tot 'n end aan die begin van die 18de eeu gekom het.

802.

Die beleid omstreeks 1795 kon as volg saamgevat word: (1) geen Hottentot was toegelaat om perde aan te hou nie en boere mag ook nie aan hulle verkoop nie, maar die regulasie was baie oortree. (2) as 'n Christen met die Hottentotte wil handel dryf moes hy 'n lisensie van die regering kry "for which he paid handsomely." (3) die offisiere en staatsamptenare wou hierdie handel vir hulle self eien en het groot profyte daaruit gemaak: "A piece of cloth, some tobacco, old iron, or toys of no intrinsic value, purchased large numbers of cattle." (4) die regering 803. stuur gewoonlik een van sy agente een of twee keer per jaar die binneland in om handel met die Hottentotte te gaan dryf, "and some thousand head of cattle were annually brought to the Cape town for Government to dispose of them as they thought fit." (5) die Hottentotte het ook wilde beeste gebring om te ruil asook volstruisvere, olifantstande, velle en olie: wanneer hulle ontsnapte slawe en weglopers bring kry hulle tabak, alkohol en ysters.

Sommige koloniste het tog die plakkaat ontduik en die onwettige veeruul 'n bron van inkomste gevind. Op die 31 Desember 1796 is instruksies aan MaCortney gegee waarvolgens hy o.a. verslag moet lewer oor die wenslikheid om - buiteposte op te rig vir die bevordering van die handel met die kaffers, hottentotte en Boesmans. 804.

Op die 2de Oktober 1798 het Ma Cortney die sluikhandel verbied en swaar boetes opgelê maar dit het nie veel gehelp nie. In Julie 1801

802. Robert Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.315.

Sien ook Sparman: A voyage to the Cape, p.238-239.

803. R. Percival: An account of the Cape of Good Hope, p.315.

804. Rec.Vol.11, p.14-15, 101,110,113.

bekragtig Dundōs die proklamasie van **MacCartney** en swaar boetes is op
805.
egene gelê wat sonder lisensie handel dryf.

Om 'n duidelike prentjie van die ruilhandel met die inboorlinge te
kry kan ons kortliks die wedervaringe van die ekspedisie van 1801 na-
806.
gaan. Omdat Graaff-Reinet feitlik verwoes was en aangesien daar baie
807.
vee gedurende die lang droogte gevrek het en in besonder trekosse het
Luit. Dundōs die Koring kommissie opdrag gegee om hul aandag ook hieraan
te gee. Om die koringboere te help en ook om slagvee te bekom, het die
Kommissie besluit dat die enigste uitweg 'n ruilhandel ekspedisie na die
808.
binneland nodig is.

"The people from whom the former Government were most in the habit of
supplying the Colony in times of scarcity were the Kaffers on the east
side, and the Namaquas on the Norht." Wat die kaffers betref is dit nie
noodsaam om op die oomblik met hulle handel te dryf nie; en aangaande die
809.

Namakwas, "being reduced by the neighbouring Bosjesmans and by a former
trade with the Colony to a very few herdes," is dit ook nie raadsaam om
na hulle te gaan nie "as the consequences would lead to their becoming
Bosjesmans or Marauders either upon the Colonists or upon the neigh-
810.

bouring Tribes or natives." Die gebied tussen die Kaffers en die
Namakwas was dus die enigste deel wat besoek moet word. Deur middel van
'n sekere Mnr. Floris Visscher in die Middel Roggeveld is inligting
811.

verstrek dat die Korannas en ander stamme langs die Oranje Rivier woon;
naby die Korannas was die basters "who were in the constant practice of
frequenting and trading with a populous nation called the Bericquas,
812.

situated about ten day's journey beyond the said Orange River." Hierdie
Bericquas het baie vee besit en was lief om vir die volgende te ruil;
groot gekleurde krale, dik koper draad vir armbande, growwe gekleurde
sakdoeke, tonteldose en staalware, messe, tabak, klein verkykers, oor-
ringetjies, geel knope, tabakdose, klein stukke staafyster van 9 duim lank,

805. Rec.Vol.IV, p.43.

806. G.Mc Theal: Hist. of South Africa, p.87-91; Rec.Vol.IV, p.198-205.

807. Rec.Vol.IV, p.195. (Vas het gerapporteer dat die volgende verliese
deur 223 boere gely is: 2859 trekosse; 1434 beeste; 2614 perde en
14,386 skape.

808. Rec.IV, p.199.

809. B.A.Liebenberg: Vroeë pogings om die Hottentotte op te voed, p.22.
Barrow: Travels Vol.1, p.348.

810. Rec.IV, p.199.

811. Teen 1800 het hulle die uitgestrekte gebied van Keysdrif tot by die
oosgrens van die Kalaharie, Noord van die Kurumansrivier bewoon.

812. Rec.IV, p.199.

813.

vegbyle. Die here P.J.Truter, W.Somerville en A.von Vieling is die taak opgelê om na die Bericquas te gaan "in order to open a trade with that nation by a way of barter, offering in exchange such articles as they shall carry thither and be sought after by that people for cattle." 814.

Daar mag geen private transaksies met die Bericquas aangegaan word nie maar alles moet op rekening van die Kommissie gekoop word. As die kommissie Basters, Hottentotte en ander stamme teë kom kon ook met hulle ruilhandel gedryf word "but care must always be had not to distress them by taking away more than they can spare without injury to themselves." 815.

Tot dusver het die koloniste maar 'n vae begrip van die mense wat as die Betshuannas bekend staan, gehad. Ongetwyfeld was die suidelike Betshuanastamme dikwels deur blanke handelaars en jagters besoek maar hierdie ekspedisie wat nou op tog gaan was die eerste wat vir ons betroubare informasie omtrent die mense Noord van die Oranje en Oos van die Kalaharie gegee het. 816.

Die karavaan het Kaapstad op die 1ste Oktober 1801 verlaat, deur Roodezand, Hexrivierkloof oor die Bokkeveld en Roggenveld en op die 19de die noordelike grens van die kolonie bereik; maar dit was nie voordat hulle die Kurumansrivier bereik het dat hulle die eerste krale teëgekom het nie. Die ekspedisie het 'n paar beeste van die Barolong en Batlop- in stamme geruil. 817.

Hulle het krale verwelkom maar nie die messe nie aangesien die messe van die blankes net eenkant kon sny. Op die 2de Desember het hulle 105 lb krale (wit, swart, groen, rooi en geel) vir 35 beeste (33 osse, 1 bul, 1 koei) van die Betshuannas geruil; op 'n ander geleentheid het hulle 12 osse, 4 koeie en 3 kalwers van die Korannas en Basters geruil vir 12 tonteldose, 71 messe, 30 groot sak- messe, 61 sakdoeke, 1 hoed en 170 lb tabak. (Ek wonder wat die baar 818.

813. Rec.Vol.IV, p.200.

814. Rec.Vol.IV, p.203; Barrow: Travels Vol.1, p.348.

815. Rec.Vol.IV, p.204.

816. "Under the name of Beetjvana, Siktjuana or Muktjuana, are to be included all the tribes that inhabit the country which extends from the river Kuruhman, as its most Southern boundary, 30-40 days journey northwards; several tribes inhabiting this latitude, extend quite to the eastern coast of Africa: Lichtenstein: Travels 11, p.407.

817. Rec.Vol.IV, p.382.

818. G.Mc Theal: History of South Africa.

inboorlinge met die sakdoeke gemaak het.) Aangesien die suiker van die ekspedisie klaar geraak het, het hulle met Boesmans ooreengekom om 'n knapsak van die beste wit heuning te ruil vir 6 messe, $\frac{1}{2}$ lb tabak, en 'n paar bokke te bring. Die hele ekspedisie het 50 skape en 212 beeste na die hoofstad teruggebring.

Lichtenstein in sy reisbeskrywings gee ons 'n lewendige voorstelling van die ruilhandel met die Betshuannas. Hulle was besonder gretig om hul ornamente vir tabak te verruil. ^{819.} Sommige het na hul hutte gehardloop

om assegaaië, lepels, messe en huismeubels te gaan haal en dit vir tabak te ruil "It was soon obvious that they had no idea of the ordinary usages of barter, for when they had agreed for so much tobacco for a ring, they were afterwards not satisfied and wanted more, which, if granted, more ^{820.} still was required.

Sommige het weer met die artikels weggeloop en Mong (die verkoper) was verplig om sy geld (tabak) styf vas te hou tot dat die ringe ens., gegee word. "A general spirit of trade was now so much roused, that while this commerce in trifles was carried on in the waggon, some of our colonists commenced a traffic for cattle, which they could not, however, obtain but at very high prices; the owners would not ^{821.} part with them for tobacco."

Inteendeel, hulle wou ysterstawe, spykers, sy, linnegoed en Europese klere hê. Toe hulle 'n saag sien het hulle hoë, "pryse" daarvoor aangebied want Kok het hulle die nut daarvan geleer.

Naas die beeste het hulle groter stukke klere groot waarde gehad en dit was met moeite dat Lichtenstein 'n mantel vir 2 beeste kon ruil.

Twaalf tot sestien pond olifantstande kon vir 'n rol tabak verkry word.

Een het selfs 2 kinders gebring om vir 'n skaap elk te verruil; hy sê dat hulle sy slawe is wat hy in 'n oorlog met die stam van Chojao gevang ^{822.} het.

Maar Lichtenstein het die aanbod beslis van die handgewys.

"Probably the slave trade owed its origin in the first instance as much

819. Lichtenstein: Travels Vol.2, p.338.

820. Lichtenstein: Travels Vol.11, p.388.

821. " " " "

822. " " " p.397.

to the hard situation of those who traded in the slaves, as to the cupidity of the European purchasers, and I do not hesitate to assert that a very accurate knowledge of the institutions of the people in the interior of Southern Africa is requisite before the question can be decided whether the sudden abolition of this traffic is desirable even for the poor slaves themselves", aldus Lichtenstein.
823.

Die handel het op 'n eerlike manier geskied en niks besonders is van die geselskap gesteel nie - behalwe 'n vrou wat vir Lichtenstein met 'n ring gekul het: sy het tweekeer dieselfde ring tevoorskyn gebring en albei kere betaling in tabak gekry/

Die smokkelhandel met die inboorlingstamme het nie agterweë gebly nie. In 'n brief wat onderskep was, het dit duidelik geword dat die sendelinge afgesante in Batavia en in Europese nedersettings gehad het. Die brief was gerig aan 'n sekere Mnr Schoonberg "Treasurer and Director of the Society in South Africa for promoting the Kingdom of God." In die kolonie het hulle getrag om grond vir die Hottentotte te kry en dan van die Hottentotarbeid gebruik om die produkte vir hul eie sak te vul; een van die sendelinge was 'n hoefsmid wat messe van 'n swak gehalte gemaak het en dit dan teen duur pryse van die hand gesit. Hulle het selfs 'n besending ysterware en ander goed uit Engeland ingevoer onder die skyn dat dit as presente vir die Hottentotte bedoel is; maar die Hottentotte weet daarvan so min soos 'n kat^{van} safraan. "They have a very great commercial investment sent out in the Royal Admiral to Botony Bay, ... and from thence they propse trading to Otaheite, to India, China Etc.,...." 824. Lichtenstein het ook hierdie bewering oor die sluikhandel bevestig. Die sending institute aan die oorkant van die Oranjerivier "carry on a sort of contraband trade for powder and fire-arms with some of the citizens at the Cape Town, who have cattle-places on the borders of the Colony.

823. Lichtenstein: Travels Vol.11, p.397.

824. Rec.Vol.111, p.338-339.

giving in exchange for them horned cattle, elephant's teeth, ostrich feathers, and the hides of animals. In this traffic the disadvantage is so much on their side, that they cannot obtain a musket of even a middling quality for less than five or six oxen, or a hundred weight of ivory." ^{825.}

Sommige Baster - Hottentotte het self na die Kaap gekom om wapens en ammunisie te koop "but experience has taught them that it is better to give the higher price, and be spared the fatigue and expense of the journey." ^{826.} Soos die olifante skaarser geword het en ivoor byna nie meer verkrygbaar was nie het hierdie handel ook begin af neem.

Wat die ruilhandel met Hottentotstamme betref kan ons dus die gevolgtrekking maak dat hulle baie min deur ge-organiseerde ekspedisies van regeringsweë besoek is met die doel om te ruilhandel; dat koloniste wat op die grense van die kolonie gewoon het 'n aansienlike mate van smokkelhandel met die stamme gedryf het wat vir die Europese artikels ten duurste moes betaal; en dat hierdie ruilhandel uitsluitlik met verafgeleë stamme byv. by die Oranjerivier gedryf is want Hottentotstamme in die nabyheid van Kaapstad het nie meer bestaan nie.

B. Handel met die Kaffers:

Die Kompanjie het verskeie plakkate uitgevaardig om handel te verbied maar daar was geen administratiewe krag om die verbod effektief te maak nie. ^{827.} Reeds voordat die veeboere die Visrivier in 1776 bereik het was daar al sporadiese kontakte met die kaffers en by hierdie geleentheid is geruilhandel. Reeds op die 7 Januarie 1787 wys die regering op die gevaarlike gevolge wat private ruilhandel kan inhou. ^{828.} Op die 26 Mei 1787 ^{829.} is beveel dat die ruilhandel vir die regering moet voortgaan; maar die kaffers het gemoor en geplunder waar hulle die geleentheid kon kry en ^{830.} al verder in die kolonie ingedring.

In 1795 toe die bewind van die Kompanjie aan 'n einde gekom het het

825. Lichtenstein: Travels Vol.11, p.325.

826. " " " p.326.

827. W.M. Mac Millan: Bantu, Boer and Briton, p.26.

828. D.Moodie: Documents relating to the Kafir Tribes:1768-1864, p.9.

829. " " " " " " " " p.9.

830. " " " " " " " " p.16,17,18.

sy beleid van ekonomiese segregasie begin, in duie stort. Wat vir ons van belang is, is dat die Kompanjie gehoop het om kommersiële segregasie af te dwing deur handel met die kaffers te verbied. Die kruks van die saak is dat albei groepe verlang het om met mekaar handel te dryf; die Bantoe wil metaal implemente en tabak in ruil vir beeste en ivoor hê.

Op die 14de April 1796 skryf Craig aan die koloniale sekretaris oor die beleid om 'n goeie verstandhouding met die kaffers te bewaar. Die kaffers begin egter met hul vee die kolonie binne trek en ons kan verwag dat daar moeilikheid oor weivelde sal kom en dat die koloniste spoedig vee van die kaffers sal ruil.

Op die 31 Desember 1796 is instruksies aan MacCartney gegee betreffende die handel met die kaffers: "you are to enquire and report whether it may be necessary to erect any new forts or posts in any interior parts of the said settlement, either for the protection and security of our subjects against the Caffres and Hottentots, or other savage tribes, or for establishing or carrying on a Commerce with them; and you are to use your best endeavours to conciliate their affections and to induce them to trade with our subjects and also the best accounts you can obtain of the nature and extent of the trade that is, or may be, carried on with them, and how the same way, in your opinion, be extended and improved."

In 1787 is die Visrivier as die Oostelike grens van die kolonie geproklameer en MacCartney het die segregasie beleid van die Kompanjie voortgesit toe hy op die 24ste Junie 1797 aankondig dat kaffers nie oor die grens mag kom nie en die wat reeds in diens van die blankes is ontslaan moet word - die koloniste is ook verbied om oor die Visrivier te gaan. Op die 2de Oktober 1798 is 'n proklamasie gepromulgeer wat persone verbied om sonder lisensie beeste/gaan ruil; swaar straf is

831. Moodie: Documents, p.24.

832. Moodie: " p.27, 20 Feb.1797.

833. Rec.Vol.11, p.14-15.

834. Rec.Vol.11, p.98.

835. Moodie: Documents, p.27,28, 24 Junie 1797.

opgeleë as beeste nie teen redelike pryse verkoop word nie want dan moet die regering dit oorweeg om self met die kaffers te ruilhandel.^{836.}

Maar MaCartney se segregasie beleid was nie effektief nie. In 1799 het 'n oorlog uitgebreek en in 1802 was die Bantoes stewig in die Suurveld gevestig en het selfs tot by Mosselbaai deurgedring.

In Februarie 1800 skryf Dundas aan Yonge: "as all the contests and disputes which have taken place between the Caffres and the people of the Colony have originated in an illicit trade for cattle carried on under circumstance of much injustice on the part of the Boors it will be necessary for Government to enforce the laws."^{837.} Maynier is toe aangestel om 'n plan te ontwerp waarvolgens die hele handel met die kaffers deur die regering se agente gedoen kan word. "A species of traffic having been lately introduced into the interior of the country, with regard to the exchanging cattle for commodities, instead of purchasing with money at a fixed rate;"^{838.} hierdie praktyk is winsgewend dog baie skadelik vir die kontrakteurs wat die garrisoen van vleis moet voorsien. Gevolglik het Dundas MaCartney se proklamasie van die 2de Oktober 1798 bekragtig en die persoon wat sonder lisensie beeste ruil moes 3,000 rds boete betaal benewens die konfiskasie van die vee.

Die koringkommissie het gevind dat die onwettige handel met die kaffers nie 'n goeie uitwerking sal hê nie.^{839.} Die vorige regering het gewoonlik hul vleis tekort deur handel met die Bantoes in die Ooste en die Nawakwas in die Noorde aangesuiwer. Volgens die Kommissie sou dit nie wenslik wees om hierdie handel voort te sit nie; "the latter being reduced by the neighbouring Bosjesmans and by a former trade with the Colony to a very few herds, and these not possessed of abundance of cattle, Policy required that this nation ought not to be tempted to part with their remaining stock"; toestande was nie daarna dat met

836. Moodie: Documents, p.29, 2 Okt.1798.

837. Rec.Vol.111, p.55, 20 Feb.1800.

838. Rec.Vol.IV, p.43.

839. Rec.Vol.IV, p.199.

die kaffers handel gedryf kan word nie.

Een van die klagtes teen Maynier was: "Peculations in various instances but principally in obtaining cattle from the Caffres and Hottentots for heads and other trifling articles inadequate to their value, and selling the same to the commissary for the troops. In selling cattle as his own property to the Commissary at the exorbitant rate of 18 rindollars each, some of which were afterwards claimed by Hottentots, for one of these cattle however it would appear he gave the owner 10 rixdollars after 840. having received 18 for the same from the commissary".

Maynier beweer dat hy altyd die boere aangemoedig het om die diewe (kaffers) te skiet as hulle vee steel dog hy wou dit nie toelaat dat die boerekommandos die krale verwoes nie; as die boere dit doen sal hy nie verbaas wees as die kaffers die hele omliggende distrikte onder ruïn lê nie. 841.

Die houding van die Britse regering was een van vrede maak en segregasie maar dit was nie 'n effektiewe beleid nie. Die Engelse het die Kaap as 'n tydelike besitting beskou en was in 'n oorlog met Frankryk gewikkel en het dus nie die inklinasie en middele gehad om 'n beter beleid te volg nie.

De Mist was somer baie onder die invloed van Barrow want hy skryf dat dit die boere is wat die vee van die kaffers steel. 842. As die grensboere hulle ook op die akkerbou wil toelê sal hulle nie so baie geneig wees om die vee te steel nie maar dan sal daar 'n wederkerige handel met die kaffers ontstaan. Hy sien geen kwaad daarin as die kaffers die gebruik van messe, skêre, naalde, spelde, hamers, spykers, gare, linte, pype, tabak en vroulike sierade geleer word nie. "De Caffers kunnen by wyze van ruiling, leeren handelen in olyphants-tanden, en Peltereien, en zo doende zou men nut kunnen trekken, van eene natie, die men nie moet vreezen, om dat men ze verbittert heeft." 843. Solank as wat die grensboere

840. Rec.Vol.IV, p.302, 311-312, 317.

841. Rec.Vol.IV, p.327.

842. De Mist: Memorandum, p.104.

843. De Mist: " p.104.

hulle net op veeboerdery gaan toelê moet die veehandel met die kaffers oorkant die Visrivier belet word: Omrede dat wanneer die boer 'n bees van die kaffer met 'n mes of 'n skêr afrokkel sal dit "een slegt denkbeeld doen vormen van der christen goede trouw."^{844.}

Janssens het op die 22 Mei 1803 die kaffers ontmoet en met hulle onderhandel. Die 26ste artikel van die onderhandeling het as volg gelui: "Never will a private person be allowed to barter with the Kaffirs or have any intercourse with them."^{845.} Volgens 'n ander artikel sal die regering jaarliks die nodige artikels aan hulle verkoop. In 1804 het die goewerneur dan ook "Smuijsterijen voor Kaffers en wilden" uit Nederland bestel; koperdraad, Flutes ou bec en massa, vuurslagen, tondeldoozen, gladde knopen met oogen, porceleine Pijpen met houte voeren, tabak, kraalen, fyne kleine liefst rood en wit, idem gevlamde; Boslemmer messen met scheeden; groot staale poknaalde, Boekpiegeltjës, gemeene scheermessen, geruite roode en geele doeken om op het hoofd te dragen en rood kopere platen."^{846.}

Netsoos Janssens het De Mist ook die kaffers by die Oosgrens besoek maar ook nie daarin geslaag om die opperhoofde te ontmoet nie omdat die onderlinge Rarabe-oorlog hulle aandag in beslag geneem het.^{848.} Die Bataafse autoriteite het dus ook die beleid van die Engelse voort gesit.

Die boere het gewoonlik tabak, messe, krale, vuurklippe, staalvoorwerpe en tonteldose geruil vir beeste; "These are the soort of artikles which the Dutch farmers have been in the habit of exchanging for their valuable breed of cattle."^{849.} Die kaffers en Hottentotte maak gebruik van strikke om olifante te vang vir die ivoor, maar baie mine word op hierdie manier gekry.^{850.} Hulle het nietemin groot hoeveelhede vir die ruilhandel gehad.^{851.} Die bantoes was soms so gretig om die

844. De Mist: Memorandum, p. 104.

845. D.G.van Reenen se Joernaal, p.109,187.

846. D.G.van Reenen se Joernaal, p.111.

847. J.p.v.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.325.

848. S.F.N.Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika (Deel 11) p.108,109.

849. Barrow: Travels Vol.1, p.126. Bouchenrader: Reize, p.21.

850. Sparman: Voyages to the Cape of Good Hope, p.336.

851. " " " " " " " " p.338,350.

852. ysterware te bekom dat hulle die ruilhandelaars vermoor het - hierdie handelaars het in die gebied van die kaffers en die Tamboekies gegaan om olifantstande te ruil.

Die kafferstamme het ook ondermekaar handel gedryf: "The trade which the Koosas keep up with the other Cafre tribes is very insignificant: the tribes of Beetjuan are in this respect much before them, since they carry on a far brisker trade, and draw from it many objects contributing to the comforts of life." 853. Die kaffers ruil gewoonlik jong meide van die Tamboekies vir beeste: "Besides the illicit trade that Dutch farmers have carried on with this people, consisting of pieces of copper, iron, glass-beads, and a few other trifling articles, given to them in exchange for their cattle, the Kaffers have no kind of Commerce with any other nation except their eastern neighbours the Tamboekies." 854. 855.

Die enigste metale wat aan die kaffers bekend was, was yster en koper en die enigste ruilmiddel en handelsartikel was beeste.

Die beleid het dus onverandered gebly. Die segregasie politiek was deur al drie regerings voortgestaan; die toestemming van die regering moes eers verkry word alvorens met die kaffers geruilhandel kon word, maar hierdie maatreël is eenvoudig veronagsaam.

C. Boesmans:

Van die ruilhandel met die Boesmans was daar geen sprake nie. Om hulle aan te help het die boere skape aan hulle gegee; dog dit is gou van kant gemaak en dan kom hulle weer bedel. Aan hulle is ook tabak, brandewyn, krale en knope en ander nietighede gegee om die vrede te bewaar. 856.

-
852. Thunberg's Travels Vol.11, p.94.
 853. Lichtenstein: Travels Vol.1, p.369.
 854. Barrow: Travels Vol.1, p.159.
 855. Barrow: Travels Vol.1, p.163.
 856. Lichtenstein: Travels Vol.1, p.147: Sien ook Rec.Vol.1, p.484; Rec.Vol.IV, p.92,199,327,365; B.O.65, p.106-113. Moodie: Doc.p.31; Rec.Vol.11, p.21,89,99,423,438; Rec.Vol.111, p.122,369; G.Mc Theal: Bel.Hist.Dok.Vol.111, p.394.

GELD; LEENINGSBANK; INVLOED VAN GELD OPDIE HANDEL.A. Kort oorsig van die Finansiële beleid.

857.

(1) Onder die Bestuur van die Kompanjie.

Tot 1782 was daar net muntstukke in omloop in die Kolonie; die riksdaler se waarde in terme van sterling was 4/-

As gevolg van Holland se deelname aan die Amerikaanse oorlog kon klinkende munt nie uit die Moederland verkry word nie en goewerneur Van Plettenberg was genoodsaak om 47,696 rds 24 st. op die 31 Mei 1782 sonder skuriteit uit te gee. Die klinkende munt is uitgevoer deur die koloniste en vreemde skepe wat aan die Kaap koop en verkoop; die geld het dus byna uitsluitlik uit oninwisselbare papiergeld bestaan.

Beloftes is gemaak dat die papiergeld vir spesie ingewissel sal word sodra die voorrade verkry kon word en dit was ook gedeeltelik in 1787, 1788 en 1789 vervul toe 825,904 rds gekanselleer is in ruil vir munt en wissels getrek op Holland. In 1789 was die klein bedrag van 99,315 rds 10 st. nog in sirkulasie.

Dit is ook te verwag dat die regering in die toekoms as daar 'n tekort aan fondse is weer papiergeld sal uitgee. Hierdie vermeerdering van die voorraad geld het sy waarde laat depresieer alhoewel die mate van depresiasie onseker is.

Van tyd tot tyd is addisionele bedrae in omloop gebring totdat Nederburgh en Frykenius die Lombard Bank in 1793 gestig het en beveel het dat die totale bedrag papiergeld nie meer as een miljoen riksdalers mag wees nie. Nieteenstaande hierdie bevel is nog uitgifte in 1795 gedoen en by die oorgawe van die kolonie het die totale bedrag papiergeld 1,291,276 rds 42 st. bedrae.

(2) Britse Bewind.

857. Rec.Vol.VII, p.177-179: Sien ook Prof. R. Leslie: Paper money and the Gold Exchange Standard at the Cape (S.A. association for the advancement of Science p.157-161.)

By die oorgawe van die Kaap in 1795 is ooreengekom om die papiergeld teen sy huidige waarde oor te neem om totale ruine van die koloniste te voorkom.⁸⁵⁸ Die siendom van die Kompanjie moes as sekuriteit dien deur hierdie stap was daar nou vir die eerste keer 'n spesifieke sekuriteit vir die papiergeld gegee.

Die aankoms van die Engelse aan die Kaap het 'n belangrike uitwerking op die waarde van die papiergeld gehad. Die aanvraag vir lokale produkte het gestyg en 'n jaar na hul aankoms was die prys van vleis twee en 'n half maal so hoog as wat dit onder die Kompanjie was.

Later is opdrag gegee om betalings so ver moontlik in papiergeld te maak wat dan deur die Betaalmeester-generaal gekoop is vir wissels op London teen 'n premie van 25%. Elkeen van die metodes sal 'n prysstyging of 'n depressie van geld relatief tot handelsartikels tot gevolg hê.⁸⁵⁹ Die premie het gedaal van 25% tot 10% en toe weer tot pari en selfs toe sê Craig in April 1797 dat daar geen papiergeld verkry kon word nie.⁸⁶⁰ Craig gee toe 250,000 rds uit. Die pryse van die meeste lokale produkte het verdubbel terwyl die pryse van ingevoerde artikels nie so baie gestyg het nie.

Een van McCartney se instruksies was om akkurate inligting omtrent die papiergeld aan die Kaap na London te stuur.⁸⁶¹ In sy eerste brief, 10 Julie 1797 het hy die gewenste inligting verskaf en daarvan melding gemaak dat die 1,541,276 rds papiergeld nie ongerief veroorsaak nie want "there is scarcely any other vehicle of value for carrying on the common intercourse of commerce among the inhabitants."⁸⁶² Die klinkende munt wat die Engelse saamgebring het het verdwyn en hy vra om 'n gereelde besending spesie want die soldate was altyd met harde munt betaal.⁸⁶³ McCartney skryf dat hy baie moeite gedoen het om die werklike waarde daarvan vas te stel dog hy kom tot die gevolgtrekking: "The lands, if sold, ... would not fetch a fourth part of the paper money supposed to

858. Rec.Vol.1, p.129.

859. Rec.Vol.1, p.405,406.

860. B.O.5, p.749-763; Rec.Vol.11, p.39,71,191.

861. Rec.Vol.11, p.3,9.

862. Rec.Vol.11, p.116,189-194.

863. Rec.Vol.11, p.151, 10 Julie 1797.

864. Rec.Vol.1, p.277; B.O.5, p.134 6 April 1797.

865. Rec.Vol.11, p.151,225.

be charged on them. It follows, therefore, that the security, as it is called, of the lands and houses for the paper money, is a mere illusion, as not being convertible into immediate value I have great doubt, however, wheather any operation short of a total annihilation of the whole paper currency, would produce a radical benefit" ^{866.}

Sy idee was dat al die papiergeld voor 'n sekere datum ingetrek en deur nuwes vervang moet word en dat al die ou papiergeld wat dan nog in omloop is van nul en gener waarde verklaar moet word; deur hierdie maatreëls kon die eksakte bedrag papiergeld in omloop verkry word want daar was baie vervalsdegeld wat die papiergeld vermeerder het. ^{867.}

Maar voordat Ma Cartney kon handel het die Napoleontiese oorloë die stabiliteit van die Bank van Engeland bedreig en het tot gevolg gehad dat papiernote nie meer inwisselbaar was nie.

Hierdie toestand het geduur vanaf 1797 tot 1821 en in sulke omstandighede sou ons nie verwag dat 'n strenger beleid aan die Kaap gevolg moet word nie.

Reeds by die begin van die Britse besetting het hulle klinkende munt ingevoer ^{868.} om vir die garnisoen en militêre voorrade te betaal; maar omdat ^{869.} daar 'n groot aanvraag vir klinkende munt was het die Wet van Gresham homself laat geld en die goeie munt in omloop het verdwyn. Die enigste uitweg om die troepe te betaal was om van die papiernote gebruik te maak. Die militêre betaalmeester het dit geruil vir wissels getrek op Londen. Oorspronklik was hierdie wissels aan lokale invoerders verkoop wat hul betaling oorsee moet doen teen 'n premie van 25%. Omdat die Londense geldmark met hierdie wissels oorlaai was, het die riksdaler baie gou in waarde gestyg en eindelik in 1798 het 'n premie van 25% in terme van sterling gestyg. Maar terwyl die riksdaler in terme van sterling gestyg het, het sy waarde in terme van die lokale koopkrag gedaal. Hierdie

866. Rec.Vol.11, p.190-195.

867. Rec.Vol.11, p.193.

868. Rec.Vol.11, p.158, 205, 259, 288; B.O.5, p.134, 6 April 1797.

869. Rec.Vol.11, p.194, 203, 212, 288.

870. Rec.Vol.11, p.132, 157.

interne inflasie was die gevolg van 'n groot volume geld in sirkulasie en die vermeerderde aanvraag van produkte wat gestyg het weens die groot troepe - en vlootmagte aan die Kaap. As ons egter die pryse van 1797 met die van 1798 vergelyk sal ons merk dat al die pryse van goedere gestyg het terwyl die meeste pryse verdubbel het. Hierdie inflasie het weer tot gevolg gehad dat die riksdaler in terme van sterling gedepre- sieer het en eindelijk tot 30% benede pari in 1802 gedaal het.

Reeds onder die bewind van Craig is vertoë tot hom gerig om geld van minders as 1 skelling of 6d. in te voer maar dit was eers op die 14de Januarie 1800 dat Yonge 'n proklamasie te dien effekte afgekondig het.^{871.} 'n Koper muntstuk van een Engelse ons sal aan die garnisoen uitgereik word teen 'n koers van 2d. of 2 stuivers; "And that no one may plead ignorance of the rate or legality of this or any other of the coins circulating in the Colony, of which it does not appear that any regular proclamation has ever collectively been issued, I have judged it most expedient herewith to publish the following table of all specie legally circulating in this colony, with the rates affixed to each at which they shall be considered and be a legal tender in all payments or transactions in this Colony."^{872.}

	<u>Hollsch of Stuiwer of £</u>		<u>s.</u>	<u>d.</u>
Ghienie	44	264	1.	2. 0.
Johanna of Spaanse dollers.	80	480	2.	0. 0.
Ducat.	19	114	9.	6.
Venisiëse sequin.	19	114	9.	6.
Goue Mohur of 15 sicca rupées			1.	17. 6.
Pagoda.	16	96	8.	-
Spaanse doller.	10.	60.	5	-
Rupée.	5.	30	2.	6.
Hollandse gulden	4	24	2.	-

871. Rec.Vol.1, p.278, 27 Des.1795; B.O.5, p.205, 25 Julie 1797.

872. Ma Cartney: M.S.S. No.19; Rec.Vol.111, p.31-32; (Die juiste bedrag koper munt was 25,000 rds B.R.100, p.42.)

873. Rec.Vol.111, p.31-32. Sien ook Bylae No.G.

Engelse sjielings

2

12

164.

1. -

Koper muntstuk.

2d.

"It does not appear necessary to mention the paper money, as each piece has its own denomination marked upon it." ^{874.} Tot dusver het sekere firmas en partikuliere private karten of note uitgegee maar voortaan sal dit ^{875.} verbied word.

Hierdie kopermuntstuk is hoofsaaklik ingevoer om klein rekenings te vereffen en dit is verbied om hierdie muntstukke bymekaar te maak om groot rekeninge te betaal en nog minder sal dit as betaalmiddel vir bedrae bo 26 of 30 rds wees.

Aangesien die klinkende munt dikwels op 'n onwettige manier uitgevoer is, is baie swaar strawwe vir die oortreder neergelê. ^{876.} Die in- of uitvoer van die koper muntstuk vir 'n bedrag meer as £10 of 30 rds is ^{877.} verbied. "An issue of paper money is much wanted, as a medium of commerce which its increase calls very much for" en Yonge het die oprigting van 'n Koloniale Bank as die beste stap beskou maar daarvan het niks gekom nie. ^{878.} 'n Soortgelyke proklamasie is op die late Oktober 1795 uitgevaardig om die koloniste gerus te stel want daar was geen klinkende munt in omloop nie. ^{879.}

In November 1801 vra die Burgersenaat Dundas om meer papiergeld uit te gee want "the scarcity of paper money has reached its ultimate point" ^{880.} en in 1802 is 165,000 rds tot die kapitaal van die leningsbank gevoeg. ^{881.} 'n Verdere bedrag van 80,000 rds is vir die aankoop van rys beskikbaar gestel. ^{882.}

Van die 165,000 wat tot die kapitaal van die bank gevoeg is is 100,000 rds vernietig soos die koring wat daarmee aangekoop was verkoop is. ^{883.} Die Engelse regering het dus die papiergeld met 495,000 rds vermeerder en toe die Dutaafse autoriteite in 1803 hier aankom was die totaal papiergeld

874. Rec.Vol.111, p.32.

875. Rec.Vol.111, p.32.

876. Rec.Vol.111, p.335.

877. Rec.Vol.111, p.261,392,393.

878. Rec.Vol.111, p.395.

879. E.H.D. Arndt: Banking & Currency Development p.17.

880. B.O.5, p.753-754, 24 Nov.1801.

881. Rec.Vol.IV, p.142,218.

882. Rec.Vol.IV, p.135,139,141.

883. E.H.D.Arndt: Banking & Currency Development, p.18.

1,786,276 rds 42 stuivers. Daar het reeds depressie van die riksdaler onder die bestuur van die Kompanjie plaasgevind. Die vraag is of daar verdere depressie onder die Engelse bewind plaasgevind het. Dr. Gie beweer dat die feit dat McCartney die ruilprys op 6 riksdalers vir een Engelse pond vasgestel ^{het} afdoende bewys is dat die riksdaler wel gedepreseeer het.

(3) Bataafse regering.

Toe die Bataafse regering die Kaap oorneem is as volg van hierdie ^{884.} bedrae rekenskap gegee:

- (1) 250,000 rds: voorrade, ammunisie ens., is aan die Bataafse regering verkoop.
- (2) 165,000 rds van die Leningsbank het in sirkulasie gebly met die eiendomme van die leners as sekuriteit.
- (3) 80,000 rds was gelikwideer deur die verkoop van rys.

Onmiddellik nadat die Kaap in 1803 weer aan die Hollanders oorgegee ^{885.} is, het De Mist aandag aan die geldwese geskenk; maar het dit gerade geag om voorlopig geen besluit ten opsigte daarvan te neem alvorens hy nie eers 'n rukkie in die kolonie vertoef het om 'n deeglike studie van so 'n ^{886.} belangrike onderwerp te maak nie.

Aangesien daar reeds 'n mate van wryhandel toegestaan is sal die handelsbalans ongunstig vir die kolonie wees, en niesteenstaande hoegroot hoeveelhede klinkende munt ook al in sirkulasie gebring word sal dit nie lank in die kolonie bly nie. Gevolglik is die aanhouding van papiergeld ^{887.} provisioneel "van een volstrekt en ontegenspreklyke noodzaaklykheid." Die Spaanse matte het die kolonie vinniger verlaat as wat dit ingekom het. De Mist het f100,000 klinkende munt vir die Kaap gebring maar hiervan is f95,024 na Batavië gestuur omdat hy oortuig was dat die geld ^{888.} nie met voordeel aan die Kaap in sirkulasie gebring kon word nie.

884.

Rec. Vol.VII, p.177-179.

885. Kaapsche Courant 28 Jan. 1804 No.4.

886. B.R.5, p.93, 4 Jan. 1803.

887. Kaapsche Courant 28 Jan 1804 No.4; B.R.5, p.93, 4 Jan. 1803. B.R.132, p.3-5, 24 Aug. 1803.

888. Rec.Vol.V, p.109-110: J.P.v.d.Merve: Die Kaap onder die Bataafse rep. p.342. B.R.107, p.1,2, 7 Julie 1802, (die gold is eers in Julie aan hom oorhandig.)

Daar het so baie veranderinge in die druk en sirkulasie van papiergeld plaasgevind dat dit onmoontlik is om te bereken wat die juiste bedrag papiergeld in omloop is. Daar was 'n hoop verslete papiergeld voorhande en die regering het besluit om nuwe papier - en kartongeld uit te gee "gelyk aan de thans in omloop zynde vervaardigd, tegens de oude cartonne munt ingewisseld en in 't openbaar worden verbrand." 'n^{889.} Spesiale Kommissie van Konversie is benoem om alle aspekte van die munt spesie aan die Kaap te ondersoek.^{890.} Alle moontlike voorsorg teen vervalsing is ook getref.

Janssens was die mening toegedaan dat die koloniste moet weet hoeveel papiergeld in omloop is en wat die oorsaak is dat dit vermeerder is. Hy het toe 'n proklamasie op die 5 Oktober 1804 laat publiseer wct^{891.} die volgende inhoud (1) 75,000 rds om die ongelukkiges op Stellenbosc h^{892.} te help aangesien die plek deur 'n verwoestende brand beskadig is; die geld is bestee vir huise en die nodige gereedskap (2) 50,000 rds vir die drosdye by Tulbagh en Uitenhage om behoorlike geboue op te rig. (3) 25,000 rds vir 'n Komitee om Landbou en Veeteelt te bevorder (4) op die 8de Augustus is 150,000 rds bestem vir die graanmagasyn, geregshof en^{893.} gevangnisse, d.w.s. altesaam is 300,000 rds deur die Bataafse autoriteite in sirkulasie gebring.

Die deel waarvoor die geld aangewend is sal ook as sekuriteit dien tesame met die grond waarop die graanmagasyn en wynpakhuse van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie gestaan het. As man die geboue verkoop word sal die koopsom onmiddellik vernietig word; jaarliks sal vasgestelde bedrae van hierdie uitgifte vernietig word. Die totale bedrag papiergeld het dus nou op 2,086,276 rds 42 st. te staan gekom. Maar hoewel die doel van elke somgeld gespesifiseer was, het die applikasie daarvan baie verskil. Die geld wat vir die publieke geboue

889. Kaapsche Courant, 28 Jan. 1804, No. 4; 16 Feb. 1804; 30 April 1804 ens., B.R. 3, p. 1559; B.R. 6, p. 942, 949, 1098, 1263, 1426; B.R. 8 p. 2450, 2697.

890. B.R. 132, p. 6, 24 Aug. 1803.

891. Rec. Vol. V., p. 418-420. 5 Okt. 1804; Kaapsche Courant 6 Okt. 1804.

892. B.R. 9, p. 3129, 323, 7, 4164.

893. Sien ook B.R. 5, p. 410, Jan 1804; B.R. 14, p. 3900, 24 Des. 1805.

bedoel is is in die militêre kas gestort en dus is die sekuriteit
894.
daarvoor nooit gevind nie.

As gevolg van hierdie vermeerdering van geld het die pryse gestyg.
Die Bataafse regering het 25,000 rds koper munt van die Engelse oorge-
895.
neem en daarna was nog onwettig ingevoer en gevolglik is alle invoer
896.
van kopergeld ten strengste verbied. De Mist was oortuig van die
noodsaaklikheid van 'n hoeveelheid muntstukke van geringe waarde veral
ter betaling van lewensmiddele deur die troepe en die Asiatiese Raad
897.
versoek en so gou moontlik klein kopermunt te slaan, maar hy het later
van die plan afgesien aangesien dit te duur sal uitkom.

Weens die langsame verkeer en die min handel aan die Kaap was die
sirkulasie van die geldmiddele ook langzaam en het die kolonie dus in
eweredigheid veel meer geldeenhede nodig gehad as wat die geval in
goedgeorganiseerde maatskappye met 'n snel verkeer en 'n druk handel
898.
sou gewees het. Vir die weinige binnelandse transaksies wat daar
plaasgevind het en waarvan veel nog deur direkte ruilhandel geskied het
was die hoeveelheid piërgeld dan ook seker buitengewoon groot.

Die verhouding tussen die Spaanse matte en die Kaapse riksdaler was
899.
aan hewige skommelinge onderhewig. Dit het grotendeels afgehang van
die aankomende skepe, die kwantiteit verversings wat hulle ingekoop het
en of die goedere wat hulle ingevoer het in Spaanse matte of in Natura
900.
gereken is. Teen die einde van 1803 was Spaanse matte tussen 108 en
120 stuivers piërgeld en op 31 Mei 1805 was dit reeds 180 stuivers.
Hierdie depresiasie van die Spaanse matte was nadelig vir die partiku-
liere en regering aangesien sekere behoeftes alleen deur vreemde neutrals
901.
skepe kon bevredig en in Spaanse matte betaal moes word.

As gevolg van die nuwe uitgifte van piërgeld het die riksdaler
tot 3/4 gedepresieer.

894. Rec.Vol.V, p.124.

895. B.R.136, 7 Maart 1803; B.R.100, p.42, 18 Maart 1803.

896. B.R.1, p.78, Maart 1803; B.R.118, p.9, 2 Maart 1803.

897. B.R.100, p.40-49, 18 maart 1803; B.R.110, p.3 3 Junie 1803.
B.R.8, p.2585, 22 Aug.1804.

898. J.P.v.d.Merve: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.346.

899. Kaapshe Courant 1 Junie 1805, No.22.

900. J.P.v.d.Merve: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p.352.

901. Kaapshe Courant, 1 Junie 1805, No.22.

B. Die Lenings - of Lombardbank.

Aangesien die handelsbanke so 'n onontbeerlike rol in die sakewêreld speel is dit nodig om kortliks die beleid van die leningsbank na te gaan.

Tussen Maart en Oktober 1790 is 843,120 rds papiergeld uitgegee. Die munt het die land uitgestroom en die finansiële posisie van die kolonie was bedenklik. Die gevolg was dat die koloniste nie hul skulde kon betaal nie: "less than one-tenth of the nominal value of fixed property in their possession and the judgements of court in some cases could not be satisfied, as purchasers were not to be found for land at any price."^{902.} Tot dusver was die boer vir leningstransaksies alleenlik van die private geldskieters en die weeskamer afhanklik.

Om hierdie naglike posisie te red is die leningsbank in Maart 1793 gestig: "The bank was to assist those who possessed valuable real property but who were unable to meet their engagements owing to the prevailing lack of currency; it was to bring more currency into circulation and enable the resumption of trade amongst the colonists."^{903.} Die administrasie van die bank het berus by 'n president en twee lede wat die geld moes distribueer op genoegsame sekuriteite. Lenings kon onder die volgende voorwaardes verkry word.^{904.} (1) Die bank het geld geleen op huise, grond en ander genoegsame verbande, ook op grond, silwer, juwele, handelware, linne, meubels van waarde maar wat nie omvangryk is nie. "These and also other similar articles which would bear keeping for a year and six months, could be accepted for that period but not for longer and advances on these subjects to spoil, could be made for nine, six or a lesser number of months. (2) op verbande in Kaapstad kon nie meer as die helfte en binne "het vlek" nie meer as 2/3 van hul geskatte waarde geleen word nie. (3) Die Kommissarisse kon

902. E.H.D. Arndt: Banking & Currency Development in S.A. p.165.

903. " " " " " " " " p.165, B.O.5,

904. " " " " " " " " "p.165-169. p.752.

addisionele sekuriteite vra en as die sekuriteit nie aanneemlik is nie kon die lening geweier word sonder om enige redes daarvoor te verstrek (4) Appli kante moet eiendomsbewys toon (5) Lenings op vaste eiendom kon tot vir 2 jaar gegee word.

Die kommissarisse het van tyd tot tyd amendemente aangebring en een daarvan was dat vir alle lenings van 150 rds of meer nie meer as 5% rente per jaar gevra mag word nie. Geld kon nou gekry word en ander kapitaliste moes ook hul rente van 6% tot 5% verlaag.

906.

Die bedrag wat vir hierdie doel geskep was was 680,000 rds. Vir die jaar 1793/4 het die bank 27,829,3 rds as rente ontvang wat natuurlik 'n aanduiding is van die lenings wat die bank toegestaan het. Die Lombard bank was dus uitsluitlik 'n leningsbank; die bank het sy kapitaal vermeerder deur die uitgif van onomwisselbare papiergeld. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat die graan - en wynboere meer van die krediet van die bank sou afhang as die selfstandige veeboere. Vir die veeboer was sy vee alles en het hy nie veel waarde aan geld geheg nie. Landboukrediet speel vandag 'n baie belangrike rol in die ekonomiese lewe. Die landman moet met kapitaal gehelp word - het hulle dit nie dan kan die produktiwiteit nie verhoog word nie en gevolglik sal die handel daaronder ly.

Die kapitaal van die bank was 659,755.2 rds in 1795 want Skuysken 907. het 20,244.26 rds uitgetrek, maar in Aug. 1796 het Craig weer 14,500 rds hiervan uitgetrek wat die kapitaal van die bank tot 645,255.2 rds verminder het.

908.

Ma Cantney het uitdruklike instruksies ontvang om die papiergeld in omloop te ondersoek en dan rapport te lewer; hy was die mening toegedaan dat die leningsbank afgeskaf moet word: "I am perfectly clear - that it would be a right measure to get rid of the Bank entirely, which

905. B.O.65, p.103; E.H.D.Arndt: Banking & Currency Develop. in S.A.p.169

906. Rec.Vol.VII, p.179-181.

907. E.H.D.Arndt: Banking & Currency Development, p.169.

908. Rec.Vol.II 141, 189, 191-192.

might be done by gradually transferring the mortgages to individuals and to the monied bodies at the Cape, such as the Orphan Chamber who might be empowered and directed to ~~pay~~ out the balances occupying from time to time under their management, in the purchase of Bank mortgages and securities till the whole bank capital should be reimbursed and paid off." 909.

Sir George Yonge was ook ten gunste van die afskeffing van die bank: "An issue of paper money is much wanted, as a medium of commerce 910. which its increase calls very much for" en hy het die oprigting van 'n Koloniale Bank as die beste stap beskou. 911. "The Bank thus established would issue paper currency like the Bank of England, payable to bearer and answerable in specie on demand all persons pouring specie into the Bank at a denomination to be fixed would receive interest after a given time, at a certain rate, or at their option they would become proprietors of stock. It would also discount merchants' Bills and other Bills of good credit." 912.

Aangesien die papiergeld in sirkulasie nie in verhouding met die handelsbedrywighede van die Britse bewind was nie is die kapitaal van die bank met 165,000 rds vermeerder d.w.s. die kapitaal van die bank was nou 845,000 rds. Nadat die advertensie verskyn het is aansoeke vir 600,000 rds ontgang; dit gee ons 'n aanduiding van die rol wat die bank in die handelslewe van die Kaap gespeel het. 913.

Vir die jaar eindigende 31 Aug. 1797 was die stand van die transaksies as volg: 914.

- (1) 645,255 - 12 rds op rekening van die regering om diens te doen as lenings aan die publiek.
- (2) 635,233 - 16 rds is aan die koloniste op vaste eiendom geleen teen 5% rente.

909. Rec.Vol.II, p.191-192, 20 Okt. 1797.

910. Rec.Vol.III, p.323.

911. Rec.Vol.III, p.395.

912. E.H.D.Arndt: Banking & Currency development in S.A.p.170.

913. Rec.Vol.VII, p.179-181; B.O.62, p.515, 1 Jan. 1802; Rec.IV p.141.

914. Rec.Vol.IV, p.141-142.

915. B.O.33, p.189-213.

(3) Op losgoed is 5,545 rds geleen ook teen 5% rente.

(4) Lenings aan individue nie meer as 100 rds nie met losgoed as sekuriteit teen 'n rente van 9% per jaar, het 93 rds bedra.

(5) Agterstallige rente het 166 - 22 rds bedra.

Die Bataafse regering het hierdie beleid voortgesit om geld deur middel van die leningsbank aan die koloniste beskikbaar te stel. ^{916.}

Die Bataafse outoriteite het die ou papiergeld laat inwissel en 1,706,000 nuwe papiergeld in plek daarvan laat druk. Onder hierdie bedrag is ook begrepe 810,255 rds wat die Lombardbank aan die koloniste kon uit leen; die 34,744 rds wat deur Skuysken en Craig uitgetrek is, is verbrand.

In Mei 1804 het De Mist sy provisionele regulasies bekend gemaak wat nie veel van die Engelse beleid verskil het nie. ^{917.} Die Bataafse outoriteite het egter gehuiwer om meer geld uit te gee. "Het is een teder punt:- een verkeerde maatregel van het gouvernement, konde den val van veelen verhaasten." ^{918.} Die mening was dat daar genoeg papiergeld in omloop was. ^{919.} As meer papiergeld uitgegee word sal dit die waarde daarvan verminder. ^{920.} "Het is myn uit de staat der beleeningen voorgekomen, dat het zeer gemakkelyk zyn sal eens aanzienlyk capitaal door aflossingen te doen inkomen; het geen dan meer met die belangen vande maatschappy overeen komende en dus met onze inrichten kon worden aangewend, zonder dat men tot het noodlottig aannemen van meerder papiergeld behoeft over te gaan." ^{921.} Aldus Janssens.

Op die 11de Sept. 1805 op hervorming besluit. ^{922.} Dit is bevind dat die vermeerdering van die papiergeld 'n nadelige invloed op die belange vande volsplanting het; dat die bank nie aan sy doel beantwoord nie; en dat die vermeerdering van die bank se kapitaal nie groter nut kon

916. B.R.11, p.1274-1276; B.R.13, p.2746 17 April 1805.
 917. Rec.Vol.V, p.198-205. B.R.13, p.2500-2501.
 918. B.R.11, p.1275, 17 April 1805 Janssens.
 919. B.R.13, p.2447.
 920. B.R.13, p.2501.
 921. B.R.13, p.2501, 14 Aug.1805.
 922. B.R.13, p.2907-2908, 11 Sept.1805.

